# DIE TWEEDE BRITSE VEROWERING
# VAN DIE KAAP, 1806

deur

LOURENS JACOBUS ERASMUS, HONNS.-B.A., B.Ed.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

M.A. (GESKIEDENIS)

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

SALDANHA.

29 DESEMBER 1972.

LEIER : Prof. Dr. J.S. DU PLESSIS.

## VOORWOORD

Die politieke, ekonomiese en grondwetlike fasette van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis is reeds redelik deeglik nagevors en beskryf, met uitsondering van die militêr-historiese veld, wat nog grootliks braaklê. Die Tweede Britse Verowering van die Kaap is eweneens nog nie beskryf nie, in hoofsaak weens die feit dat min historici militêr georiënteerd is en weinig belangstelling vir dié aspekte van ons geskiedenis toon.

By die behandeling van die onderwerp : Die Tweede Britse Verowering van die Kaap in 1806, word daar gepoog om die aandag te vestig op die militêr-historiese aspekte van hierdie gebeure.

Europese gebeure het vanaf die aanvang van die Kaapse Nedersetting sy onmiskenbare stempel op die toestande aan die Kaap afgedruk, derhalwe was 'n agtergrondskets van die gelykluidende Europese gebeure noodsaaklik.

Vir informasie vir hierdie verhandeling is hoofsaaklik dokumente uit die Staatsargief te Kaapstad gebruik, maar ook van gepubliseerde dokumente soos die Kaapse Plakkaatboek van S.D. Naudé. Baie nuttige stof is ook verkry uit kontemporêre geskiedeniswerke.

Langs hierdie weg wil ek ook graag die volgende persone en instansies van harte bedank vir hulp van allerlei aard. Eerstens aan my studieleier, prof. dr. J.S. du Plessis, vir hulp en leiding gedurende my voorgraadse- en

honneurstudies en nou ook by die opstel van hierdie verhandeling. Tweedens aan die personeel van die Staatsargief in Kaapstad, die Universiteitsbiblioteek van Stellenbosch, die Parlementêre biblioteek in Kaapstad en die biblioteek van die Militêre Akademie op Saldanha. Derdens aan mnr. E.M. Muller en mev. J.E. Erasmus vir taalkundige hulp. Laastens, maar beslis nie die minste nie, aan die Weermagsowerhede vir fasiliteite wat tot my beskikking gestel is.

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I : DIE STRYD TUSSEN BRITTANJE EN FRANKRYK WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE BRITSE HEROWERING VAN DIE KAAP

1. Inleiding 1

2. Die Rewolusionêre Oorloë tot by die Vrede van Amiëns 2

3. Die Kaap en die Vrede van Amiëns 8

a. Napoleon se planne na Amiëns 8

i. Die inval in Brittanje 9

ii. Bedreiging van Indië 13

b. Brittanje se ekonomiese en strategiese posisie 14

c. Die plek van die Kaap 17

i. Die waarde van die Kaap voor Amiëns 17

ii. Die teruggawe van die Kaap na Amiëns 24

iii. Die waarde van die Kaap na Amiëns 26

iv. Agteruitgang van Nederland 30

4. Redes vir die Britse besluit om die Kaap te herower 32

HOOFSTUK II : DIE KAAPSE VOORBEREIDINGS

1. Die toestande aan die Kaap 39

a. Janssens self 39

b. Militêre toestande aan die Kaap 41

i. Sterktes van die Kaapse leër 41

ii. Die Burgermilisie 47

iii. Die Hottentotkorps 52

iv. Die res van die Kaapse leër 57

(1) Algemeen 57

(2) Huurtroepe (Waldeckers) 58

(3) Maleiers, Slawe, Kleurlinge, Oudgediendes 60

(4) Franse Matrose (Skipbreukelinge) 61

(5) Die Kaapse seemag 62

c. Verdere probleme van Janssens 62

i. Algemeen 62

ii. Die oeste en die opberging van graan 64

3. Janssens se voorbereidings 66

a. Algemeen 66

b. Die oorlog in Europa hervat 67

c. Die seindiens en binnelandse stasies 69

d. Die wapark en vervoer 71

e. Die militêre kommissie, konferensie en regbank 73

f. Die twee bergpasse en die binneland 75

g. Britse onderdane en vreemdelinge 76

h. Magasyne op Swellendam 79

i. Geldsake aan die Kaap 80

j. Die hys van vlae 81

k. Skuite 82

l. Sensus en Kaapse getalle 82

m. Saldanhabaai 84

4. Die Kaapse fortifikasies 86

a. Algemeen 86

b. Onverdedigbaarheid van die Kaapse kus 87

c. Die Kasteel 88

d. Ander fortifikasies 88

5. Die koms van die Britte 93

a. Eerste nuus oor die Britte 93

b. Die nuus na die binneland versprei 95

c. Die Kaapse leër maak gereed 95

HOOFSTUK III : DIE BRITSE VOORBEREIDINGS


1. Inligting oor die Kaap 97

2. Die Britse taakmag 99

a. Sir David Baird 99

b. Sir Home Popham 100

c. Die grootte van die taakmag 100

3. Die Britte se reis na die Kaap 102

4. Die aankoms van die Britse taakmag 107

5. Die Britse landing 108

a. Losperdsbaai 108

b. Die mag na Saldanhabaai 116


HOOFSTUK IV : DIE SLAG VAN BLOUBERG


1. Voor die geveg 120

a. Janssens beweeg na Rietvlei 120

b. Opstelling van die Kaapse troepe op die slagveld 127

c. Die Britse leër beweeg nader 128

2. Die geveg by Blouberg 131

a. Die begin van die geveg 131

b. Die geveg word algemeen 133

c. Die Waldeckers vlug 134

3. Na die geveg 139

a. Janssens se optrede 139

b. Janssens verskuif sy leër 141

c. Laaste boodskappe aan die Politieke Raad 142

d. Die toestand in Kaapstad 142

4. Die Britte na die geveg 143

5. Verliese 144

a. Die Kapenaars 144

b. Die Britte 147

6. Janssens trek na Hottentots-Holland 147

7. Kritiek en waardering van die geveg 149

a. Janssens en die Kaapse leër 149

b. Baird en die Britte 155

c. Samevattend 156

HOOFSTUK V : DIE VREDESONDERHANDELINGS

1. Die oorgawe van Kaapstad 157

a. Die redes vir oorgawe 157

b. Kaapstad nader die Britte 159

c. Die ooreenkoms by Papendorp (Woodstock) 160

d. Inhoud van die Papendorp-ooreenkoms 161

e. Die Britte neem Kaapstad oor 163

2. Janssens se kapitulasie 163

a. Voortgesette weerstand 163

b. Baird en Janssens se proklamasies 165

c. Janssens raadpleeg sy offisiere 169

d. Die onderhandelings 173

e. Die vredesvoorwaardes en oorgawe 177

f. Janssens se probleme en laaste optrede 179

g. Janssens se vertrek 181

HOOFSTUK VI : SLOT 184

GERAADPLEEGDE BRONNE 189

# BYLAES

BYLAE A : Janssens se begeleidende brief by sy rapport.

BYLAE B : Artikels van oorgawe van Kaapstad.

BYLAE C : Baird se brief aan Janssens dd. 11.1.1806.

BYLAE D : Artikels van oorgawe op 18.1.1806.

BYLAE E : Lys van troepe op 8.1.1806.

BYLAE F : Lys van gewondes.

BYLAE G : Lys van troepe later teenwoordig.

BYLAE H : Lys van gewonde offisiere.

BYLAE I : Grafiese voorstelling van die slag.

BYLAE J : Kaart : Landing, die Slag en daarna.

BYLAE K : Kaart : Janssens se moontlike roetes vir die aanval op die Britte.

BYLAE L : Kaart : Bewegings van die Britte gedurende die slag.

BYLAE M : Kaart : Die Kaapse omgewing met die twee bergpasse.

BYLAE N : Kaart : Die Slag van Blouberg soos geteken deur Popham.

# HOOFSTUK 1

# DIE STRYD TUSSEN BRITTANJE EN FRANKRYK WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE BRITSE HEROWERING VAN DIE KAAP

## 1. Inleiding

Die Tweede Britse Verowering van die Kaap dien as 'n bewys vir die stelling dat die lotgevalle van die Kaap, soos dié van Suid-Afrika later, grotendeels bepaal is deur gebeure duisende myle daarvandaan in Europa.

In die tydperk van die geskiedenis waaroor hierdie verhandeling gaan, is die Kaap ingetrek in die maalstroom van Europese verhoudinge en het dit 'n pion geword op die skaakbord van Europese diplomasie, waarin Brittanje, Nederland en Frankryk belangrike rolle vervul het. Europa, saam met Brittanje, was gewikkel in 'n stryd teen die staatkundige ideale van die Franse keiser Napoleon I. In hierdie stryd was die ongelukkige Nederland, wat min tekens van sy vorige glorie oorgehou het, 'n onwillige en magtelose toeskouer.

Frankryk was baas op land. Brittanje was baas op see.

Die Engelse kanaal het aan Brittanje so 'n doeltreffende beskerming verleen, dat Napoleon slegs indirek teen hom oorlog kon voer. Die slagaar van die Britse ekonomiese lewe was die handel met die Ooste en alleen deur hierdie handel te beëindig, kon Napoleon 'n wurggreep teen die ei-

land-koninkryk Brittanje, toepas.

Nederland, aan wie die Kaap behoort het, was onder die nuwe naam van die Bataafse Republiek aan Frankryk onderwerp. Die Kaap was 'n gerieflike halfwegstasie op die lang seeroete na die Ooste en het vir die land wat dit besit groot strategiese waarde gehad. Om hierdie rede het Brittanje reeds in 1795 die Kaap verower, onder die voorwendsel om dit teen die Franse te beskerm, maar in die proses het hulle die potensiële waarde van die Kaap beter besef en dit slegs om diplomatieke redes op 21 Februarie 1803, elf maande na die Vrede van Amiëns, weer aan die Bataafse Republiek teruggegee.

Om die omstandighede waaronder die Kaap in 1806 vir die tweede maal deur Brittanje verower is te verduidelik, is dit nodig om eers die stryd tussen Frankryk en Brittanje voor die Vrede van Amiëns kortliks na te gaan.

## 2. Die Rewolusionêre Oorloë tot by die Vrede van Amiëns

Europa was erg verontrus oor die vordering wat die Franse Rewolusie gemaak het. Daarom het Oostenryk, Sardinië, Pruise, Nederland en Spanje die Eerste Koalisie teen Frankryk gevorm, waarby Brittanje in 1793 ook aangesluit het. Spanje en Nederland is spoedig deur die Franse volksleërs verslaan terwyl Pruise hom aan die stryd onttrek het.

Onder invloed van die Franse het Nederland die Bataafse Republiek geword en die Nederlandse volk het hulle teen die stadhouer, Willem V, gekeer. Hy het na Brittanje gevlug en die Britte versoek om die Kaap vir Nederland teen die Franse te beskerm. Die Britte was self bevrees dat Frankryk die Kaap kon inpalm om vandaar die Britse handel met die Ooste dood te wurg en het gretiglik van Willem V se versoek gebruik ~~gebruik~~ gemaak.[1)]

Die Kaapse amptenare was ondersteuners van die Huis van Oranje, maar aangesien hulle betyds ingelig was dat Nederland nou 'n bondgenoot van Frankryk was, moes hulle nogtans die Kaap teen die Britte verdedig. Die verdediging was daarom maar halfhartig en op 16 September 1795 is die Kaap aan die Britte oorgedra.[2)]

In 1795 het Napoleon Bonaparte na vore getree, wat met sy Eerste Italiaanse Veldtog die Sardiniërs en Oostenrykers verslaan en die Vrede van Campa Formio van 1797 op hulle afgedwing het, sodat van die Eerste Koalisie slegs Brittanje oorgebly het.

As gevolg van die Britse baasskap ter see, kon Frankryk die Britte nie direk aanval nie. Daarom is Napoleon gestuur om Egipte as afspringplek na Indië, die oorsprong van die Britse rykdom, te gaan verower. Deur Britse toedoen het Napoleon se Egiptiese ekspedisie misluk en is daar

---

1. Cambridge History of the British Empire, Deel VIII. Cambridge, 1936. pp. 172 - 173. Kyk ook pp. 30 - 31 hieronder.

2. Ibid.

ook 'n Tweede Koalisie gevorm, bestaande uit Brittanje, Oostenryk, Rusland en Turkye teen Frankryk. Rusland en Turkye het hulle spoedig weer aan die koalisie onttrek.

Na sy terugkeer uit Egipte het Napoleon deur 'n militêre staatsgreep die regering van Frankryk oorgeneem as Eerste Konsul. Daarna het Napoleon gedurende sy Tweede Italiaanse Veldtog die Oostenrykers weer eens verslaan en die Vrede van Lunéville in 1801 met hulle gesluit.[3)]

Na die Vrede van Lunéville het Napoleon 'n inval in Brittanje oorweeg, met die oog daarop 'n groot militêre kamp by Boulogne ingerig en begin om die Franse vloot by Brest uit te brei. Napoleon moes egter eers die koalisie teen hom verbreek en sodoende Brittanje van bondgenote beroof. Verder het hy probeer om met die hulp van tsaar Paul I van Rusland 'n anti-Britse federasie van kontinentale state in die lewe te roep.[4)] Die moord op Paul I op 23 Maart 1801 en die bombardering van Kopenhagen deur Brittanje op 28 Maart 1801, het hierdie planne van Napoleon omvergewerp en in Julie 1801 was hy gereed om met Brittanje oor vrede te onderhandel.[5)]

---

3. J. Holland Rose : The Life of Napoleon I, Dl. I, Londen, 1904. p. 354.

4. G. Lefebvre : Napoleon from 18 Brumaire to Tilsit, 1799 - 1807. Vertaal deur H.F. Stockhold, New York, 1969. p. 105. Kyk ook R.B. Mowat : The Diplomacy of Napoleon. Londen, 1926. p. 91.

5. Lefebvre, a.w., pp. 110 - 112. Kyk ook Mowat, a.w., p. 91.

Intussen was daar ook in Brittanje verwikkelinge aan die gang wat die sluiting van vrede sou vergemaklik. William Pitt, die Britse Eerste Minister, moes op 5 Februarie 1801, as gevolg van 'n mislukte poging om die sg. "Roman Catholic Relief Act" deurgevoer te kry, sy regering se bedanking indien. Henry Addington het 'n nuwe kabinet saamgestel en die nuwe Minister van Buitelandse Sake, lord Hawkesbury, het aan Otto, die Franse gesant in Londen, laat weet dat die Britse regering gewillig was om oor vrede te onderhandel.[6)]

Die voorlopige vrede is op 1 Oktober 1801 deur Otto en lord Hawkesbury in Londen onderteken en daar is ooreengekom dat die onderhandelings in Amiêns voortgesit sou word. Aangesien albei partye sekere voorbehoude gehad het, is alle kanse op 'n blywende vrede uit die bepalings van Amiêns verwyder en was die Vrede van Amiêns vooraf reeds gedoem om slegs 'n wapenstilstand te wees.[7)]

Die Vrede van Amiêns is uiteindelik op 25 Maart 1802 onderteken. Volgens een van die bepalings van die vrede, moes die Kaap aan die Bataafse Republiek teruggegee word.[8)]

Napoleon het met die Vrede van Amiêns 'n hoogtepunt in sy loopbaan bereik. Hy het daarin geslaag om die winste van die Franse Rewolusie te bestendig en 'n nuwe groter

---

6. Lefebvre, a.w., pp. 87 - 89. Kyk ook Mowat, a.w., pp. 110 - 111. Kyk ook pp. 25 - 26 hieronder.

7. Mowat, a.w., pp. 91 en 98.

8. Lefebvre, a.w., p. 115. Kyk ook Mowat, a.w., p. 101. Mowat beweer dat die vrede op 27 Maart 1801 onderteken is.

Frankryk te skep.[9] Tot met die Vrede van Amiëns was al die oorloë wat Napoleon gevoer het in 'n sekere sin verdedigend van aard, want hy was besig om die nuwe "natuurlike grense" van Frankryk teen aanslae van buite te verdedig.[10] Daarom was die Vrede van Amiëns 'n waterskeiding tussen die Rewolusionêre Oorloë wat daarmee beëindig is en die imperialistiese Napoleontiese Oorloë wat hy daarna gevoer het.[11]

Indien Napoleon na die Vrede van Amiëns opgehou het om die Britte te verontrus en die Franse hawens vir Britse handel oop gegooi het, kon die vrede meer blywend van aard gewees het en kon die vergrote Franse ryk moontlik voortbestaan het.[12]

Die Vrede van Amiëns het egter geen probleme opgelos nie en was daarom tydelik van aard. Brittanje was nie net bekommerd oor Malta en Trinidad of die beheer oor die mondings van die Schelde- en Rynrivier nie, maar ook oor die stabiliteit van die Europese statestelsel wat deur Frankryk oorweldig was. Brittanje het vryhandel met Europa begeer om 'n afsetgebied vir sy nywerheidsprodukte te kry. Totdat hierdie probleme opgelos kon word, moes die oorlog, by gebrek aan ander middele om die probleme op te los, voortgesit word.[13]

---

9. Lefebvre, a.w., p. 115.
10. Mowat, a.w., Inleiding, p.v.
11. Lefebvre, a.w., p. 115.
12. Ibid.
13. Mowat, a.w., p. 113.

Aangesien Napoleon die eiland Elba op 25 Augustus 1802 geannekseer het en ingemeng het in Switzerland, Piëmont en Napels, het Brittanje gevoel dat die skaal te veel in Frankryk se guns begin swaai het en het daarom probeer om met Rusland en Oostenryk 'n verdedigingstelsel vir Europa op te bou. Daarom het Brittanje ook met Rusland ooreengekom om die eiland Malta nie dadelik terug te gee nie, aangesien Frankryk nie die bepalings van Amiëns nagekom het nie.[14]

Malta en Nederland het uiteindelik die rede verstrek waarom die Europese oorlog weer hervat is.[15] Indië het steeds vir Napoleon 'n groot aantrekkingskrag gehad. Om te verhoed dat Napoleon die Britse handelsbelange in die Middellandse See bedreig, of die Britse besittings in Indië via die kort roete deur die Nabye Ooste bereik, het Brittanje daarop aangedring om die eiland Malta vir tien jaar te behou.[16] Nadat die onderhandelings tussen Napoleon en Brittanje oor Malta misluk het, het Brittanje die Britse gesant in Parys, lord Whitworth, op 12 Mei 1803 uit Frankryk teruggeroep. Die Britse regering het verkies om die diplomatieke breuk as 'n oorlogsverklaring te beskou en het sonder waarskuwing begin om Franse handelsvaartuie te buit. Napoleon het daarop geantwoord deur Britse fabrieksgoedere

---

14. Lefebvre, a.w., pp. 177 - 178. Kyk ook Mowat, a.w., p. 119.

15. Mowat, a.w., p. 127. Mowat beweer dat Napoleon se weiering om Nederland te ontruim die grootste rede vir die diplomatieke breuk was.

16. Holland Rose, a.w., pp. 420 - 425.

op die vasteland van Europa te konfiskeer en Britse onderdane gevange te neem.[17]

Indien die oorlog sou voortduur, sou dit net 'n kwessie van tyd wees voordat Brittanje sou besluit om die Kaap te herower, want Napoleon kon op pad na Indië ook gebruik maak van die makliker seeroete om die Kaap, wat aan sy bondgenoot, die Bataafse Republiek behoort het.[18]

## 3. Die Kaap en die Vrede van Amiêns

### a. Napoleon se planne na Amiêns

Na die hervatting van die oorlog het dit vir meer as twee jaar voortgesloer sonder dat enige kant veel sukses behaal het. Brittanje het die baasskap ter see besit en kon alle Franse hawens blokkeer en die Franse vlote in Franse hawens vaskeer. Napoleon se talle voorbereidings kon ook nie daarin slaag om die Britte te laat kapituleer nie.[19] Daarby was Oostenryk so verontrus oor Napoleon se inmenging in Italië dat hulle gereed was om 'n verdere koalisie met Brittanje teen Napoleon te sluit.[20]

Vir Napoleon was daar drie alternatiewe planne vir verdere optrede moontlik : Hy kon Oostenryk, Brittanje se bondgenoot, aanval, óf hy kon 'n aanval op Indië waag, óf

---

17. Lefebvre, a.w., pp. 178 - 179. Kyk ook Mowat, a.w., p. 125.

18. Holland Rose, a.w., pp. 374 - 376.

19. Lefebvre, a.w., pp. 186 - 187.

20. Ibid., p. 191. Kyk ook p. 10 hierbo.

hy kon Brittanje self inval.[21]

i. Die inval in Brittanje

Napoleon se eerste keuse was die inval in Brittanje. In 1803 is Brittanje se aandag in beslag geneem deur die opstand in Ierland en Napoleon het die toestand noukeurig dopgehou vir toekomstige gebruik as moontlike afleiding. Daarom het hy die "Leër van Engeland" by Boulogne gekonsentreer, want hy was deeglik daarvan bewus dat hy Brittanje sou kon verower indien hy oor die Engelse kanaal kon kom. Die leër by Boulogne kon buitendien ook gebruik word om enige bedreiging in Europa self die hoof te bied.[22]

Napoleon het beplan om Brittanje binne te val met 1700 platboomskuite wat hy vir dié doel laat bou en naby Boulogne laat konsentreer het.[23] So 'n inval kon slegs slaag indien die Franse vloot vir 'n paar dae die magsoorwig in die Engelse kanaal kon verkry, maar dan moes die Britse vloot deur afleidinge in afgeleë seë uit die Engelse kanaal gelok word, sodat die vasgekeerde Franse vlote kon ontsnap om in die Engelse kanaal te konsentreer.[24]

Om die Britse Vloot uit die Engelse kanaal te kry, kon Napoleon die aanval op Indië, waarvan hy gedroom het, as 'n

---

21. L.C.F. Turner : The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1938. p. 7.

22. Lefebvre, a.w., p. 188.

23. Ibid., pp. 189 - 190.

24. Turner, a.w., pp. 7 - 8.

afleiding gebruik, maar dit kon so beplan word dat dit, indien nodig, wel uitgevoer kon word.[25] Napoleon het deur middel van die pers valse gerugte rondgestrooi, en omdat hy geweet het dat hy van verraaiers omring was, het hy selfs aan die hoogste kringe om hom sy werklike bedoelings nie bekend gemaak nie.[26]

Deur middel van die valse gerugte en afleidingsbewegings het Napoleon die Britte se aandag verdeel tussen die Moederland en die kolonies. Hierdie twyfel het hy weer eens vir sy doel gebruik.[27]

In Mei 1804 het Napoleon besluit dat die Franse vlote by Ferrol en Rochefort moes uitvaar om die vloot van adm. Ganteaume by Brest te ontset, sodat die gesamentlike Franse vloot gebruik kon word om die Engelse kanaal vir die leër se oortog na Brittanje skoon te vee.[28] Aangesien Oostenryk gedreig het om Frankryk aan te val sou Napoleon eers sy invalsplanne moes laat vaar.[29] Verder kon slegs adm. Missiessy uit Rochefort op 11 Januarie 1805 eindelik daarin slaag om te ontsnap aan die Britse blokkade en na Wes-Indië te vaar,[30] maar die Franse admiraal, Villeneuve,

---

25. Ibid., p. 10. Kyk ook pp. 13 - 14 hieronder.
26. Ibid., p. 15. Kyk ook Lefebvre, a.w., p. 181. Kyk ook pp. 11 - 13 hieronder.
27. Vir verdere besonderhede kyk pp. 11 - 14 hieronder.
28. Lefebvre, a.w., pp. 190 - 191.
29. Kyk ook p. 8 hierbo vir meer besonderhede.
30. Lefebvre, a.w., p. 191.

moes in 'n storm na Toulon terugdraai.[31] Onder hierdie omstandighede het Napoleon weer aan die aanval op Indië begin dink.[32]

Nadat Spanje ook teen Brittanje oorlog verklaar het, het Napoleon ook die Spaanse vloot tot sy beskikking gehad en kon hy weer aandag aan die invalsplan in Brittanje gee.[33] 'n Franse ekspedisie na Wes-Indië sou weer aangepak word en sou nou 'n deel uitmaak van 'n groter strategie. Die Franse vlote moes in Antilles in Wes-Indië konsentreer en dan, nadat verwarring by die Britse vloot geskep is, moes hulle na Europa terugkeer om die Engelse kanaal vir Napoleon se oortog skoon te vee.[34]

Die Britse kabinet het vanaf 8 Februarie 1805 baie verwarrende berigte omtrent die Franse vlootbewegings ontvang,[35] sommige waarvan korrek was maar ander was valse gerugte wat doelbewus deur Napoleon versprei was.

Op 30 Maart 1805 het Villeneuve uit die hawe van Toulon geseil en daarna spoorloos verdwyn.[36] Die Britse admiraal lord Nelson, het bevele om in Ushant met ander Britse vlote te versamel verontagsaam, omdat hy gevrees

---

31. Kyk ook p. 14 hieronder.
32. Vir meer besonderhede kyk p. 14 hieronder.
33. Vir meer besonderhede kyk p. 16 hieronder.
34. Lefebvre, a.w., 191.
35. Kyk ook p. 12 hieronder.
36. Hy moes volgens Napoleon se opdrag na Wes-Indië vaar om die Britse vloot weg te lok uit die Engelse kanaal.

het dat Villeneuve op pad was na Egipte. Hy het weke in die Middellandse See verkwis op soek na Villeneuve. Toe hy later verneem het dat Villeneuve na Wes-Indië geseil het, is Nelson inderhaas agterna. Villeneuve, wat intussen by Antilles gewag het, het opdrag ontvang om 'n maand langer daar te wag en dan terug te keer, om met die Franse vlote by Ferrol en Rochefort te verenig en dan 'n gesamentlike poging aan te wend om die Franse vloot wat by Brest vasgekeer was te ontset, sodat die Engelse kanaal vir die inval in Brittanje van Britse skepe skoongemaak kon word.[37)]

Toe Villeneuve die nuus ontvang het dat Nelson op 4 Junie op Barbados in Wes-Indië aangekom het, het hy dadelik na Europese waters teruggekeer. Op 22 Julie 1805 het Villeneuve met die Britse adm. Calder, wat die Engelse kanaal by Kaap Finisterre afgesluit het, gebots, waardeur hy gedwing was om die hawe van Ferrol binne te gaan. Intussen het adm. Allemand, wat in die plek van Missiessy aangestel is, uit Rochefort die oop see ingevaar en vir maande lank geen Britse skepe gewaar nie.[38)]

Napoleon se verdere optrede het nou van Villeneuve afgehang, want op 23 Augustus het Napoleon besluit dat hy Brittanje sou probeer binneval indien Villeneuve daarin sou slaag om van Ferrol noordwaarts te vaar, maar as Villeneuve suidwaarts sou draai, sou Napoleon na Oostenryk vertrek om teen Wenen op te ruk. Villeneuve het suidwaarts

---

37. Lefebvre, a.w., pp. 191 - 192. Kyk ook p. 11 hierbo.
38. Ibid., p. 192.

gedraai, waar hy op 21 Oktober 1805 in die Slag van Trafalgar deur die gesamentlike Britse vlote onder lord Nelson verslaan is. Intussen het Napoleon reeds op 24 Augustus die kamp by Boulogne opgebreek en na Wenen vertrek. Daarmee was die inval in Brittanje ook verby.[39)]

### ii. Bedreiging van Indië

Napoleon het 'n groot bewondering gehad vir die wêreld se groot leiers, veral vir Alexander die Grote, wat die Ooste verower het en gedroom het oor die verowering van die wêreld.[40)] Geen wonder dus dat Napoleon so dikwels gedink het aan die verowering van Indië nie! Daarby kon hy ook nog aan sy aartsvyand Brittanje 'n nekslag toedien indien hy Indië in sy besit kon kry.[41)] Aan hierdie ideaal het Napoleon in 1798 reeds aandag geskenk toe hy Egipte as afspringplek na Indië probeer verower het.

Gedurende die tyd toe Napoleon 'n inval in Brittanje oorweeg het, het hy ook steeds aan Indië gedink al was dit voorlopig slegs as 'n afleidingsbeweging om die Britse vloot uit die Engelse kanaal te lok.[42)] Terwyl die Franse vlote in die Europese waters of elders soek was, was dit telkens vir die Britte 'n logiese afleiding om te aanvaar dat Indië ook deur die Franse bedreig was.[43)]

---

39. Ibid., p. 193. Kyk ook Turner, a.w., pp. 64 - 65.
40. Lefebvre, a.w., p. 66.
41. Kyk ook p. 21 hieronder.
42. Kyk ook p. 16 hieronder.
43. Kyk ook p. 12 hierbo.

Nadat Villeneuve aan die einde van 1804 nie daarin kon slaag om na Wes-Indië te ontsnap nie en slegs Missiessy Wes-Indië bereik het,[44] het Napoleon besluit om Missiessy die Britse besittings in Wes-Indië te laat aanval en onder dekking daarvan, ses-en-twintig Franse skepe uit Brest en Ferrol, met insluiting van Villeneuve se vloot uit Toulon, te stuur om 'n aanval op Indië te maak. Die Franse vlote kon vir dié doel by Kaap Verde of by die Kaap die Goeie Hoop self konsentreer. Missiessy het egter onverrigter sake na Europa teruggekeer en Napoleon moes voorlopig van sy aanval op Indië vergeet.[45]

Hoewel Napoleon nooit werklik 'n aanval op Indië gemaak het nie, was die bedreiging wat hy voortdurend vir Indië ingehou het genoeg rede vir die Britte om die Kaap in 1806 te herower.[46]

### b. <u>Brittanje se ekonomiese en strategiese posisie</u>

Gedurende die eerste gedeelte van die Napoleontiese Oorloë het Brittanje ook toegetree tot die oorlog teen Frankryk, maar hy het geen troepe na Europa gestuur nie en verkies om self die stryd teen die Franse op die see te voer.[47] Brittanje het die strategiese voordeel van die Engelse kanaal besit wat aan hom beskerming teen 'n aanval

---

44. Kyk ook p. 11 hierbo.

45. Turner, a.w., pp. 3 - 6. Kyk ook Lefebvre, a.w., p. 191. Kyk ook p. 11 hierbo.

46. Hierdie feit word bespreek in hoofstuk IV.

47. Kyk pp. 19 - 20 vir meer besonderhede.

deur Frankryk verleen het.[48)]

Op ekonomiese gebied was Brittanje baie afhanklik van sy handel met die Ooste, wat telkens deur Napoleon bedreig is. Verder het Brittanje behoefte gehad aan 'n afsetgebied vir sy fabrieksgoedere, daarom was dit vir hom van lewensbelang om óf met Napoleon 'n vrede te sluit waardeur Brittanje vrye handel met Frankryk en Europa sou verkry, óf Brittanje moes met behulp van Europese koalisies daarin slaag om Frankryk en Napoleon Bonaparte, sowel as die Franse Rewolusie, uit te skakel.[49)]

Toe die eerste deel van die oorlog geen beslissing ten gunste van Brittanje en sy bondgenote gebring het nie, het die Britse Eerste Minister, lord Addington, in 1802 die Vrede van Amiéns met Napoleon gesluit. Die Vrede van Amiéns was nie blywend van aard nie en in Februarie 1804 moes Addington weer plek maak vir William Pitt. Pitt het die militêre sake in Brittanje beter gereël en die Britse vloot so verbeter dat dit nie meer saak gemaak het dat Napoleon 'n groot leër besit het nie, want hy sou eers oor die kanaal moes kom.[50)]

Napoleon het die Britte laat wonder wat om te verdedig, die Moederland of die kolonies. Vir Brittanje was die invalsgevaar die grootste bedreiging, maar Brittanje kon ook

---

48. G.D. Scholtz : Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652 - 1952. Johannesburg, 1954. pp. 89 - 92.

49. Lefebvre, a.w., p. 165.

50. Ibid., pp. 188 - 189.

nie al sy aandag aan die Engelse kanaal bestee en die kolonies maar laat vaar nie. Pitt het besluit om ook die kolonies te verdedig, maar hy het dit as 'n voorvereiste gestel dat die sterkste Britse vlootmag steeds in Europese waters gehou moes word.[51)]

Brittanje se botsing met Spanje het reg in Napoleon se kraal gepas. Na 'n uitgerekte spanning tussen die twee lande het Spanje in Desember 1804 teen Brittanje oorlog verklaar as gevolg van die Britse verowering van 'n aantal Spaanse skepe in Oktober 1804. Spanje het hierna sy vloot ook tot Napoleon se beskikking gestel, waardeur Napoleon nuwe aandag kon gee aan sy invalsplan teen Brittanje.[52)]

Napoleon was ook bewus van die militêre toestande in Brittanje en het daarom verskeie kere oorweeg om oor die kanaal te gaan, want aan die begin van 1804 het die Britse leër minder as 100 000 gereëlde soldate gehad. Op 27 Julie 1803 het die Britse Parlement bepaal dat alle mans tussen sewentien en vyf-en-vyftig jaar gedril moes word, maar ". . . all these forces were worthless : it seems that the government, in case of a landing, planned to retire into the Welsh country to conduct a guerrilla warfare."[53)] Die Franse kon Londen beset het sonder om 'n skoot af te vuur!.

---

51. Turner, a.w., pp. 18 - 19. Kyk ook p. 11 hierbo.

52. Lefebvre, a.w., p. 191.

53. Ibid., p. 188.

Sy verhouding met Brittanje was uiteindelik Napoleon se kwesbaarste skakel. Hy kon die Britte nooit onder kry nie.[54)]

c. Die plek van die Kaap

i. Die waarde van die Kaap voor Amiëns

Vir Brittanje het die Kaap se grootste waarde gelê in sy strategiese ligging ten opsigte van die seeroete na die Ooste. Voor die Vrede van Amiëns het die Kaap se waarde vir Brittanje meer gelê in die Kaap as verversingspos as in die moontlikheid van 'n militêre tussen-stasie. Nogtans het John Barrow, sekretaris van lt.-kol. Francis Dundas terwyl laasgenoemde aan die Kaap was, beweer dat die Kaap waardevol was in die hande van 'n seemag, want dit was die werklike sleutel tot die Ooste, waarby geen vyandige vloot, op pad na die Ooste, verby kon kom nie, weens die lang afstand wat so 'n vloot sou moes aflê.[55)]

Die Engels-Oos-Indiese Kompanjie het voorgegee dat die Kaap vir hulle van geen waarde was nie en om dit te bevestig is al hulle skeepskapteins, gedurende die Eerste Britse Besetting aan die Kaap, verbied om by die Kaap aan te gaan, behalwe dié wat die Kaap op hulle terugreis van Indiese

---

54. Mowat, a.w., Inleiding, p. v.

55. Dundas aan Britse Ambassadeur in Den Haag in 1787, aangehaal in John Barrow : An Account of Travels into the Interior of Southern Africa. Vol.II. Londen, 1804. p. 153. 'n Vlootmag aan die Kaap sou nie werklik alle skepe wat by die Kaap verbyseil kon keer nie, aangesien dit slegs destyds vir skepe nodig was om verder suid om die Kaap te vaar.

ware moes voorsien.[56] Barrow se beswaar hierteen was dat hoewel die Britse matrose die lang seereis wel sonder verversings kon aflê omdat hulle 'n gesonde dieet gevolg het, die Indiërs, wat driekwart van die bemanning van die skepe uitgemaak het, dit op hul swak dieet nie kon doen nie en het dus 'n verposing aan die Kaap verwelkom. Die Kompanjie moes dit om hulle ontwil toelaat.[57]

Brittanje het die Kaap in 1795 vir die eerste keer verower in 'n tyd waarin die waarde van kolonies gering geskat is. Die Kaap is destyds deur die Britte verower om politieke en militêre redes, as 'n fortifikasie halfpad na die Ooste en veral om te verhoed dat dit in Franse hande val. Die teruggawe van die Kaap met die Vrede van Amiëns dien as 'n bewys daarvan dat die Kaap se waarde nie destyds hoog geag is nie. Eers na 1818 sou die Kaap vanuit die oogpunt van Britse kolonisasie ernstig bejeën word.[58]

Na 1782 het die Britte 'n taai stryd teen die Franse gevoer om die heerskappy oor die Indiese Oseaan te bekom. Hierdie stryd sou op die lang duur aan die Britte 'n besef gee van die waarde van die Kaap, beide as bedreiging en beskerming vir hulle koloniale ryk in Indië, want as gevolg van die agteruitgang van Nederland, het die gevaar ontstaan dat 'n sterk land soos Frankryk, die strategiese punt op die

---

56. Barrow, a.w., p. 156.

57. Ibid.

58. H.E. Egerton : A Short History of British Colonial Policy, 1606 - 1909. (Hersien deur A.P. Newton). Londen, 1950. p. 226.

hoofweg tussen Europa en die Ooste tot nadeel van Brittanje in besit kon neem. Hulle moes dus die Franse voorspring om diè strategiese halfwegstasie te bekom.[59)]

Kolonies was dus nou nie soseer van groot waarde as gevolg van die besit daarvan deur die moederland self nie, maar die gevaar wat kolonies, en meer bepaald sekere hawens, punte en deurgange kon inhou as dit in die hande van 'n vyandige land sou val.[60)]

Dit was ook die Britse houding teenoor die Kaap, want sir Francis Baring, voorsitter van die E.O.I.K. se raad van direkteure, het in 1795 reeds verklaar : ". . . the importance of the Cape with regard to ourselves consists more from the detriment which would result to us if it was in the hands of France, than from any advantage we can possibly derive from it as a colony. It commands the passage to and from India as effectively as Gibraltar doth the Mediterranean."[61)]

Vir Brittanje se beleid teenoor Frankryk aangaande die Ooste, was die Kaap van groot belang. Gedurende die eerste deel van die Rewolusionêre Oorloë, het Brittanje nie troepe na Europa gestuur nie, maar wou deur vastelandse koalisies teen Frankryk te vorm en self die oorlog ter

---

59. Eric Stockenström : Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel II, 1700 - 1914. Stellenbosch, 1944. p. 100.

60. Egerton, a.w., pp. 223 - 224.

61. Baring aan H. Dundas dd. 12.1.1795, uit Records of the Cape Colony V, (G.M. Theal) Kaapstad, 1897. pp. 22 - 23.

see te voer, eerstens Frankryk van die res van die wêreld afsny en ekonomies verlam; tweedens soveel moontlik strategiese plekke verower om Frankryk en sy bondgenote se posisie te ondermyn. Later kon die Britte die Franse oorwinnings op land slegs neutraliseer deur oorwinnings ter see, maar dit het met Brittanje ter see soms ook sleg gegaan, terwyl vredesonderhandelings telkemale misluk het.[62)]

Frankryk weer, wou Indië beset om die Britse handel met die Ooste af te sny. Daarom het Frankryk eers probeer om Egipte te verower, vanwaar Brittanje uit Indië verdryf kon word. 'n Britse vloot om die Kaap na die Rooi See het Napoleon se planne verydel en daarmee 'n bewys gelewer van hoe 'n belangrike posisie die Kaap vir so 'n doel was.[63)]

Lord Macartney, goewerneur aan die Kaap tydens die Eerste Britse besetting, het gevoel dat die Kaap die verbinding tussen Brittanje en Indië moes vergemaklik. Die Kaap was die belangrikste voorpos vir die beskerming van die Britse Ryk in Indië.[64)] Dieselfde gedagte word ook weerspieël in die woorde van Macartney se opvolger aan die Kaap, sir George Yonge, dat die land wat die Kaap besit, die handel met Indië kan oorheers.[65)]

---

62. Scholtz, a.w., pp. 89 - 92.

63. Ibid. Kyk ook p.4 hierbo oor Egipte en pp. 28 - 29 oor Rooi See-ekspedisie.

64. Scholtz, a.w., p. 92.

65. Ibid.

Wanneer hy militêre hulp vir Indië vanaf die Kaap verlang, skryf die Hertog van Wellesley, bevelvoerder in Indië aan sir George Yonge dat die Kaap se groot waarde vir Brittanje daarin geleë is dat dit moet dien as 'n militêre voorpos vir die Indiese besittings, vanwaar ervare soldate enige tyd gestuur kan word om Britse besittings te beskerm.[66)]

Dieselfde gedagte word deur Henry Dundas voortgesit, dat geen vreemde land direk of indirek beheer oor die Kaap mag verkry nie, want dit was die waarborg van die veiligheid van Britse besittings in Indië.[67)] Hierby het Barrow gevoeg : "Its political importance could be doubted by none, its commercial advantages were believed by all."[68)] Hierdie voordele het Frankryk in 1781 - 1784 gehad, nou sou dit die Britte help om in die Ooste te seëvier.[69)]

Verder moes die Kaap sorg dat die Franse nie daarin sou slaag om 'n vaste verbinding met die Ooste te verkry nie. Die Franse het reeds een maal in 1803 daarin geslaag om hul weg na Mauritius te vind, maar dit sou ook die enigste keer wees dat die Franse daarin geslaag het om die Indiese Oseaan te bereik, want die Britse besit van die Kaap het alle vyandige lande geheel-en-al van die Indiese Oseaan uitgesluit.[70)]

---

66. Wellesley aan Yonge dd. 24.10.1800, soos aangehaal deur Scholtz, a.w., p. 92.

67. Brief van H. Dundas aangehaal in Barrow, a.w., p. 150.

68. Barrow, a.w., p. 150.

69. Scholtz, a.w., p. 92.

70. Barrow, a.w., p. 184. Genl. Decaen het selfs Indië bereik. (Holland Rose, a.w., pp. 374 - 376.)

Die waarde van die Kaap vir Frankryk is dikwels onder die bespreking van die waarde daarvan vir Brittanje bespreek, maar daar is nog enkele gedagtes wat hier genoem moet word.

Die Franse het deeglik besef dat Brittanje se krag in sy handel geleë was en dat die Britse handel, wat hoofsaaklik met Indië gevoer was, 'n groot slag toegedien sou kon word, indien die Kaap in Franse hande sou val. Die Franse het ook besef dat om in Indië te kom, daar vir hulle twee weë oop was : die een deur Egipte en Sirië en die ander deur die besetting van die Kaap.[71)]

Indien Napoleon die Kaap sou besit het, sou hy nie nodig gehad het om die Egiptiese Ekspedisie in 1798 te onderneem nie, en langs die seeweg kon hy moontlike sukses behaal het.[72)]

Vir Nederland het die Kaap ook slegs die waarde van 'n punt op die pad na die Ooste gehad en ook vir hulle was die Kaap nie van direkte ekonomiese nut nie. Die eiland Java in die Ooste was verantwoordelik vir die ekonomiese bloei van Nederland en by 'n keuse tussen die twee sou hulle sonder huiwering die Kaap opoffer, want J. Spoorz, tydelike president van die staatsbewind, het verklaar : "Java is alles; zonder Java heeft zelfs het Moederland geene dan precaire existentie; daaraan moet dus alles te koste worden

71. Ibid, p. 186.

72. Scholtz, a.w., pp. 92 - 93. Kyk ook pp. 3 - 4 hierbo.

gelegd. Zoo de Kaap ... al de Sleutel van de Oost moge zijn, zoo kan ons de Sleutel van geen nut zijn zoo wij het Slot missen."[73] Die Bataafse Republiek het dus alle energie aangewend ter verdediging van Java, selfs ten koste van die Kaap.

Die Kaap was vir Nederland teen die einde van die agtiende eeu slegs van waarde kragtens sy ligging as militêre voorpos van Indië en sy funksie as rus- en verversingspunt op die lang reise na die Ooste. Vir die genot van hierdie voordele het die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie hom groot finansiële verpligtinge getroos, om 'n siviele administrasie en militêre besetting aan die Kaap te onderhou.[74]

In vergelyking met die ryk besittings in die Ooste, was die Kaap vir almal 'n finansiële laspos, maar groot opofferinge is daarvoor gemaak omdat baie mense deur die tussenstasie hulle lewens behou het.[75]

Brittanje was skynbaar oortuig daarvan dat die Kaap groter waarde vir hom gehad het as vir Nederland, daarom het Henry Dundas in 1787 probeer om Nederland te beweeg om sekere stasies in die Ooste aan Brittanje oor te dra,[76]

---

73. J. Spoorz aan Janssens en De Mist dd. 10 April 1803, uit Theal : Belangrijke Historische Documenten over Zuid-Afrika. Deel II. Londen, 1911. p. 203.

74. J.P. van der Merwe : Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803 - 1806, Amsterdam, 1926. p. 283.

75. Ibid., pp. 283 - 284.

76. Dundas aan Britse Ambassadeur in Den Haag, 1787, uit Barrow, a.w., p. 152.

terwyl lord Macartney gevoel het dat Nederland nie meer sterk genoeg was om onafhanklike besit van die Kaap te hou nie en dit aan Brittanje sou oordra, as hy 'n keuse gehad het.[77)]

Barrow het beweer dat Nederland nooit verwag het om die Kaap weer terug te kry nie, wel wetende dat Nederland, met die Kaap in besit van Brittanje, steeds dieselfde voordele aan die Kaap kon kry. Nederland was bereid om die Kaap 'n vrye hawe te verklaar onder enige vlag behalwe hul eie. In die vredesonderhandelinge voor Amiëns het Nederland geen seggenskap gehad nie, sodat alles wat aan Nederland teruggegee is, feitlik aan Frankryk oorgedra is.[78)]

### ii. <u>Die teruggawe van die Kaap na Amiëns</u>

Met die vredesonderhandelings voor Amiëns, het lord Malmesbury, die Britse afgevaardigde, aanvanklik die opdrag ontvang van Pitt om te kenne te gee dat Brittanje alle verowerings met uitsondering van Ceylon en die Kaap, wat hulle vir die veiligheid van hulle Oosterse besittings as van groot belang beskou het, weer sou afstaan. Later was Pitt bereid om die Kaap af te staan, indien dit nodig was, maar Henry Dundas, die Minister van Buitelandse sake wou nie toegee nie.[79)] Pitt moes egter bedank en sy opvolger lord Addington het besluit om die Kaap terug te gee

---

77. Macartney aan Dundas dd. Oktober 1797, uit Barrow, a.w., p. 154.

78. Barrow, a.w., p. 155.

79. Cambridge History VIII, a.w., p. 189.

indien dit 'n vrye hawe gemaak word. Dit is duidelik dat die Kaap in die onderhandelings voor Amiëns 'n belangrike rol gespeel het. Op 25 Maart 1802 is die Vrede van Amiëns onderteken waardeur die Kaap onvoorwaardelik aan die Bataafse Republiek teruggegee is.[80)] In ~~Maart~~ Des. 1802 het 'n Nederlandse vloot by die Kaap aangekom met J.A. de Mist, 'n kommissaris van die Bataafse regering, en J.W. Janssens, die nuwe goewerneur, aan boord.[81)]

Janssens en De Mist is baie vriendelik ontvang deur genl. Francis Dundas, Britse goewerneur aan die Kaap, maar die onvermydelike tydsverloop met die oordra van berigte uit Brittanje na die Kaap, sou nog eers vir hulle 'n moeilike situasie skep voordat hulle eindelik die Kaap sou kon oorneem. Nadat onderhandelings reeds twee keer begin is om die Kaap oor te gee, is ook twee keer berigte ontvang om die teruggawe uit te stel.[82)]

Die rede vir die Britse frontveranderings kon gevind word in die invloed wat William Pitt op die regering uitgeoefen het. Pitt is in 1801 deur Addington as Eerste Minister opgevolg, maar sy voorstelle aan die regering is dikwels aanvaar. Omdat Pitt verwag het dat hy spoedig weer Eerste Minister sou wees en dat die Europese oorlog spoedig weer hervat sou word, het hy voorgestel dat die

---

80. Scholtz, a.w., pp. 93 - 95.

81. A. Wilmot & J.C. Chase : History of the Colony of the Cape of Good Hope from its discovery to the year 1819. Kaapstad, 1869(?). pp. 224 - 225. Kyk ook p. 5 hierbo.

82. Ibid., p. 225.

teruggawe van die Kaap uitgestel word. Toe sy koalisieplanne binne 'n maand daarna misluk het en die oorlog in Europa ook nie meer dreigend was nie, het hy weer voorgestel dat die Kaap wel teruggegee moes word.[83)]

Na 'n tydperk van spanning is op 19 Februarie 1803 die tyding aan die Kaap ontvang waardeur die Kaap op 21 Februarie aan Janssens en De Mist oorgedra is.[84)] Hulle kon hierna met alle ywer met hulle werk begin.

### iii. Die waarde van die Kaap na Amiëns

Vir Brittanje het die Kaap steeds 'n buitepos gebly vir verdediging en veiligheid van hulle Indiese besittings, wat die verbindings met Indië moes vergemaklik. Maar meer nog, die besit daarvan sou die Franse beroof van die beste tussenstasie waar 'n groot leër vir diens in Oos-Indië versamel kon word. Sodoende kon die Kaap nou ook gebruik word om die Britse handel te benadeel.[85)] Verder het die Kaap ook toegang verleen tot die binneland van Suid-Afrika.[86)]

Die uitbreiding van die Britse gesag in Indië het ook aan die Kaap 'n groter waarde gegee en verklaar waarom Brittanje die Kaap twee keer in tien jaar in besit geneem het.

---

83. Cambridge History VIII, a.w., p. 191. Kyk ook p. 5 hierbo.

84. C.J. de Villiers : Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795 - 1803. M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1967. p. 136.

85. Castlereagh aan Cornwallis dd. 19.9.1805, soos aangehaal deur Turner, a.w., p. 51.

86. Ibid., p. 52.

Die eerste was slegs 'n tydelike besetting, maar die tweede keer het Brittanje die Kaap verower met die uitdruklike doel om dit permanent te behou.[87]

Tydens die oorloë teen Frankryk het die Kaap vir Brittanje nuwe betekenis gekry. Brittanje het die vasteland van Europa deur sy vloot van die res van die wêreld geïsoleer en gebiede wat aan Napoleon toegang tot die Ooste kon verleen, vroegtydig beset. Om Napoleon te belet om die kort roete na die Ooste te volg, het Brittanje Malta en Sicilië bygevoeg tot Egipte en sy ander besittings. Om Napoleon te verhoed om die seeweg te gebruik, moes die Kaap beset word. Die Kaap sou ook die roete van Amerika na die Ooste beheer en St. Helena wat reeds aan Brittanje behoort het, kon help om te verhoed dat Frankryk daarvandaan die Britse handel met die Ooste aanval.[88]

John Barrow het hom sterk beywer vir die herbesetting van die Kaap en die tweede deel van sy werk skep die indruk dat dit geskryf is met die uitsluitlike doel om Brittanje te laat besef wat die waarde van die Kaap vir Brittanje was. Hy gee selfs voorskrifte en aanbevelings van hoe en wanneer dit gedoen moes word.[89]

---

87. Stockenström, a.w., p. 102. Brittanje het o.a. Mysore, Dekhan, Surat, Janjore, Sindia en Berar in die Ooste verower.

88. Cambridge History VIII, a.w., p. 196.

89. Barrow, a.w., pp. 438 - 439. Kyk ook p. 39 hieronder.

Eerstens het Barrow beweer dat die Kaap 'n goeie militêre depot vir die Ooste sal wees. Daar sou geen probleme wees om soldate daarheen te vervoer nie, aangesien die Britse skepe elke maand verby die Kaap na die Ooste gevaar het. Die Kaap was halfpad na die Ooste met 'n goeie klimaat, lae lewensduurte en binne trefafstand van die meeste Britse kolonies. Hy het beweer dat die Kaap die enigste plek was waar soldate gevoed kon word vir minder as die bedrag wat vir diè doel van sy salaris afgetrek is, naamlik, minder as 6d (5c) per rantsoen, terwyl dit in Brittanje en elders 10d (8c) en selfs 2/6 (25c) was.

Tweedens het Barrow aangevoer dat soldate, voordat hulle verskeep word, eers sekere gewoontes moes aanleer, soos reinheid en gereeldheid en om vir hulself te sorg. Na 'n lang seereis moes selfs geharde troepe eers weer ingeoefen word na die lang stagnasie op die skepe. Indië is een van die swakste plekke om Europeërs tot soldate te vorm. Indien hulle die seereis oorleef, sterf hulle maklik van hitte en ander ongeriewe. Daarom was 'n middelstasie baie belangrik om die lengte van die seereis te onderbreek, met 'n gematigde klimaat om die liggaam te akklimatiseer.

'n Derde voordeel van die Kaap as middelstasie, was volgens Barrow, dat die troepe wat sir Home Popham met min kennisgewing vanaf die Kaap, 1200 myl ver na die Rooi See geneem het, geen ongevalle gely het nie en die dag na hul aankoms gereed was om 'n lang en uitputtende mars met min

water in die woestyn te onderneem.[90]

Met hierdie rooskleurige prentjie wat Barrow van die Kaap geskilder het, het lt.-kol. Robert Wilson, van die 20ste Ligte Dragonders, wat in 1806 saam met die Britse taakmag na die Kaap gekom het, nie saamgestem nie. Eerstens het hy beweer dat die Kaap self geen ekonomiese voordele bied nie, omdat slegs 'n hoeveelheid swak wyn en velle vir uitvoer gelewer word terwyl die ander produkte nie noemenswaardig was nie.[91] Tweedens was die berekenings van spekulateurs ook nie ten gunste van die Kaap nie, terwyl die Kaap se waarde as militêre- en vlootstasie erg oordryf was, want met die verbetering op die gebied van navigasie, kon skepe direk na Indië vaar, sonder die noodsaaklikheid om by die Kaap of enige ander plek aan te gaan vir verversings, afgesien van die feit dat hulle dalk troepe aan boord kon hê.[92]

Vir die Franse was dit steeds belangrik dat die Kaap uit Britse hande gehou moes word, óf as 'n Nederlandse besitting, óf as 'n vrye hawe. Hulle wou dus by die Vrede van Amiëns nie veel bespreking oor die Kaap voer nie en het geen beswaar geopper toe die Kaap aan Nederland teruggegee is nie, want so kon hulle die Kaap gebruik om Britse belange in Indië te bedreig.[93]

---

90. Ibid., pp. 161 - 169. Kyk ook p. 20 hierbo.

91. V.C. 58 : Wilson's Description of the Cape Colony in 1806, deur lt.-kol. Robert Wilson van die 20ste Ligte Dragonders, pp. 67 - 72.

92. Ibid., pp. 72 - 73.

93. Barrow, a.w., p. 185.

Indien Frankryk 'n aanval op Indië wou waag, sou die Kaap ook vir hulle as 'n halfwegstasie baie belangrik wees, aangesien die eiland Mauritius nie geskik was as 'n vlootbasis op pad na Indië nie, omdat op Mauritius nie genoeg voedsel geproduseer was om in so 'n groot mag as wat benodig was se behoeftes te voorsien nie. Mauritius was vir sy koring en vleis van die Kaap afhanklik en Brittanje kon die toevoer daarvan na Mauritius baie maklik verhinder.[94)]

### iv. Agteruitgang van Nederland

Om te verstaan waarom Nederland so onmagtig was om die Kaap te beskerm teen verowering deur Brittanje, moet die gebeure in Nederland van 1795 tot 1806 kortliks nagegaan word. Die rede vir die oorgawe aan die Britte in 1795 was Nederland se onvermoë om die Kaap te beskerm en vir dieselfde rede sou hulle verplig word om die Kaap weer af te staan.[95)]

In die stryd wat in Europa uit die Franse Rewolusie voortgevloei het, kon Nederland slegs 'n bondgenoot van óf Brittanje, óf Frankryk wees. Die Bataafse Republiek het onder Franse invloed ontstaan, waarna die Bataafse owerhede met Frankryk onderhandel het om voortdurende Franse steun te verseker. Nederland moes oorlogskuld betaal, sekere ge-

---

94. Turner, a.w., Appendix B, pp. 90 - 92. Hoe ironies dat die Kaap in hierdie tyd self 'n tekort aan koring gehad het!

95. M.W. Spilhaus : South Africa in the Making, 1652 - 1806. Kaapstad, 1966. p. 315. Spilhaus beweer dit na aanleiding van De Mist se rapport oor die Kaap.

biede afstaan en 'n Franse leër van 25 000 man onderhou. Deur hierdie ooreenkoms het die Bataafse Republiek met Brittanje in oorlog gewikkel geraak en binne 'n kort tydjie handelskepe ter waarde van 120 miljoen guldens verloor, asook sy hele oorlogsvloot, terwyl die Britte alle Nederlandse kolonies in besit geneem het, sodat in 1801 slegs Java oorgebly het.[96)]

Aan hierdie donker toneel van teëspoed was daar egter ook 'n ligter sy. Die nuwe gesagvoerders het 'n grondwet ontwerp waardeur talryke binnelandse misbruike opgehef is, desentralisasie het verdwyn en die land het 'n eenheidstaat geword, terwyl die verderflike partystryd beëindig is en almal in die land gelyke regte verkry het.[97)]

Die Bataafse Republiek het egter nie lank bestaan nie. Nadat Napoleon in 1804 keiser van Frankryk geword het, het hy 'n roekelose politiek in Europa gevolg en op willekeurige wyse te werk gegaan om Nederland en Italië as gerieflike werktuie tot bevordering van sy grootse uitbreidingsplanne te smee. Hy het reeds sedert Mei 1803 sy leër by Boulogne gekonsentreer om Brittanje binne te val en om die steun van die Bataafse Republiek vir daardie doel te verseker, het hy in 1805 aan die Bataafse regering 'n keuse gestel : óf wysiging van die grondwet deur die konsentrasie van alle politieke gesag in die hande van 'n enkele individu, óf inlywing van die land by Frankryk. Die gesaghebbers het die eerste

---

96. Stockenström, a.w., p. 98. Kyk ook p. 3 hierbo.

97. Ibid.

alternatief gekies, sodat Napoleon onmiddellik daarna 'n Amsterdamse advokaat, Rutger Jan Schimmelpenninck, aan die hoof van die Bataafse Republiek geplaas het, met die titel van Raadspensioenaris en die mag van 'n konstitusionele koning. Hierdie voortreflike man het sy amp slegs 'n jaar lank beklee, want in 1806 het Napoleon hom gedwing om van sy pos afstand te doen en daarop sy broer, Lodewyk Bonaparte, tot nuwe koning van Nederland benoem.[98)]

Gedurende die laaste dekade voor 1806, was Nederland dus 'n satelietstaat van Frankryk en moes hulle eenvoudig na Napoleon se pype dans en is so verswak, dat daar van 'n verdediging van die Kaap teen Brittanje, nie veel tereg gekom het nie.[99)]

## 4. Redes vir die Britse besluit om die Kaap te herower

Aangesien Brittanje die Kaap in 1803 slegs om diplomatieke redes weer aan die Bataafse Republiek teruggegee het, is die gebeure van 1805 'n ironiese kommentaar op die beleid van die Addington-kabinet wat die Kaap teruggegee het. Terwyl die invalsgevaar op sy dreigendste was, met Napoleon by Boulogne en die vloot van Villeneuve soek in die Atlantiese Oseaan, het die Britse kabinet homself verplig gevoel om meer as 6 000 soldate, verskeie oorlogskepe en tientalle troepeskepe af te staan om die "mere tavern" weer eens te gaan verower.[100)] Om hierdie besluit van die

98. Ibid., pp. 98 - 99.

99. Ibid., pp. 99. Kyk ook Lefebvre, a.w., p. 187.

100. Turner, a.w., Inleiding, p. 1. Kyk ook p. 24 hierbo.

Britse kabinet te verduidelik, moet die gebeure voor die Slag van Trafalgar nagegaan word.

Die onsekerheid met betrekking tot Napoleon se planne en sy voortgesette bedreigings teen Indië, moes die Britse kabinet bitter spyt laat kry het dat hulle die Kaap afgestaan het. By Amiëns is die belangrikheid van die Kaap verkleineer, maar teen 1805 was dit duidelik dat die teruggawe 'n groot flater was, want nou was die Kaap skielik om drie redes nuttig : eerstens kon die Franse 'n vloot na die Kaap stuur om die Britse handel lastig te val; tweedens kon die Franse vloot wat op pad was om Indië te verower voorrade by die Kaap inneem; derdens kon die Franse die Kaap gebruik as 'n versamelplek vir die vlote wat 'n aanval op Indië wou waag.[101)]

Die eerste berig oor 'n moontlike herbesetting van die Kaap word volgens Turner reeds op 31 Mei 1804 in "The Times" gevind, naamlik dat volgens gerugte 'n Britse ekspedisie gereed was om na die Kaap te seil. In 'n verbasend korrekte voorspelling word selfs die moontlike bevelvoerders, waaronder die name van Baird en Popham, genoem, asook dat 8 000 troepe gebruik sou word. "The Times" van 7 Junie het egter verklaar dat die vorige rapport verkeerd was.[102)]

---

101. Ibid., p. 32.

102. Ibid., pp. 87 - 88. Die besluit om die Kaap te herower kon egter nie in die Britse Hansards van 1803 - 1806 opgespoor word nie.

Die werklike rede vir die Britse besluit om die Kaap weer te beset, het voortgespruit uit die Britse vrees vir 'n aanval op Indië. Laat ons nou hierdie feit probeer verduidelik uit Turner se werk.

Op 14 Junie 1805 het die Britte berig ontvang dat al die soldate aan die Kaap buite Kaapstad gekampeer het en dat kwartiere vir 'n groot Franse mag ingerig word. Dit wou dus vir die Britte begin voorkom asof die Franse reeds 'n ekspedisie na die Ooste gestuur het.

In Junie 1805, met 'n veldtog in Wes-Indië aan die gang, tesame met 'n dreigende inval in Brittanje, het die Britte geen magte gehad om te spaar nie, tog moes dit die tydstip gewees het waarop Pitt besluit het om die Kaap by die eerste geleentheid wat hom voordoen te herower.

Nadat Villeneuve vanaf Wes-Indië teruggekeer het, het Napoleon besluit om die inval in Brittanje wel te waag. Die vloot van adm. Ganteaume wat by Brest deur die Britte vasgekeer was, moes ontsnap en genl. Marmont het opdrag ontvang om sy leër by Boulogne gereed te kry, omdat sowat 30 000 man op die skepe gelaai moes word. Napoleon het hierna sy bes gedoen om die Britte om die bos te lei oor sy planne. Sy werklike doel was steeds om Brittanje binne te val, maar hy bedreig oënskynlik ook Ierland, gee voor dat sekere skepe en manskappe na die Kaap gestuur sou word, terwyl hy ook aan Nederland opdrag gegee het om 'n vloot vir sy doel toe te rus. Deur die verspreiding van valse gerugte wou Napoleon die Britse vloot uit die Engelse kanaal

weglok.[103]

Verdere feite oor die Britse besluit om die Kaap te herower blyk ook uit sir Home Popham, bevelvoerder van die vloot na die Kaap in 1806, se verhoor op 'n aanklag van hoogverraad.[104] Gedurende sy verhoor het Popham aan William Sturgess Bourne, 'n Sekretaris van Finansies, vrae gestel waarop geantwoord is dat Popham sekere geheime inligting aan Pitt oorgedra het, waarop dadelik besluit is om 'n ekspedisie na die Kaap te stuur. Daar is ook getuig dat niemand vooraf so 'n ekspedisie in gedagte gehad het voordat Popham dit voorgestel het nie. Popham het naamlik inligting bekom oor die swakheid van die Kaapse verdediging en dat 'n Franse skip by die Kaap aangekom het wat haastige voorbereidings ten gevolge gehad het. Daar is onder andere aan die boere opdrag gegee om hul graanoes so spoedig moontlik in te lewer en oral is gereed gemaak vir 'n groot Franse mag wat op pad was. Hierdie nuus was ongetwyfeld 'n gevolg van die gerugte wat Napoleon doelbewus laat versprei het. In die getuienis by Popham se verhoor het Bourne ook verklaar dat Popham aan Pitt voorgestel het dat sir David Baird die ekspedisie na die Kaap moes aanvoer.[105]

---

103. Kyk Turner, a.w., pp. 36 - 43.

104. Ibid., p. 46. Popham is verhoor omdat hy na die verowering van die Kaap, skynbaar op eie houtjie, probeer het om Suid-Amerika vir Brittanje te verower en in die proses 'n deel van die vloot wat die Ooste moes beskerm van die Kaap weggeneem het. Hy het egter slegs met 'n waarskuwing daarvan afgekom.

105. Turner, a.w., pp. 45 - 48.

Te midde van al hierdie Franse vlootbewegings en voorbereidings, was die seeweg na Indië in die grootste gevaar en was Popham se informasie oor die swakheid van die Kaapse verdediging moontlik deurslaggewend in verband met die aanval op die Kaap en was Pitt bereid om skepe en troepe daarvoor af te staan.[106)]

Napoleon was daarvan bewus dat 'n ekspedisie na die Kaap gestuur sou word en hoewel dit sy planne in Europa sou bevorder, het hy nie bedoel dat die ekspedisie moes slaag nie. Hy het Nederland ook daarteen gewaarsku en die hoop uitgespreek dat Nederland versterkings na die Kaap sou stuur.[107)]

Die eerste werklike vermelding van die besluit om die Kaap te verower, vind ons in 'n brief van lord Castlereagh aan lord Barham, nuwe Britse vloothoof : "Information having been received by His Majesty's Ministers which renders it expedient in their opinion to recommend to His Majesty that an expedition should be immediately undertaken for the reduction of the Cape of Good Hope . . ." Daarin word ook melding gemaak van die feit dat Baird en Popham aangestel word om die besluit uit te voer en dat hulle sou voorgee om na die Middellandse See te gaan. Die sukses van die ekspedisie sou afhang van geheimhouding en verrassing.[108)]

---

106. Ibid., p. 49 - 52.

107. Ibid., p. 17 en 53.

108. Castlereagh aan Barham (Sir Charles Middleton) dd. 25.7.1805, aangehaal deur Turner, a.w., Appendix B, p. 73.

Verder meld sir Home Popham aan Ross Donelly, een van die skeepskapteins wat later saam met Popham na die Kaap gevaar het, dat Popham en Baird opdrag ontvang het om te poog om die belangrike nedersetting van die Kaap die Goeie Hoop te verower.[109)]

Nadat Calder en Villeneuve op 22 Julie 1805 by Kaap Finisterre gebots het, het Villeneuve met die Franse vlote by Ferrol verenig. Die Britte het aanvaar dat al die Franse vlote toe by Ferrol was, dat die see dus skoon was van Franse skepe en dat die regte oomblik daarom aangebreek het om die ekspedisie na die Kaap te stuur. 'n Ander Britse vloot moes die kus by Ferrol patrolleer om Baird en Popham se ekspedisie, asook 'n ryk-belaaide vloot wat uit Indië na Brittanje op pad was, te beskerm.[110)]

Toe Popham op 28 Augustus 1805 met die Kaapse ekspedisie vertrek het, het die Britte nog nie geweet dat Napoleon reeds die inval in Brittanje afgelas het nie. Eers op 2 Oktober het hulle van Villeneuve se terugtog na Cadiz verneem en eers op 4 Oktober dat die Franse kamp by Boulogne opgebreek was.[111)]

Hoewel die ekspedisie na die Kaap reeds onderweg was, het die Britte steeds vir 'n aanval op Indië gevrees, daar-

---

109. Popham aan Donelly, dd. 4.10.1805 uit Sir Home Popham's Letter Book, 1805 - 1806.

110. Turner, a.w., pp. 58 - 59. Hulle was verkeerd, want Allemand se vloot was nog op die oop see.

111. Turner, a.w., p. 65.

om het lord Cornwallis, die goewerneur aldaar, opdrag gekry om in so 'n geval versterkings by Baird aan die Kaap te kry en indien hy dit nodig sou ag, selfs aan Baird opdrag te gee om die Kaap te ontruim. Indië was dus steeds baie belangriker as die Kaap. Aan die gevaar van 'n aanval op Indië het die Slag van Trafalgar egter weldra 'n einde gemaak.[112) ] Trafalgar het ook verseker dat Brittanje die Kaap nie weer sou hoef af te gee nie, want Trafalgar het ook verseker dat Frankryk nie weer Brittanje self sou kon bedreig nie.[113)]

112. Ibid., p. 68.

113. Spilhaus, a.w., p. 385.

# HOOFSTUK II

## DIE KAAPSE VOORBEREIDINGS

### 1. Die toestande aan die Kaap

#### a. Janssens self

Jan Willem Janssens (1762 - 1838), die seun van 'n kaptein in die Nederlandse leër, was self ook reeds op twaalfjarige leeftyd 'n kadet in die leër, waar hy in 1777 gevorder het tot vaandrig, in 1787 tot eerste luitenant en in 1788 tot kaptein. Gedurende die oorloë teen Frankryk is hy in 1793 by Meenen swaar verwond en daarom op 1 Januarie 1796 gepensioeneer en in 'n administratiewe pos geplaas. Tussen 1797 en 1802 was hy die kommissaris-generaal oor die Franse troepe wat deur die Bataafse Republiek onderhou is. In Maart 1800 was hy ook die sekretaris-generaal van die Minister van Oorlog. Op 5 Augustus 1802 het hy saam met kommissaris De Mist uit Texel na die Kaap vertrek, waar vir hom die nuwe pos van goewerneur en chef gewag het. Aan die Kaap sou die ervaring wat hy in Europa opgedoen het,hom goed te pas kom.[1)]

Janssens was voortdurend swaarmoedig en baie bewus van sy eie onbekwaamheid en het reeds op die reis na die Kaap van De Mist sy ontslag gevra. Later aan die Kaap, het hy herhaaldelik gevra om elders, desnoods in 'n ondergeskikte pos, aangestel te word.[2)]

---

1. Van der Merwe, a.w., pp. 51 - 52.
2. Ibid., pp. 52 - 53.

J.P. van der Merwe beweer dat die Kaapse periode van Janssens tot die ongelukkigste dae van sy lewe gereken moet word,[3] terwyl hy 'n baie swak figuur langs dié van De Mist geslaan het.[4] Tog het Janssens sy plig so getrou nagekom, dat verskeie persone hom hoë lof toegeswaai het vir sy werk aan die Kaap. Onder andere getuig Colvin van hom : "The new Governor, Janssens, was an excellent man, brave, wise and upright, who continued the good work the English had begun, and won the love of the country."[5]

Dieselfde swaarmoedige Janssens, wat homself gedurig geringgeskat het, het op 8 Januarie 1806 sy plig teenoor sy vaderland nagekom, toe hy onder moeilike omstandighede 'n ongelyke, maar dapper stryd teen sy vyande aangeknoop het. Aan hierdie dapper verset was die gunstige vredesvoorwaardes van 18 Januarie 1806 te danke.[6]

Janssens het egter die ongelukkige ervaring gehad, dat eers die Kaapkolonie en later ook Java, waarvoor die Kaap feitlik opgeoffer is, onder sy regeringskap deur die Britte verower is.[7]

---

3. Ibid.
4. Ibid., p. 56.
5. I.D. Colvin : Romance of Empire, South Africa. Londen, 1909. p. 186.
6. Van der Merwe, a.w., p. 56.
7. Ibid., p. 59.

## b. Militêre toestande aan die Kaap

### i. Sterktes van die Kaapse leër

Die gebeure wat met hulle oorname van die Kaap gepaard gegaan het,[8] moes reeds aan Janssens en De Mist getoon het, hoe onseker die vrede in Europa was. Daarom sou een van Janssens se eerste take as goewerneur van die Kaap wees, om die verdedigingstelsel op te knap en gereed te maak om die Kaap weer teen die Britte te verdedig.

'n Groot gedeelte van die troepe wat vir die verdediging van die Kaap bedoel was, tesame met baie toerusting het saam met die twee skepe Vreede en Zeenimph op die heenreis na die Kaap vergaan.[9]

Met sy aankoms aan die Kaap het Janssens beskik oor net meer as 2 000 man in die beroepsleër.[10] Dit het bestaan uit die 22ste Bataljon Infanterie, die 23ste Bataljon Infanterie, die 5de Bataljon van Waldeck, die 9de Bataljon Jagers en 'n paar kleiner eenhede soos die 5de Bataljon Artillerie, die Ligte Dragonders, die Berede Artillerie vir twee kanonne, 'n veldspan en die Maleise Artillerie. Verder was daar ook die klein getal van die Ligte

---

8. Toe die oorlog in Europa weer dreigend gelyk het, het Brittanje die teruggawe van die Kaap ook uitgestel. Kyk ook p. 25 hierbo vir meer besonderhede.

9. Memorie van den Gouverneur over de Middelen van defensie der Colonie. Toespraak voor Politieke Raad, dd. 9.1.1805. (V.C. 138 : Uittreksels uit dokumente van Janssens, pp. 86 - 90.)

10. Van der Merwe, a.w., p. 23.

Hottentot Infanterie.[11)]

As gevolg van Nederland se agteruitgang en die feit dat Napoleon al die ekonomiese en militêre kragte van Nederland vir sy eie doel gebruik het, het Janssens en De Mist besef dat die Bataafse Republiek nie veel militêre hulp aan die Kaap kon bied nie. Janssens self druk dit later so uit : "De Republiek is onvermogend krachtdadige bescherming te geeven - in de opkoomende oorlogen blijft de hoop niet eens dat als dan vlooten en legers tot verdeediging deezes Uithoeks zullen komen opdaagen."[12)]

Met 2 000 soldate tot sy beskikking, kon Janssens nie die Kaap doeltreffend verdedig nie.[13)] So bekommerd was Janssens oor die toestand van die Kaapse verdediging dat hy voor die Politieke Raad verklaar het : "de Verdeedigings Middelen zijn zoo gering dat ik de bekommernis, die zulks mij baard, liever in mijn boezem begraaven als noodeloos, daar er geen hulp aan toebrengen."[14)]

Wat 'n onaangename verrassing moes dit onder diê omstandighede nie vir Janssens gewees het toe hy nog van die troepe ook moes afstaan nie! In Februarie 1804 het hy op-

---

11. Wilmot & Chase, a.w., p. 234. Kyk besonderhede van Hottentotkorps op p. 53 hierbo.

12. Janssens aan Asiatiese Raad, dd. 8.12.1804, aangehaal uit Scholtz, a.w., p. 103. Kyk ook p. 31 hierbo.

13. Janssens het later gesê dat minstens 6 000 man daarvoor nodig was! (Kyk V.C. 138 : Janssens oor verdedigingsmiddelen, pp. 86 - 90.)

14. Janssens voor die Politieke Raad op 28.1.1804. (B.R. 75, pp. 59 - 60.)

drag uit Nederland ontvang om sy volledigste bataljon, die 23ste Bataljon Infanterie van 775 man, so spoedig as moontlik na Batawië te stuur, want die Moederland was nie in staat om meer manskappe te lewer nie en die troepe was dringend in Batawië benodig.[15] Dié bataljon het die Kaap in Februarie 1804 verlaat.[16]

Die vertrek van die 23ste Bataljon was vir Janssens 'n harde slag, want daarna was daar skaars meer as 1 500 soldate aan die Kaap oor.[17] Hy klink bra moedeloos as hy teenoor de Mist verklaar : "Onze ressources zijn hier gering en in veel opzichten geringer als toen deze uithoek in 1795 werd aangevallen."[18]

Geen versterkings vir die troepe is sedert die oorname van die kolonie ontvang nie, hoewel die oorspronklike getalle baie verminder is deur drostery, gewone sterftes en ongewoon swaar verliese deur 'n ernstige vlaag van maagkoors gedurende November en Desember 1804, toe die meeste

---

15. G.M. Theal : History of South Africa since September 1795. Vol. I. Londen, 1908, p. 109.

16. Ibid., p. 182. Ook Spilhaus, a.w., p. 347.

17. Theal : History of S.A., a.w., p. 169.

18. Janssens aan De Mist, 17.8.1804 soos aangehaal in Scholtz, a.w., p. 103.

van die soldate in 'n kamp by die Liesbeeckrivier was.[19] Die siekte het taamlik algemeen in die kolonie voorgekom, maar dit was skynbaar dodeliker vir Europeërs as vir die koloniste en het tussen sestig en sewentig soldate-lewens geëis.[20] Altesaam 124 blankes is daaraan dood.[21]

Aangesien die blanke troepe nie uit Europa aangevul kon word nie, moes Janssens vir die verlies van die 23ste Bataljon probeer vergoed deur eerstens die bestaande Hottentotskorps te vergroot en tweedens groter eise aan die burgers van die kolonie te stel.[22] Nóg die Hottentotte, nóg die burgers was baie gretig om militêre diens te verrig.[23] Nadat De Mist op 3 Maart 1803 waagsame beloftes van beskerming en voorspoed aan die koloniste gemaak het, sou dit seker nie vir die koloniste bemoedigend gewees het

---

19. G. Lauts : Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsce Volksplanting, 1652 - 1806. Amsterdam, 1854. pp. 155 - 157. Lauts gee as moontlike oorsaak van die siekte die snelle afwisseling van hitte en koue. (a.w., pp. 155 - 157.) Die werklike rede was blykbaar die feit dat die Liesbeeckrivier se water, wat deur die soldate gebruik was, baie laag en onsuiwer was, (Spilhaus, a.w., p. 373) want toe die reënseisoen in Maart 1805 aangebreek het, het die siekte ook opgehou. (Lauts, a.w., pp. 155 - 157.) Daar was tot tien sterftes per dag. Die militêre kamp is hierna verskuif na Wynberg. (Spilhaus, a.w., p. 373.)

20. Onaangename zaken, Janssens aan Bataafse regering uit die kamp by Liesbeeckrivier, dd. 7.12.1804. (V.C. 138, Bylae B, p. 59.)

21. Janssens aan Asiatiese Raad, dd. 10.4.1805. (V.C. 138, Uittreksels uit dokumente van Janssens.)

22. Theal : History of S.A., a.w., p. 109. Ook Spilhaus, a.w., p. 347.

23. Kyk pp. 45 - 46 hieronder vir meer besonderhede.

om te verneem dat hulle hulself sou moes verdedig nie![24]

Die rede waarom die koloniste onwillig was om militêre diens te verrig, moet gesoek word in die houding van die Kaapse koloniste teenoor die Bataafse regering. Deur die jare het die ekonomiese uitbuiting van die koloniste ter verryking van die N.O.I.K., asook die verdrukking wat hulle moes deurmaak onder sy amptenare, 'n kloof bewerkstellig tussen die koloniste en die Kompanjie. Geen wonder dat sommige koloniste liewer onder vreemde oorheersing wou staan as onder die anargie van die kompanjie-amptenare nie. Ander koloniste het hulleself in 1795 onafhanklik van die Kompanjie verklaar.[25]

Gedurende die Eerste Britse Besetting van die Kaap, het veral die plattelandse koloniste verbitter geraak teenoor die Britte, omdat laasgenoemde vir die Bantoes en Hottentotte teen die blankes kant gekies het. In Kaapstad self, was die toestand deur daaglikse sosiale vermenging iewat anders.[26] Baie van die koloniste het later nie omgegee wie nou eintlik hulle belasting oplê, die Nederlandse- of Britse amptenare nie.[27]

Die Bataafse regering is deur die koloniste beskou as die erfgenaam van die Ou Kompanjie en die koloniste se

---

24. Spilhaus, a.w., p. 347.
25. Van der Merwe, a.w., pp. 102 - 103.
26. Lauts, a.w., pp. 150 - 152.
27. J. Cappon : Britian's Title in South Africa. New York, 1901. pp. 121 - 122.

houding teenoor die nuwe bewind was grootliks dieselfde. Om die houding van die koloniste teenoor die Bataafse regering te verbeter, het eers De Mist[28] en later herhaaldelik ook Janssens, die bevolking aangespoor tot patriotisme. Kort na die oorname van die Kaap het De Mist reeds die koloniste probeer aanspoor om die land te help verdedig wanneer dit nodig sou wees. Die optrede van die Kaapse regering sal altyd daarop gemik wees om die veiligheid van die volksplanting te verseker en hy verwag van die burgers, op wie se kragte baie staatgemaak sal word, absolute gehoorsaamheid.[29]

In 1804 het Janssens verder verklaar dat hy by die koloniste groot gewilligheid gevind het om die land te help verdedig. Daarom wil hy hulle graag aanspoor tot patriotisme.[30] Verder het Janssens in Januarie 1805 bepaal dat geen nuusblad uitgegee mag word nie, tensy dit 'n gepaste en verstaanbare artikel bevat, geskik om die bevolking voor te berei tot duursame opofferings, op so 'n wyse dat hulle roemryke dade kon verrig. Die volk moes geleer word dat die regering die verbetering van hul lot en die behoud van die volksplanting hom ten doel stel en dat ware rus vir die koloniste sal aanbreek na die oorkoming van die gevare.[31]

---

28. A.G. 62, p. 232 : Proklamasie, dd. 29.9.1803. (S.D. Naudé : Kaapse Plakkaatboek. Deel VI. 1803 - 1806. Kaapstad, 1951, pp. 81 - 83.)

29. Ibid.

30. A.G. 63, p. 385 : Kennisgewing dd. 1.10.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 193 - 195.)

31. Uittreksels uit briewe van Janssens, B.R. 76, dd. 9.1.1805.

Janssens se bedoeling was om die goeie gees onder die koloniste te behou deur weeklikse berigte wat hulle sou aanspoor.[32] Janssens het self ook hierin die voortou geneem deur die burgers kwistig te prys by geleentheid van hulle hulp om die gedroste Hottentotsoldate in 1805 by Bruintjieshoogte te vang. Hy het groot belonings uitgeloof vir besondere dienste aan die volksplanting.[33]

Hierna het Janssens begin om die burgers daadwerklik vir die verdediging van die kolonie in te span en voor te berei.

### ii. Die Burgermilisie

Janssens moes die verdedigingskoste aan die Kaap so laag moontlik hou, daarom het hy besluit om minstens een bataljon burgers op te lei vir die verdediging van die kolonie.[34] Dit was niks nuuts nie, want burgers is reeds as soldate gebruik teen die Britse veroweraars van 1795.[35] Janssens was egter meer afhanklik van die burgers as voorheen en reeds op 21 Julie 1803 is die instelling van 'n kompanie Ligte Veldruiters met dieselfde loon as Ligte Dragonders aangekondig, om die korrespondensieposte deur die

---

32. Memorie van Janssens oor verdedigingsmiddele. (V.C. 138, pp. 86 - 90.)

33. Spilhaus, a.w., p. 373. Kyk ook p. 56 hieronder.

34. Spilhaus, a.w., p. 317. Ander verdedigers was in elk geval nie beskikbaar nie.

35. Kyk o.a. H.F. Nel : Die Britse Verowering van die Kaap in 1795. M.A.-verhandeling. Universiteit van Kaapstad, 1967. pp. 24 - 27.

kolonie te beset.[36]

Die kompanie sou bestaan uit altesaam een-en-tagtig man, waaronder vier-en-sestig ruiters, 'n bevelvoerende offisier en twee luitenante. Flukse jong manne is genooi om hulself vir 'n tydperk van een jaar aan te meld. Hulle moes self 'n perd aanhou en alle uitrusting moes so eenders as moontlik wees. Hulle moes self 'n uniform aanskaf, maar wapens sou aan hulle uitgereik word. Die kompanie se werk sou wees om genoemde poste te beman, bevele oor te dra en geleiders te verskaf.

Die burgers sou egter nog 'n groter rol in die verdediging van die land speel, want daar sou ook 'n burgermilisie in die lewe geroep word.[37] Die gerugte in September 1803 in verband met die hernude oorlog in Europa, het die Burger-senaat in Kaapstad laat besluit om 'n beroep te doen op alle geskikte mans in Kaapstad om hulself vir die vorming van 'n plaaslike korps van die Burgermilisie (ook Landsmilisie genoem) aan te meld.[38]

Janssens se algemene mobilisasieplan is op 25 Augustus 1803 aangekondig,[39] met 'n vleiende oproep aan alle geskikte mans om die kolonie te help verdedig. Alhoewel almal nog hoop op vrede, sal dit egter betaal om vir oor-

---

36. Kennisgewing in Kaapsche Courant, dd. 21.7.1803.

37. Kennisgewing in Kaapsche Courant, dd. 25.8.1803.

38. Wilmot & Chase, a.w., p. 230.

39. B.R. 149, p. 21 : Proklamasie dd. 25.8.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 62 - 64.)

log voorbereid te wees. Een van die middele wat ter verdediging van die land aangewend sou word, was die instelling van 'n burgermilisie.

Verder het die Goewerneur verklaar dat hy daarvan bewus is dat alle vaders en seuns nie huis en haard kon versaak om die hoofstad te verdedig nie, aangesien dit hulle aan binnelandse onluste sou blootstel. Hy beplan daarom om elke sesde man op te roep, maar sal nogtans vrywilligers verwelkom. Indien die vrywilligers meer as die een uit elke ses man sou wees, sou die eerste rekwisisie deur die lot bepaal word; indien minder, sou die veldkornette diegene oproep met die minste verpligtinge. Hulle sou dan te alle tye gereed moes wees.

Die veldkornette sou nogtans 'n naamlys van alle weerbare manne opstel en aan die Landdros en Heemrade voorlê, waarop ook aangetoon sal word wie eerste opgeroep moes word en wie hulle sou aanvoer. Hierdie manne sou, so lank as hulle in regeringsdiens was, dieselfde lewensmiddele as die mees bevoorregte soldate ontvang. Hulle sou onder hulle eie offisiere dien, maar in die korps van 'n gereelde offisier. Die Goewerneur behou egter die reg om, indien nodig, meer manne te kommandeer.[40] Op dieselfde dag het hy die inwoners wat voorheen soldate of matrose in die diens van die Kompanjie was, ook opgeroep.[41]

---

40. Ibid. Ook Kaapsche Courant, dd. 3.9.1803.

41. Spilhaus, a.w., pp. 347 - 348.

Op 28 Junie 1804 is die bepalings vir militêre diensplig uiteengesit waarin die mense wat aan die Kaap was, verdeel is in die volgende groepe : Eerstens die werklike burgers, wat saam met die tweede groep, naamlik diegene wat voorheen hier gewoon het sonder om werklik burgers te wees, ingedeel sou word in twee kompanies hulptroep-artillerie. Die derde groep was die gereelde soldate terwyl die vierde groep diëgene was wat voorheen onder die Kompanjie as soldate gewerk het. Die vyfde was die Britse onderdane, wat toestemming verkry het om in die land te bly, van wie slegs gehoorsaamheid aan die land en regering wat aan hulle beskerming verleen verwag word. Die sesde en laaste groep was vreemdelinge wat met of sonder reg van verblyf in die land vertoef het. Niemand sou voorlopig bykomende dienste opgelê word nie, maar naamlyste van al hierdie groepe moes by die Goewerneur ingehandig word.[43)]

Veldkornette was 'n baie handige klas offisier, wat geleidelik die werk van die "Korporaals van Milisia" en die "Veldwachtmeesters" oorgeneem het. Elke distrik was verdeel in ses wyke met 'n veldkornet elk, genomineer deur die Landdros en aangestel deur die Goewerneur. Vir militêre doeleindes is die veldkornette gebruik om die burgers op te roep en te lei wanneer dit deur die Landdros vereis word. Die burgers is volgens ouderdom in drie klasse verdeel : die eerstes wat vir diens opgeroep word was diegene

---

42. B.R. 149, p. 52 : Kennisgewing dd. 28.6.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 149 - 151.)

43. A.G. 63, p. 407 : Publikasie dd. 6.10.1804. (Plakkaatboek VI, p. 200.)

tussen sestien en dertig jaar; tweedens dié tussen dertig en vyf-en-veertig jaar en laastens dié tussen vyf-en-veertig jaar en sestig jaar. As alle mans van 'n klas nie benodig was nie, is die ongetroudes en diegene sonder werk eerste opgeroep. Wie egter nie sodoende opgeroep is nie, kon gevra word om te help met die voorsiening van voorrade, kos, perde en vervoer.[44]

Wanneer hulle in die veld was, sou die verskillende afdelings van die burgers van 'n distrik onder die algemene bevel van 'n kommandant staan wat deur die Goewerneur aangestel is. Die veldkornette het later die rang van kaptein ontvang. Op hierdie wyse was die hele blanke bevolking van die kolonie vir militêre doeleindes georganiseer.[45]

Die Burgermilisie wat uit hierdie burgers saamgestel sou word, sou bestaan uit vyf kompanies ruitery wat elk onder hul eie kleure sou ry. Wat die getal van die burgermilisie ookal sou wees, moes eers bepaal word dat hulle wel betyds sou opdaag om Kaapstad in geval van 'n aanval te verdedig, maar ook of hulle lank genoeg daar sou kon bly. Huisvesting sou dus ook vir hulle in Kaapstad ingerig moes word.[46]

---

44. Theal : History of S.A., a.w., p. 130. Ook Roux, a.w., pp. 188 - 193.

45. A.G. 63, p. 243 : Proklamasie dd. 17.8.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 169 - 171.)

46. G.A. le Roux : Europese Oorloë en die Kaap (1652 - 1795). M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1941, p. 121.

### iii. Die Hottentotkorps

Naas die burgers was die Hottentotte die enigste ander bron van mannekrag vir Janssens se leër. Daarom moet die geskiedenis van die Hottentotkorps nagegaan word.

'n Afsonderlike Hottentotkorps is reeds in 1781 onder leiding van blanke offisiere gestig, bestaande uit 'n korps van 400 waarvan 200 in Valsbaai en 200 in Houtbaai en elders gebruik is.[47] Werklike professionele militêre diens het egter vir die Hottentotte eers in 1793 begin, toe Nederland in die oorlog teen Frankryk betrokke geraak het en die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap gereed moes maak om die kolonie teen 'n moontlike vyandige aanval te verdedig. Vanaf daardie datum was daar gekleurde troepe in diens van al die regerings aan die Kaap tot in 1870. Die Hottentottroepe is altyd aangevoer deur blanke offisiere en die Hottentotte was blykbaar altyd goeie skuts.[48]

Tot met die koms van die Eerste Britse Besetting, is die Hottentotte as onbekwaam vir militêre diens beskou.[49] Onder die Britse bewind het sir James Craig etlike honderde van hulle in 'n bataljon onder maj. Campbell in Britse diens geneem. Die Britte was baie tevrede met hulle

---

47. Anna J. Boëseken : Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap. Argiefjaarboek, 1944. p. 79.

48. J.S. Marais : The Cape Coloured People. 1652 - 1937. Johannesburg, 1957. p. 132.

49. V.C. 58 : Wilson's Description, p. 22.

militêre moontlikhede en vordering.[50] Barrow en Craig se entoesiasme mag oordrewe wees, maar die Hottentotte was skynbaar baie gelukkig onder hul Britse meesters.[51]

Die Britte se grootste doel was eintlik om die Hottentotte teen die koloniste te beskerm, want volgens die Britte het die wreedhede van die koloniste teenoor die Hottentotte daartoe gelei, dat hulle gemene saak met die Bantoes gemaak het met die plundering van die kolonie. Om hulle weer daaruit te kry en teen die wraaksug van die koloniste te beskerm, is hulle deur middel van Maynier veiligheid en onderhoud in die kolonie belowe. Dit was hierdie Hottentotte, meesal met vrouens en kinders by hulle, wat Janssens met die oorname van die Kaap in 1803, aan die Liesbeeck rivier geleër gevind het.[52]

Die Kommissaris-generaal, De Mist, het 'n spesiale opdrag gehad om uit te vind of dit nuttig sou wees om die bestaande Hottentotkorps te handhaaf. Reeds op 11 Januarie 1803 was hy daarvan oortuig dat die korps behou moes word en lewer sy rapport aan die Bataafse regering op 24 Februarie 1803. Die korps het toe 306 diensdoende mans, 130 ander mans, 289 vroue en 237 kinders getel.[53]

---

50. Ibid., pp. 22 - 23. Ook Barrow, a.w., pp. 49, 50 en 107.

51. Van der Merwe, a.w., pp. 242 - 243.

52. Ibid., pp. 241 - 242. Ook Theal : History of S.A., a.w., p. 106.

53. Van der Merwe, a.w., p. 242.

Janssens het aan die Hottentotte vryheid belowe om te kom en gaan, maar hy het ook daaraan gedink om van hulle in die leër te gebruik, of anders as arbeid op die plase. Hy het die kamp by Rietvlei voorlopig so laat bly, wagtende op advies van sy regering. De Mist se uitspraak oor die Hottentotte is minder gunstig as dié van die Britte as hy hulle 'n versameling luiaards, slapers en dronkaards noem, terwyl Janssens ook sê hulle gaan hulle te maklik te buite aan sterk drank, of dat hulle slaap as hulle nie onder streng toesig was nie.[54)]

Die kern van die korps het egter bly voortbestaan, want ook op 8 Junie 1804 het die Staatsbewind besluit om die korps te behou. F.S.V. le Sueur is aangestel as bevelvoerder met die rang van majoor.[55)]

Na die vertrek van die 23ste Bataljon na Batawië, moes Janssens alle middele aangryp om die volksplanting teen 'n moontlike Britse aanval te beskerm en probeer hy om 'n sterk Hottentotkorps te vorm. Hy moes egter versigtig te werk gaan omdat die Hottentotte op die plase ook nodig was as arbeid.[56)] Die burgers moes help deur geskikte Hottentotte vir dié doel na Kaapstad te stuur en indien die Hottentotte onwillig was, moes hulle gestuur word onder die voorwendsel dat hulle daar sou gaan werk. Die korps is in Januarie 1804 na Wynberg oorgeplaas.[57)]

---

54. Ibid., pp. 244 - 245.

55. Ibid., p. 246.

56. Ibid., pp. 246 - 247.

57. P.E. Roux : Die Geskiedenis van die Burger Kommando's in die Kaapkolonie (1652 - 1878). Proefskrif, Universiteit Stellenbosch, 1946. pp. 187 - 188.

Janssens het besluit om die korps volgens sy verdedigingsplanne te reorganiseer en te versterk aangesien versterkings uit Nederland buite die kwessie was. Die eerste versterking van die korps was met eenhonderd man, maar Janssens het 'n beroep op die burgers gedoen om die Hottentot-arbeiders vir dié doel af te staan eerder as om self te moet aansluit. Later is die korps vergroot tot 600 en Le Sueur is bevorder tot die rang van luitenant-kolonel.[58)]

Janssens was spoedig in sy skik met die korps en wou dit in 1805 selfs met 'n verdere 130 man vergroot, maar weens klagtes van die kant van die burgers oor die bewapening van die Hottentotte moes hy die plan laat vaar. Kort voor die tweede verowering van die Kaap deur die Britte, was die korps dus ongeveer 600 man sterk en daar was selfs sprake om die blanke soldate heeltemal met Hottentotte te vervang.[59)] Hulle is in 'n baie diensbare korps verander deur offisiere wat hulle verstaan het.[60)]

Hoewel die Hottentotte se pogings om te dril aanvanklik as belaglik bestempel is, het hulle in die kommando's sy aan sy met die blankes teen die Bantoes geveg. Hulle uithouvermoë was baie groter as dié van die blankes, hoe-

---

58. B.R. 149, p. 46 : Kennisgewing dd. 15.4.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 124 - 128.) Ook W.J. de Kock : Reize in de binnen-landen van Zuid-Africa deur Paravicini. Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1965. Veral die Inleiding. p. v.

59. Roux, a.w., p. 365.

60. Theal : History of S.A., a.w., p. 136.

wel hulle klein van postuur was, ongeveer vyf voet lank. Hulle kon goed skiet en goed spoorsny, al het hulle koddige figure in uniform geslaan.[61)]

Die Hottentotte het egter ook hulle deel tot Janssens se probleme bygedra. Behalwe dat hulle onwillig was om hulle vee en vrouens agter te laat en 'n mens nie altyd van hulle trou verseker kon wees nie, het agt-en-twintig soldate en drie korporaals op 20 Februarie 1805 met hulle gewere gedros en gevangeneming ontwyk totdat die korporaals geskiet en die soldate daarna gevang is.[62)]

Barrow het geweldig baie oor die Hottentotte te sê gehad en hulle steeds as meerderwaardig teenoor die "boere" beskou.[63)] Volgens P.J. Viljoen het Barrow se gebrek aan kennis van die Hollandse taal en sy antipatie teenoor die koloniste veroorsaak dat hy die koloniste nie verstaan het nie; daarom moes hy die meeste van sy informasie elders kry en het hy soms doelbewus die waarheid verdraai om sy argumente te staaf. Dit alles maak sy werk, veral sover dit die koloniste aanbetref, onbetroubaar.[64)]

---

61. P.W. Laidler : A Tavern of the Ocean. Kaapstad, 1952. pp. 119 - 120. Ook V.C. 58 : Wilson's Description, a.w., p. 27 en Roux, a.w., pp. 262 - 363 en 367 - 368.

62. Roux, a.w., pp. 364 - 365. Ook Theal : History of S.A., a.w., pp. 136 - 137 en Laidler, pp. 119 - 120.

63. Barrow, a.w., verskeie plekke.

64. P.J. Viljoen : Barrow en die Kaapse koloniste. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1937. p. 45.

Volgens Wilmot en Chase, het Barrow die meeste van sy inligting van Maynier gekry, wat, soos ons weet, min rede tot liefde vir die koloniste gehad het.[65] Ook Wilson[66] gee 'n ongunstige beskrywing van die koloniste, maar hy was waarskynlik onder die invloed van Barrow se boek.

### iv. Die res van die Kaapse leër

#### (1) Algemeen

Onder moeilike omstandighede moes Janssens so goed as wat hy kon probeer om 'n leër voor te berei. Hy sê self dat hy nie glo dat daar ooit, solank daar gereelde troepe in die wêreld bestaan het, so 'n samestelling van troepe was soos dié van die Kaap nie. Dit geld vir die soldate, die onder-offisiere sowel as die offisiere. Janssens kla dat die opperbevelvoerder oor die troepe, kol. P.J. Henrij, Franssprekend en onbekwaam was. Ook die offisiere het uit 'n mengelmoes van nasies bestaan. Intussen het Janssens ook vier van die beste kapteins verloor.[67] Soos in die Staatsdiens, het Hottentotte, Maleiers, slawe, vrye swartes en elke moontlike kleur, in die leër saamgewerk. Daar was werk om te doen, dus kon die hande nie nog uitgesoek word nie.[68]

---

65. Wilmot & Chase, a.w., p. 220.

66. V.C. 58 : Wilson's Description, a.w., pp. 22 - 23.

67. V.C. 80 : Janssens se rapport aan Schimmelpenninck dd. 27.1.1806. Litt. T : Zamenstelling der troepen. pp. 292 - 296.

68. Spilhaus, a.w., p. 374.

## (2) Huurtroepe (Waldeckers)

Nederland het heeltemal te min inwoners gehad om ook nog troepe aan die Kaap af te staan.[69] Daar moes dus gebruik gemaak word van huurtroepe, indien hulle te kry was en die geld om daarvoor te betaal gevind kon word.

Toe die Bataafse Republiek op grond van die Vrede van Amiëns van 27 Maart 1802 die Kaapkolonie van die Britte terug ontvang het, het Duitse militêre vir die laaste keer na die Kaap gekom. Toe Janssens Nederland verlaat, het hy ook die garnisoen wat vir die Kaap bedoel was, met hom saamgeneem, waaronder ook die huurtroepe van Waldeck.[70]

Op grond van 'n ooreenkoms van 13 April 1802, het vors Friedrich II van Waldeck troepe aan die Bataafse Republiek beskikbaar gestel en belowe om die eenhede op sterkte te hou. Van die vier bataljons wat reeds in Nederland was, is die 5de Bataljon na die Kaap gestuur. Die bataljon het bestaan uit een jager-en ses fusilier kompanies onder owerste Wilmowsky, 'n offisier wat op die heenreis verdrink het toe die skip Vreede vergaan het.[71]

Janssens was baie tevrede met die Waldeckers, sodat hy van hulle gebruik het om ander troepe op te lei. Van hulle het ook vir Janssens op sy landreise vergesel en

---

69. J. Prinz : Das Wurttembergische Kapregiment 1786 - 1808. Stuttgart, 1932. pp. 1 - 3.

70. E. Moritz : Die Deutschen am Kap unter Holländischen Herrschaft 1652 - 1806. Weimar, 1938. p. 327.

71. Ibid., p. 328.

heelwat van hulle offisiere is ook bevorder.[72)]

Dit het egter nie met die Waldeckers aan die Kaap baie goed gegaan nie, want die garnisoenlewe was vervelig en heimweë het hulle verteer. Toe die dienstyd van sommige van hulle in 1803 om was, kon hulle weens die hernude oorlog in Europa nie na Duitsland terugkeer nie.[73)]

Volgens lt.-kol. Wilson was baie van die Waldeckers Oostenrykse en Hongaarse gevangenes wat aan die Nederlanders verkoop is.[74)] Hul enigste belang aan die Kaap was hul salaris,[75)] daarom het baie van hulle gedros, ander het selfmoord gepleeg en die moontlikheid het bestaan dat van hulle met die Britte 'n ooreenkoms aangegaan het om op die slagveld verraad te pleeg. Wilson ontken die bewering,[76)] maar Janssens sê dat hy ook vertroulik van die ooreenkoms verneem het.[77)]

Dit dan, was een van die volledigste afdelings in die Kaapse leër, waarop Janssens baie staatgemaak het.

---

72. Ibid., pp. 329 - 330.

73. Ibid., p. 330.

74. V.C. 58 : Account of the Conquest of Cape Colony and Cape Memoranda 1805-6. Lt.-kol. Robert Wilson van 20ste Ligte Dragonders. pp. 34 - 35.

75. Cory, a.w., p. 146.

76. V.C. 58 : Wilson's Account, a.w., pp. 34 - 35.

77. V.C. 80 : Bylae tot Janssens se rapport, Samestelling van die Troepe, pp. 300 - 301.

## (3) Maleiers, Slawe, Kleurlinge, Oudgediendes

In November 1804 is die Asiate in en om Kaapstad as vrywilligers ingesluit in 'n korps wat die Javaanse of Maleise artillerie genoem is. Hulle is met veldkanonne en met die kanonne in die forte gedril totdat Janssens hulle 'n hoogs doeltreffende en betroubare mag van hulptroepe genoem het.[78]

In Oktober 1804 het Janssens aangekondig dat 'n Vrye Korps of Vyfde Kompanie van Milisia, bestaande uit Kleurlinge, Hottentotte en ander gekleurdes gevorm is in een of meer kompanies onder dieselfde voorwaardes as beroepsoldate.[79] Nog in Oktober het Janssens aangekondig dat dit almal se plig was om die land te verdedig. Die pligte is egter eweredig verdeel en slawe is ook eweredig van almal gekommandeer, terwyl slawe-eienaars vergoed sou word vir die slawe wat hulle in gevegte sou verloor.[80]

Janssens het ook eindelik kleurlingsoldate in die veld gehad, maar hulle was die eerste om met die bars van die bomme op die vlug te slaan.[81]

De Mist het ook reeds op 28 September 1803 aangekondig dat persone wat onder die Kompanjie as soldate of ma-

---

78. Theal : History of S.A., a.w., p. 136. Ook Laidler, a.w., pp. 119 - 120.

79. Spilhaus, a.w., pp. 372 - 373.

80. B.R. 115, p. 601 : Proklamasie dd. 6/7.10.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 201 - 202)

81. Roux, a.w., p. 366. Min getuienis kon hievoor opgespoor word.

trose gedien het, opgeroep is om vir militêre diens voor 'n spesiale militêre kommissie te verskyn. Twee kompanies hiervan sou in die Kasteel en in die batterye diens doen.[82)]

(4) Franse matrose (Skipbreukelinge)

Janssens het uit Nederland opdrag ontvang om met die Franse saam te werk en indien nodig die bevel aan 'n gelyke of hoër Fransman oor te gee, want die Franse was van plan om die Bataafse kolonies te beskerm. Schimmelpenninck het geskryf dat hulle alles sal doen om te help, maar die Republiek se finansies was haglik.[83)] Nederland was ook glad nie meer so seker van die waarde van die Kaap nie. Geen Fransman het egter ooit opgedaag om die Kaap te help verdedig nie. Daar was egter eindelik 'n bataljon Franse matrose en seesoldate wat deur Janssens aangewend is. Die meeste was afkomstig van die gestrande fregat Atalanta. Die res was afkomstig van die korvette Napoleon, wat deur die Britse skip Narcissus, wat 'n paar dae voor die Britse aankoms naby die Kaap was, op die strand gedryf is.[84)]

Reeds op 25 Januarie 1804 het Janssens aangekondig dat die Kaapse burgers huisvesting aan Franse krygsgevangenes, wat aan die Kaap beland het, moes verleen en hulle vriende-

---

82. B.R. 149 : Proklamasie dd. 28.9.1803. Ook Spilhaus, a.w., p. 371 en Wilmot & Chase, a.w., pp. 230 - 231.

83. Schimmelpenninck aan Janssens, Junie 1804, soos aangehaal in Spilhaus, a.w., pp. 381 - 382.

84. Wilmot & Chase, a.w., p. 234, voetnoot. Kyk ook p. 105 hieronder vir meer besonderhede.

like gasvryheid moes betoon, gedagtig daaraan dat hulle bondgenote was.[85] Nogtans was Janssens en De Mist self nie baie gediend met die Franse invloed nie.[86]

(5) Die Kaapse seemag

Die Kaapse seemag was verteenwoordig deur een oorlogskip, die Bato met vier-en-twintig kanonne, wat in 'n afgetakelde toestand in Simonsbaai gelê het en een kruiser, die Jupiter, van 400 ton en agtien kanonne, wat nie in staat was om ter see te gaan nie as gevolg van die byna algehele afwesigheid van vlootvoorrade.[87]

c. Verdere probleme van Janssens

i. Algemeen

Hoewel Janssens vir die verdediging van die Kaap meer en meer van die burgers se hulp gebruik moes maak, het hy ook ondervind dat dit uiters moeilik was om 'n sterk burgermag op 'n gereedheidsgrondslag te hou, aangesien die insameling van die oes dikwels veroorsaak het dat die burgerartilleriste en manskappe vir die duur van oestyd van diens onttrek moes word.[88]

Terwyl Janssens besig was om die kolonie vir 'n moontlike botsing met die Britte voor te berei, het probleme met

---

85. B.R. 115, pp. 377 - 378 : Proklamasie dd. 25.1.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 110 - 111).

86. Theal : History of S.A., a.w., p. 125.

87. G.E. Cory : The Rise of South Africa. Deel I. Kaapstad, 1965. p. 143.

88. V.C. 80 : Janssens se rapport, a.w., p. 14.

die Xhosas op die Oosgrens en met die Boesmans op die Noordgrens ook ontstaan, sodat Janssens genoodsaak kon word om sy skamele verdedigingsmag ook nog te verdeel.[89] Janssens se troepe was reeds versprei oor die hele Kaapse Skiereiland[90] en Janssens was magteloos om hierdie probleme ook op te los. Hy het egter 'n aantal troepe by die Gamtoosrivier gelaat en 'n beroep op die koloniste gedoen om hulle onderlinge geskille te laat vaar en te probeer om nie met die Bantoes te bots nie.[91]

By al sy ander probleme moes Janssens ook nog kla dat die geringe militêre uitrusting tot sy beskikking reeds verslete was, terwyl sommige artikels, soos kledingstukke, nog nie die Kaap van Nederland af bereik het nie.[92]

Asof hy nie reeds genoeg probleme aan die Kaap gehad het nie, was Janssens self in November en Desember 1804 langdurig siek en kon hy nie al sy kragte aan militêre voorbereidings wy nie.[93] Verder is Janssens se adjudant en regterhand, Paravicini di Capelli, op 20 April 1805, ook na Nederland verplaas en Janssens het 'n bekwame offisier verloor, wat die Kolonie goed geken het en nie maklik vervang kon word nie.[94]

---

89. Spilhaus, a.w., p. 376 en verder.

90. Theal : History of S.A., a.w., p. 137.

91. Roux, a.w., p. 187.

92. V.C. 80 : Janssens se rapport, a.w., pp. 13 - 14.

93. De Kock, a.w., Inleiding, p. xx.

94. V.C. 138 : Uittreksels uit dokumente van Janssens, Kennisgewing dd. 10.4.1805. Ook Kaapsche Courant, dd. 27.4.1805.

### ii. Die oeste en die opberging van graan

Om vir die moontlike verwikkelinge in die Europese oorlog voorsiening te maak, wou Janssens graag die nodige voedselvoorrade vir die troepe opberg.[95)] In Kaapstad moes groot voorrade vir 'n moontlike beleëring opgeberg word, maar ook buite Kaapstad, sodat wanneer Kaapstad verower word, die leër na die binneland kon terugval en die vyand dan van die voorrade afsny.[96)] Ongelukkig het die jaar 1803 - 1804 'n swak oes gelewer, terwyl die oes van 1804 - 1805 buitengewoon swak was as gevolg van aanhoudende droogte,[97)] sodat die regering later verplig was om die verbruik van brood te rantsoeneer.[98)] Die droogte het ook die beeste en skape nadelig getref.[99)] 'n Gebrek aan koring aan die Kaap was egter niks nuuts nie, want dit het onder andere ook voorgekom in 1797, 1800 en nou ook weer onder die Bataafse Bestuur in 1805.[100)]

---

95. F.G. Lamprecht : Die Bataafse Republiek aan die Kaap, 1803 - 1806. M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, 1946. p. 82.

96. Theal : History of S.A., a.w., p. 136. Ook Spilhaus, a.w., p. 372.

97. Theal : History of S.A., a.w., p. 136. Ook Spilhaus, a.w., p. 372 en Lauts, a.w., p. 157.

98. B.R. 149, Proklamasie dd. 19.9.1804. Ook Theal : History of S.A., a.w., p. 136 en Lauts, a.w., p. 157.

99. Janssens aan die Asiatiese Raad, dd. 8.1.1805. (V.C. 138 : Uittreksels uit dokumente van Janssens, p. 107.)

100. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 13 - 14. Ook Janssens aan die Asiatiese Raad, 8.1.1805. (V.C. 138 : Uittreksels uit dokumente van Janssens, p. 107.)

Om die probleme as gevolg van die nypende koringtekort die hoof te bied, tref die regering die volgende voorsorgmaatreëls : groot hoeveelhede rys word ingevoer;[101] voedsel mag nie sonder toestemming uitgevoer word nie;[102] koring mag nie aan perde gevoer word nie.[103] Op 27 September 1804 is 'n kommissie aangestel om die moontlike graanopbrengs te ondersoek en die opbrengs te skat met die oog op berging vir 'n moontlike oorlog. Die Kommissie se opdrag was om vas te stel hoeveel van die oes reeds ingesamel is, hoeveel nog verwag kan word en hoeveel die regering daaruit kon verwag.[104] Verder het die regering besluit om hoeveelhede graan aan te koop, veral in die omgewing van Swartkopsrivier waar 'n redelike oes verwag is, om dit by Algoabaai te berg. Ongelukkig sou die oes nie voor Januarie 1806 uit die boere se hande wees nie.[105]

Die kommissie se verslag was vertroostend. Die nuwe oes was besig om in te stroom en die regering het homself gelukgewens dat die hoofstad vir die volgende jaar van brood verseker sou wees, toe die langverwagte Britse aanval op hierdie ongeleë tydstip eindelik gekom het.[106]

---

101. Lauts, a.w., p. 157.

102. B.R. 115, p. 585 : Kennisgewing dd. 26/28.9.1804. (Plakboekboek VI, p. 193.)

103. B.R. 115, p. 573 - 574 : Kennisgewing dd. 19.9.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 181 - 185.)

104. B.R. 115, p. 581 : Advertensie dd. 27.9.1804. (Plakkaatboek VI, p. 190.) Ook B.R. 115, p. 617 : Kennisgewing dd. 24/25.10.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 106 - 107.)

105. Theal : History of S.A., a.w., p. 136.

106. V.C. 80 : Janssens se rapport, a.w., pp. 13 - 14.

## 3. Janssens se voorbereidings

### a. Algemeen

Nadat De Mist vertrek het, sou Janssens nog nege maande lank oor die Kaap regeer, maar onder baie moeilike omstandighede. Hy was heeltemal van die moederland geisoleer met 'n baie swak troepemag, en tog moes hy die kolonie in 'n staat van verdediging bring. Met groot ywer en inspanning het hy sy leër aangevul met burgers, Hottentotte en Javane,[107] hulle geoefen en alles moontlik gedoen om 'n militêre gees onder die burgers te laat posvat deur vleiende toesprake.[108] Alle groepe moes vir die verdediging gereed gemaak word, naamlik soldate, burgers, Hottentotte, vrye swartes, Maleiers, Javane, Chinese en Perse.[109]

In 1804 is aan die oostelike voet van Tafelberg 'n leërplek deur die linietroepe betrek, waar dragonders, burgerkavallerie en artillerie met agtien veldstukke byeen gebring en daagliks geoefen is.[110] Die oorlog het egter te gou weer ontvlam, nog voordat alles aan die Kaap in gereedheid gebring was en voordat alle verwagte voorrade reeds aangekom het.[111]

---

107. Kyk pp. 47 - 62 hierbo vir meer besonderhede.

108. Theal : History of S.A., a.w., pp. 109 en 136. Ook Cambridge History VIII, a.w., p. 197.

109. Janssens aan Staatsbewind, dd. 21.12.1804. (V.C. 138, a.w., p. 52.)

110. Lauts, a.w., p. 156.

111. Memorie van Janssens oor verdediging. (V.C. 138, a.w., pp. 86 - 90.)

b. Die oorlog in Europa hervat

Die Vrede van Amiëns was nie van so 'n permanente aard as waarop gehoop kon word nie en 'n aanval op die Kaap was dus weer eens moontlik.[112] Op 6 Julie 1803 het De Mist vanaf Nederland berig ontvang dat die oorlog in Europa weer dreig. Hy moes alles in sy vermoë doen om die Kaap te verdedig, dog hy mog geen vyandelike daad teen die Britse Kroon, of enige van hul besittings begin, of toelaat dat dit gedoen word nie.[113]

Op 25 September 1804 het De Mist egter formeel sy gesag aan die Kaap as Kommissaris-generaal neergelê, sodat die Goewerneur in staat sou wees om onafhanklik op te tree. Die groot probleem was om die Kaap in 'n staat van verdediging te plaas, aangesien almal geglo het dat die Kaap een of ander tyd deur die Britte aangeval sou word. Hoewel Janssens en De Mist hartlik saamgewerk het, het De Mist gevoel dat hy te min van verdediging af weet en dat die Goewerneur, op wie die verantwoordelikheid vir die verdediging van die Kaap sou rus, die alleengesag moes hê om op te tree na goeddunke.[114]

---

112. Kyk p. 7 hierbo vir meer besonderhede.

113. Brief van het Staatsbewind der Bataafse Republiek aan De Mist, dd. 15 Maart 1803. (Theal : Belangrijke Historische Documenten over Zuid-Afrika. Deel III p. 193)

114. Theal : History of S.A., a.w, pp. 125 - 126. De Mist het selfs by Stellenburg gaan woon om aan sy verslag te werk.

De Mist het op 25 Februarie 1805, met die Silenus van New York via Amerika na Nederland teruggekeer, waar hy op 8 Julie 1805 aangekom het.[115)]

Ondertussen was daar aanhoudende gerugte oor die moontlike hervatting van die oorlog in Europa, selfs so vroeg as in September 1803.[116)] Die Goewerneur het egter nie geweet wat werklik oorsee aan die gang was nie. Daar was die veronderstelling dat Napoleon op die punt gestaan het om Brittanje binne te val. Janssens het gehoop dat daar voldoende Franse en Nederlandse skepe beskikbaar sou wees om 'n aanval op die Kaap af te weer, dog hy het min hoop gehad dat diê aanval, wanneer dit sou kom, anders as oorweldigend sou wees.[117)] Janssens sê self dat daar reeds vir ongeveer sestien maande verskeie aanduidings was dat 'n aanval op die volksplanting gemaak sou word.[118)]

Die oorlog in Europa het reeds in Mei 1803 weer uitgebreek,[119)] dit wil sê, ongeveer vier maande nadat Janssens en De Mist die Kaap oorgeneem het.

Janssens het op 22 Julie 1803 die berig ontvang dat die oorlog in Europa hervat is, terwyl hy besig was om die

---

115. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer : Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel 1. Kaapstad, 1951. p. 219.

116. Wilmot & Chase, a.w., p. 230.

117. Spilhaus, a.w., p. 362.

118. V.C. 80 : Janssens se rapport, a.w., p. 13.

119. Van der Walt, Wiid en Geyer, a.w., p. 219. Ook S.F.N. Gie : Geskiedenis vir Suid-Afrika. Deel II. Stellenbosch, 1951. p. 101. Kyk ook p. 7 hierbo.

probleme op die Oosgrens te ondersoek en by Plettenbergsbaken was.[120] Aangesien die Bataafse Republiek so stewig aan Frankryk verbind was, sou hy ook in die oorlog moes deel. Janssens het hom dus dadelik na Kaapstad teruggehaas om voorbereidings vir die verdediging te gaan tref.[121] Hy het dadelik 'n groot militêre kamp by die Liesbeeckrivier ingerig waar hy drie maande lank by sy troepe vertoef het.[122]

c. Die seindiens en binnelandse stasies

Op die laaste dag van die jaar 1803 het Janssens probeer om die snelle aflewering van regeringsboodskappe vanaf Kaapstad na die binneland te bewerkstellig. Almal langs die roete was verplig om aflewering te bespoedig en enige nalating daarvan sou as 'n vyandige daad teenoor die Vaderland gestraf word.[123] Ook die veldkornette is aangespoor om die bekendmaking van regeringsproklamasies in die buitedistrikte te bespoedig.[124]

Die bestaande binnelandse posbodestelsel kon ook ingespan word vir die mobilisasie van die burgers en moes dus verbeter word. Op 21 Julie 1803 het Janssens die instelling van 'n binnelandse posdiens, wat die bevele van die

---

120. Theal : History of S.A., a.w., p. 108. Ook Lauts, a.w., pp. 155 - 156.

121. Theal : History of S.A., a.w., p. 108. Ook Lauts, a.w., pp. 155 - 156.

122. Kaapsche Courant, dd. 6.10.1804.

123. Spilhaus, a.w., pp. 385 - 386.

124. B.R. 115, pp. 355 - 359 : Kennisgewing. dd. 11.1.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 105 - 106.)

regering so spoedig as moontlik na alle dele van die volksplanting sou bring, aangekondig. Die organisering van hierdie posdiens is aan Paravicini, wat na Nederland verplaas is maar weens gebrek aan skepe nog nie kon vertrek nie, opgedra.[125]

Janssens het reeds besluit om, as die kolonie aangeval en Kaapstad verower word, as laaste uitweg na die binneland te retireer [126] en in September 1804 het hy ook aan Paravicini opdrag gegee om binnelandse depots op te rig, te versterk en van voorrade te voorsien.[127] Dit was noodsaaklik om 'n gereelde posdiens met die binneland oop te hou, veral in tyd van oorlog, wanneer troepe en burgers langs die hoofroete moes reis. Vars perde, huisvesting, voer en verversings kon deur die boere langs die pad gelewer word, met vergoeding deur die regering.[128]

Op sy reis na Swellendam het Paravicini 'n menigte instruksies gelaat oor die inrigting van magasyne vir militêre voorrade; die plasing van soldate en veral die oprigting van 'n hele reeks seinposte met kanonne, drie toe vier uur uitmekaar, om die nuus van 'n aanval deur kanonskote in die kortste moontlike tyd aan die burgers bekend te maak.[129]

---

125. De Kock, a.w., Inleiding, pp. xvi - xx.

126. Colvin, a.w., p. 186. Ook Spilhaus, a.w., p. 371 en D.C.F. Moodie : The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers and the Zulus, etc. in South Africa. Vol. I. Kaapstad, 1888. p. 182.

127. Spilhaus, a.w., p. 371.

128. Roux, a.w., p. 185.

129. De Kock, a.w., Inleiding, p. xix. Ook Spilhaus, a.w., p. 372.

Hierdie seinkanonne sou op Saterdag 14 September 1804 getoets word. Hierdie berigte is aan almal bekend gemaak en ook dat indien hierdie seine op enige dag voor of na 15 September ontvang word, almal so spoedig as moontlik na hulle betrokke poste moes gaan om hulle vooraf aangewese take te vervul.[130)]

Op Swellendam is verder digby die kerk, 'n groot kruitmagasyn, waar ook eksperimente met die vervaardiging van kruit gemaak moes word, met 'n werkswinkel daarnaas, opgerig onder bevel van lt. Meyer.[131)]

Ten spyte van al hierdie voorbereidings, het dit met die werklike aankoms van die Britte, agt ure geneem voordat die nuus tot by Swellendam bekend was.[132)]

### d. Die wapark en vervoer

Janssens het besef dat hy in geval van 'n aanval van buite af, verseker moes wees van gereelde vervoer vir die troepe, bagasie, ammunisie en lewensbehoeftes.[133)] Om dit te verseker het hy 'n plan ontwerp om waparke deur rekwisisie binne die Hottentots-Holland- en Rhoodezand-klowe te begin. Die waparke in genoemde twee klowe sou aanvanklik

---

130. A.G. 63, p. 245 : Kennisgewing dd. 18.8.1804. (Plakkaatboek VI, p. 171.)

131. De Kock, a.w., Inleiding, p. xix. Ook Spilhaus, a.w., p. 372. Dit het later ontlof, die kerk is beskadig en lt. Meyer en 'n paar soldate is gedood.

132. Lauts, a.w., pp. 155 - 157.

133. A.G. 63, p. 361 : Kennisgewing dd. 24.9.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 185 - 188.)

bestaan uit 300 waens, met 'n gesamentlike bespanning van 800 perde en 2 000 osse. 'n Wameester-generaal sou die bevel oor 'n wapark voer. Die eerste persoon wat daarvoor aangestel is, was die Ritmeester van die Kompanjie se burgerkavallerie van die Kaapse distrik, Dirk Gysbert van Reenen.

Alle waens, perde en osse, was van 24 September 1804 af onder rekwisisie vir landsdiens gestel. Alle waens sou egter nie gelyktydig benodig word nie en die Wameester-generaal kon dadelik die naaste en geskikste waens binne die Kaapse en Stellenboschse distrikte kommandeer om die wapark te vorm. Elke wa moes bespan wees met agt goeie trekperde of tien goeie trekosse, met bekwame drywers en leiers. Die waens van die Kapenaars word gereserveer om die eerste bewegings van troepe te vervoer.

Dit was die veldkornette se werk om die burgers in hulle onderskeie wyke te verwittig tot watter rekwisisie hulle waens behoort. Die waens van die eerste rekwisisie moes met die eerste alarmskoot na hulle aangewese standplase gaan en daar bly solank hulle dienste nodig mag wees. Diégene wat die meeste voertuie besit, se waens word eerste aangevra en almal moes voer saamneem vir tien dae. Drywers en leiers sou dieselfde lewensmiddele as die soldate ontvang en een schelling per dag betaal word. Reëlings is ook getref dat persone nie hul plig sou ontduik nie. By Hottentots-Hollandkloof moes daar een honderd waens versamel, by Zoetemelksvallei tien en by Swel-

lendam vyftig.[134)]

Aangesien die regering nie osse besit het nie, word die burgers teen vergoeding gekommandeer om die nodige hooi vir die perde van die regeringsplaas Klapmuts aan te ry, veral in tyd van oorlog.[135)] Die burgers moes ook gars teen sestien schellings per mud en kaf teen veertien schellings per sak aan die regering lewer.[136)]

e. <u>Die militêre kommissie, konferensie en regbank</u>

Burgers wat onder die Kompanjie as soldate of matrose gedien het, sou ook vir verdediging ingespan word. Daarom is 'n militêre kommissie van offisiere aangestel om informasie daaroor in te win. Diegene aan wie daarna eervolle ontslag toegestaan word, sou ook die reg van inwoning aan die Kaap ontvang.[137)]

Alle manskappe onder die rang van offisier, krygsgevangenes, seeliede, ambagsliede, agtergeblewe herstellendes en almal wat voor die oorgawe van 1795 in diens van die Republiek of die Kompanjie was, of later hier aangekom het en tans in die Kaapse distrik en omgewing woon, moes hulle gedurende die week van 29 Augustus 1803 in die Ka-

---

134. Ibid.

135. B.R. 115, pp. 349 - 351 : Kennisgewing dd. 7.1.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 104 - 105.)

136. B.R. 115, p. 621 : Waarskuwing dd. 31.10.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 207 - 208.)

137. B.R. 149, p. 23 : Proklamasie dd. 25.8.1803. (Plakkaatboek VI, p. 65.) Ook Kaapsche Courant, dd. 25.8.1803.

steel voor die militêre kommissie aanmeld om aan hulle die verlangde inligting te verskaf.[138]

Op 11 Oktober 1803 is 'n militêre konferensie aan die Kaap gehou waarop uitvoerige verdedigingsprojekte bespreek en opdragte uitgedeel is. Behalwe die hoogste offisiere, was van die belangrikste siviele persone aan die Kaap teenwoordig.[139]

Verder is op 9 September 1803 reeds besluit om 'n militêre regbank aan die Kaap in te stel, veral vir appèlsake. Dit sou bestaan uit 'n hoofoffisier as president, twee lede van die Raad van Justisie en twee hoofoffisiere of kapteins. Die Prokureur-generaal sou die aanklaer wees en die jongste praktiserende advokaat die sekretaris. Almal sou deur die Goewerneur benoem word, maar die Raad van Justisie sou sy eie twee lede benoem. Hulle sou 'n jaar lank dien en daarna herverkiesbaar wees. Al hulle vonnisse wat lyfstraf en lewe raak, sou deur die Goewerneur hersien kon word. In ernstige gevalle sou 'n appèl na die Hoogste Militêre Vierskaar in Nederland nog moontlik bly.[140]

---

138. B.R. 149, p. 26 : Proklamasie dd. 28.9.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 72 - 73.)

139. De Kock, a.w., Inleiding, p. xvi. Die persone was : kol. P.L. Henij (bevelvoerder van die troepe), J. Claris (kol. en kapt. ter see), lt.-kol. Cordes, kapt. en adj. J.F. Benaij, militêre administrateur J. Deel, die Sekretaris R. de Klerk Dibbetz en L.M. Thibault (geboue).

140. A.G. 62, p. 22 : Publikasie dd. 19.9.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 67 - 70.)

f. Die twee bergpasse en die binneland

Janssens het Degrandpré se plan in gedagte gehad, naamlik om na die binneland te retireer indien Kaapstad verower word.[141] 'n Groep offisiere is daarom gestuur om die omstreke van die Kaap te verken ten einde hulle teen die Britte te probeer handhaaf en die plekke te bepaal wat geskik sou wees vir die aanlê van voorraadskure. Janssens het tereg begryp dat die kolonie nie afhanklik moes wees van die verowering van Kaapstad nie.[142]

Soos Van Riebeeck die Liesbeeckrivier as die verdedigingslyn van die nedersetting beskou het, só beskou Janssens 'n eeu en 'n half later die Hottentots-Hollandberge en bring verskeie besoeke daaraan.[143]

Janssens het op 'n algemene krygsplan besluit wat hom sou toelaat om, selfs al word Kaapstad verower, sy magte agter die Hottentots-Hollandkloof saam te trek en die vyand van die binneland af te sny.[144] Indien Kaapstad ~~in~~ in die vyand se hande val, kon die twee passe wat toegang tot die binneland verleen, naamlik Rhoodezand, naby Tul-

---

141. Spilhaus, a.w., p. 351. Degrandpré was 'n reisiger wat die Kaap moontlik eers in 1793 besoek het en 'n boek geskryf het : "Voyage a la Côte Occidentale d'Afrique fait dans les années." Die tweede volume bevat 'n "description militaire" oor die Kaap. (V.S. Forbes, Pioneer Travellers in South Africa, p. 128.)

142. Lauts, a.w., p. 156.

143. De Kock, a.w., Inleiding, p. xviii.

144. V.C. 58 : Wilson's Description, p. 55. Ook Lauts, a.w., p. 156; Colvin, a.w., p. 186 en De Kock, a.w., p. xviii.

bach, en die Hottentots-Hollandkloof, op die kuspad na Swellendam, beset word. Sodoende kon die toegang tot die binneland afgesny word, asook die toevoer van graan na Kaapstad, wat nie self voldoende voorrade koring en vee vir sy onderhoud besit het nie.[145)]

Hierdie strategie het egter eerstens meer soldate as waaroor Janssens beskik het, vereis. Daarom het hy besluit om slegs die Hottentots-Hollandkloof, wat hy as die belangrikste beskou het, te beset. Tweedens moes voorrade, voedsel en ammunisie by geskikte plekke anderkant die pas byeengebring word. Dit was reeds gedoen, maar weens die droogte sonder veel sukses.[146)]

g. Britse onderdane en vreemdelinge

Janssens moes ook maatreëls tref om die Kaap te beskerm teen moontlike vyandige optrede van die kant van die klompie Britse onderdane aan die Kaap.[147)] Daar was tussen sewentig en tagtig van hulle wat meesal hier gevestig is gedurende die Eerste Britse Besetting van die Kaap.[148)]

Eerstens is op 29 September 1803 beslag gelê op die ingesoute kosvoorrade wat aan die Britse regering behoort

---

145. V.C. 58 : Wilson's Description, pp. 57 - 58. Ook Colvin, a.w., p. 186.

146. Moodie, a.w., p. 182.

147. Spilhaus, a.w., p. 371.

148. Theal : History of S.A., a.w., p. 135.

het en aan die Kaap agtergelaat is, asook 'n bedrag van £11 351 (R22 702) wat in die hande van die Britse agent Pringle gelaat is. Hierdie bedraggie sou baie help om die reeds geringe fondse aan die Kaap aan te vul.[149)]

Verder is op dieselfde dag bepaal dat niemand met enige Brit of Britse organisasie enige handel, van watter aard ookal, mag dryf nie en alle skulde deur Kapenaars aan Britte is vrygeskeld. Almal moes egter opgawes instuur van sulke onderhandelings met Britte wat tot die skuld aanleiding gegee het.[150)] Op 4 Oktober word weer aangekondig dat skulde aan Britte wel betaal moes word.[151)] Op 10 November 1803 is aangekondig dat alle Britse onderdane hulle op Maandag 21 November voor 10h00 uur in eie persoon by die Kasteel moes aanmeld om 'n eed van onderwerping voor die Goewerneur af te lê.[152)]

Om die skending van regeringsbesittings te voorkom, word ook 'n beperking op die beweging van Britse onderdane geplaas. Hulle kon slegs rondbeweeg met die toestemming van die Goewerneur en die Prokureur-generaal, anders sou hulle as krygsgevangenes behandel word.[153)]

---

149. Ibid., pp. 109 - 110.

150. B.R. 115, pp. 259 - 264 : Proklamasie dd. 29.9.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 73 - 75.)

151. B.R. 115, p. 277 : Kennisgewing dd. 4.10.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 84 - 87.)

152. B.R. 115, p. 291 : Kennisgewing dd.10.11.1803. (Plakkaatboek VI, pp. 88.)

153. B.R. 115, pp. 395 - 403 : Proklamasie dd. 7/9.2.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 116 - 121.)

In Februarie 1804 is alle Britse onderdane beveel om die land binne twee maande in neutrale skepe te verlaat. Hulle kon ook na Nederland geneem word om vandaar na hulle land te gaan. Na twee maande kon hulle gearresteer en hulle besittings gekonfiskeer word. Sommiges kon met spesiale toestemming langer aanbly. Die burgers word belet om met diesulkes handel te drywe. Verdagtes kon steeds gearresteer word en waarskuwings is uitgestuur teen oproermakers en verraaiers.[154) Hierdie reëlings is egter nie almal streng toegepas nie.

Verder is op 27 September 1804 bepaal dat alle Britse onderdane op Maandag 30 Oktober, en in geval van alarm nog vroeër, hulle op Stellenbosch moes bevind, anders sou hulle gearresteer word. Almal moes twee maal per dag by die militêre kommissie rapporteer, maar diegene op die plase kon toestemming kry, om vir agt dae afwesig te wees. Die Prokureur-generaal sou 'n naamlys van alle Britse onderdane byhou. Alle toegewings het egter verval met die aankoms van die Britte en alle oortreders kon by die minste vermoede gearresteer word en selfs die doodstraf kry.[155)]

'n Aankondiging van 7 Oktober 1804 het alle persone, maar veral dié in militêre poste, gelas om toe te sien dat drosters en vreemdelinge gearresteer en uitgelewer word.[156)]

---

154. B.R. 115, pp. 395 - 403 : Proklamasie dd. 7/9.2.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 116 - 121.)

155. A.G. 63, p. 379 : Publikasie dd. 27.9.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 191 - 193.)

156. B.R. 149, p. 74 : Kennisgewing dd. 7.10.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 202 - 203.)

Vreemdelinge word alleen verblyf aan die Kaap toegesê met toestemming van die Goewerneur.[157] Geen vreemdelinge mag ook sonder toestemming buite Kaapstad gaan nie; oortreders sou gearresteer word. Die enigste uitsondering was bekende Franse.[158]

Op 27 Desember 1804 is ook 'n verbod geplaas op die verspreiding van onruswekkende gerugte, veral onder die bewoners van die platteland en veral deur slagtersjongens.[159]

h. Magasyne op Swellendam

Die sukses van Janssens se plan om na die binneland uit te wyk indien Kaapstad verower word, sou afhang van die doeltreffende toevoer van voedsel en militêre voorrade uit die binneland deur 'n reeks magasyne, minstens so ver as Swellendam. Die oprigting en voorsiening van hierdie magasyne is aan Paravicini opgedra in Augustus 1804. Hy het die opdrag tussen 2 en 19 September uitgevoer en op 22 September aan die Goewerneur verslag gedoen.[160] Janssens wou sodoende verseker dat hy die oorlog uit die binneland sou kon voortsit.

---

157. B.R. 149 : Kennisgewing dd. 1.6.1804.

158. B.R. 115, p. 625 : Publikasie dd. 2/3.11.1804. (Plakkaatboek VI, p. 208.)

159. B.R. 115, p. 673 : Publikasie dd. 27/28.12.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 233 - 234.)

160. De Kock, a.w., Inleiding, p. xiv.

i. Geldsake aan die Kaap

Verdediging van 'n land kos geld. Janssens sou dus ook die Kaapse geldsake in orde moes probeer bring.

De Mist het alles in sy vermoë gedoen om die koloniste te laat voel dat die kommersiële bewind van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie iets van die verlede was en dat die Bataafse Republiek hulle as 'n kolonie op 'n regverdige wyse wou behandel, deur die instelling van 'n Rekenkamer, waardeur hulle insae sou hê in die besteding van staatsgeld, asook deur seggenskap in die Raad der Gemeente.[161)]

Die Bataafse Regering wou die koloniste meer liberaal behandel om die Kaapse handel te laat uitbrei, al was dit dan net wat binnelandse verbruik betref, sodat die Kaapse inkomste kon styg, waardeur die regering ook 'n groter inkomste sou verkry. Die groter inkomste kon weer gebruik word vir die bestryding van regeringsuitgawes en dus ook vir verdediging.[162)]

Die troepe in die kolonie is deur die Bataafse Republiek onderhou en daarvoor is aansienlike bedrae aan die Raad van Asiatiese Sake toegestaan, waaruit die Goewerneur en Raad wissels kon trek en by wyse van proklamasie daarvan kennis gee.[163)]

---

161. Van der Merwe, a.w., pp. 77 en 91.

162. Ibid., p. 320.

163. B.R. 115, p. 577 : Kennisgewing dd. 26.9.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 188 - 189.)

Met sy koms na die Kaap, het De Mist saam met hom £8 333 (R16 666) in geld en £33 333 (R66 666) in wissels gebring, maar dit was reeds feitlik alles uitgegee en behalwe vir die onderhoud van die troepe, kon van Nederland, na die hervatting van die Europese oorlog, nie veel verwag word nie. Die koloniale inkomste was tussen Januarie 1803 en Januarie 1806 slegs £61 606 (R123 212).[164)]

Janssens moes hard spook om geld bymekaar te kry. Hy het reeds van die byna uitgeputte staatskas van die Bataafse Republiek geld getrek teen sowat £100 000 (R200 000) per jaar vir salarisse, uitrusting en militêre sake in die algemeen. Die Bataafse Staatskas was nou gevaarlik leeg, want enige geld wat wel te vinde was, is deur die Franse geneem. Janssens moes nou met minder klaarkom en het tydelike verligting gekry deur die £22 702 (R45 404) wat agtergelaat is toe die Britte vertrek het, van die Britse agent John Pringle te neem.[165)]

j. <u>Die hys van vlae</u>

Hys en vertoon van vlae langs die kuste kon vyandige skepe wat verbygaan tot nadeel van die kolonie inlig omtrent die heersende toestande en dit kon selfs vir verraad gebruik word. Daarom het die regering beveel dat, behalwe op publieke geboue, niemand, onder watter voorwendsel ookal, enige vlae of ander seine mag vertoon wat deur verbygaande

---

164. Theal : History of S.A., a.w., pp. 109 - 110.

165. Ibid., p. 136. Ook Spilhaus, a.w., p. 347. Kyk ook p. 77 hieronder.

skepe gesien kon word nie.[166)]

k. Skuite

Skuite kon gebruik word deur persone wat onwettig met die vyand kontak wou maak. Daarom is die bewegings van skuite ook beperk deurdat alle skuite binne drie dae na 7 November 1804 geregistreer moes wees en dan 'n seël, nommer en twee borge vir goeie gedrag moes kry. Hulle moes elke aand teen sononder by hulle aanlêplekke terug wees. Hulle kon ook teen vergoeding gekommandeer word en moes bedags, na die vertoning van 'n blou vlag of na kanon-skote, na die baai terugkeer. Geen skuite mag sonder 'n brief van die Prokureur-generaal na enige skepe vaar nie.[167)]

l. Sensus en Kaapse getalle

Die aantal burgers wat beskikbaar sou wees om die kolonie te verdedig sou sekerlik afhang van die getalle van die bevolking in die kolonie.[168)] Daarom is dit nodig om kortliks die aandag te vestig op die grootte van die Kaapse bevolking.

In Desember 1803 is aangekondig dat alle inwoners van die kolonie tussen 1 Januarie en 1 Maart 1804 die volgende besonderhede oor hulself en hulle besittings moes verskaf

---

166. B.R. 115, pp. 481 - 482 : Publikasie dd. 5/7.7.1804. (Plakkaatboek VI, p. 152.)

167. B.R. 115, p. 629 : Publikasie dd. 7/8/11.1804. (Plakkaatboek VI, pp. 208 - 212.)

168. Kyk pp. 47 - 51 vir besonderhede oor Burgermilisie.

naam, vrou, seuns onder sestien jaar, dogters, knegte, hottentotte in diens, slawe en slavinne, aantal perde, beeste, skape, esels, bokke, varke, gesaaide en geoeste graan, getal wynstokke en gewonne wyn, brandewyn, waens, karre. Seuns oor sestien jaar moes afsonderlike opgawes indien.[169)]

Hottentotseuns oor sestien jaar moes ook apart aangetoon word en ook in die gewone sensus wat die volgende jaar gedurende die eerste drie maande gehou sou word, moes seuns oor sestien jaar, dit wil sê die potensiële soldate, apart aangetoon word. Janssens het die besonderhede uit die sensus gebruik om die seuns aan te moedig om as soldate aan te sluit. Later, om 'n voorbeeld te stel, het hy sy eie seun, Hendrik, wat toe vyftien jaar oud was, laat aansluit. Die seun het spoedig 'n luitenant geword, maar is in Junie van die volgende jaar oorlede.[170)]

Volgens die uitslae van die sensus vir 1804 was daar 25 757 christene (blankes), 29 545 slawe en 20 006 Hottentotte aan die Kaap, 'n totaal van 75 308 siele, waarvan slegs 6 273 blankes, 9 129 slawe en 452 Hottentotte in Kaapstad woonagtig was, sonder om soldate by te tel.[171)]

Die aantal immigrante wat gedurende die voorafgaande jare na die Kaap gekom het, was volgens De Mist se bevind-

---

169. B.R. 115, pp. 337 - 340 : Publikasie dd. 14/23.12. 1803. (Plakkaatboek VI, pp. 100 - 102.)

170. Spilhaus, a.w., p. 348.

171. Opgaaflyste vir 1804. V.C. 138, p. 94. Ook V.C. 58 : Wilson's Description, p. 63.

ing heeltemal onvoldoende. Behalwe die amptenare wat aan die Kaap vrygestel is, het die immigrante verder bestaan uit die Franse Hugenote en Hollandse weesmeisies. Volgens De Mist kon Nederland meer emigrante afgestaan het en dan sou daar ook meer verdedigers aan die Kaap gewees het.[172)]

Onder hierdie omstandighede was dit tragies dat die grootse immigrasieskema van Baron van Hoogendorp misluk het. Hy wou die platteland bevolk met landbou-immigrante, maar het nie genoegsame steun ontvang nie en is selfs teëgewerk, sodat hy uiteindelik die skema laat vaar het. "That was the end of a scheme of Dutch emigration which, had Holland possessed the resources in population and money, might have materially affected the destiny of the Colony. Fifteen years later the British Government undertook the same business on a much larger scale and carried it out with success."[173)]

### m. Saldanhabaai

Die Goewerneur het as militêr tereg groot waarde geheg aan die rol wat Saldanhabaai en St. Helenabaai by die verwagte vyandelike aanval kon speel.[174)] In Mei 1804 het hy, vergesel van Paravicini, na Saldanhabaai en St. Helenabaai vertrek om dié gedeeltes te ondersoek.[175)] Die reis

---

172. Spilhaus, a.w., p. 315.

173. Cappon, a.w., pp. 120 - 121.

174. B.R. 7, pp. 12 en 1585.

175. B.R. 7, pp. 1714 - 1715 : Kennisgewing dd. 16.5.1804.

het van 17 tot 27 Mei geduur en op 1 Junie 1804 het Janssens sy bevindinge aan die Politieke Raad voorgelê. 'n Kommissie van ondersoek is weer aan die einde van 1804 benoem.[176)] Paravicini sou die leemtes en gebreke gaan opklaar.[177)]

Paravicini was die derde week van Junie 1804 weer in Saldanhabaai en by veldkornet Jacob Laubscher aan die St. Helenabaai. Op 21 Junie het hy aan die Goewerneur verslag gelewer oor sy maatreëls rakende die posroete in noodgevalle, die plasing van soldatepatrollies en die vlaeman in St. Helenabaai.[178)] Janssens kon dus op 5 Julie 1804 voor die Politieke Raad twee verslae lewer oor die plasing van 'n afdeling soldate aan Saldanhabaai en opdragte aan die Poshouer en Veldkornette in die omgewing oor hoe hulle, hulle by die verskyning van die vyand moes gedra.[179)]

Saldanhabaai is as van soveel belang beskou, veral as gevolg van die veiligheid van dié hawe en die swak verdedigingsmoontlikhede van Tafelbaai, wanneer hulle deur 'n sterk mag aangeval sou word, dat voorstelle eens gemaak is, om die hoofstad van Kaapstad na Saldanhabaai te verskuif.

---

176. B.R. 115, p. 581 : Kennisgewing dd. 25.9.1804. (Plakkaatboek VI, p. 190.)

177. B.R. 7, pp. 1829 - 1835.

178. B.R. 52, pp. 1 - 34 met rapporte 12.6.1804 en 2.7.1804 & byvoegsels.

179. Rapport van Janssens voor Politieke Raad, dd. 5.7.1804. (B.R. 8, p. 2135.)

Daar sou dan egter 'n kanaal uit die Bergrivier gemaak moes word om vars water na Saldanhabaai te lei. Daarom is besluit dat die koste te groot sou wees. Forte moes nogtans daar opgerig en water opgegaar word om 'n vyand in die somermaande die hoof te kan bied.[180)]

## 4. Die Kaapse fortifikasies

### a. Algemeen

Die verdediging van enige plek hang af van sy vestingwerke en artillerie, van die aantal en deugsaamheid van die militêre, asook van die geografiese gesteldheid van die land. Die natuurlike verdediging van die Kaap is die see, die rotsagtige strande waar nie orals geland kan word nie en die heersende winde wat Tafelbaai in die winter onveilig maak. Ten spyte hiervan is daar tog verskeie baaie waar 'n vyand kon land en daarom moes dit met kunsmatige vestingwerke versterk word.[181)]

Kaapstad kon moeilik teen 'n oormag verdedig word, want die bestaande vestingwerke kon deur bestorming verower word of anders omtrek word. 'n Nuwe verdedigingslyn sou gebou moes word.[182)]

Weens die baasskap van die Britse vloot oor die see, was die Kaap van die moederland, Nederland geïsoleer en

180. V.C. 58 : Wilson's Description, pp. 60 - 61.

181. Le Roux, a.w., p. 120.

182. V.C. 58 : Wilson's Description, p. 74.

kon geen hulp vandaar verwag nie.[183] Met die oog op die vyandskap tussen Frankryk en Brittanje en die belangrikheid van die Kaap as 'n seestasie, het hierdie verdedigingsloosheid van die Kaap, wat in Brittanje welbekend was, aanval en verowering uitgelok.[184] Buitendien het die jongste verbeterings in artillerie die Kaapse fortifikasies feitlik nutteloos gemaak.[185]

b. Onverdedigbaarheid van die Kaapse kus

De Grandpré het verklaar dat die Kaapse kus moeilik verdedigbaar was, daarom het hy 'n terugtrekking na die gefortifiseerde binneland aanbeveel. Al die fortifikasies wat nodig was, sou volgens De Mist te veel kos en goewerneur Van de Graaff, met sy ontsaglike skemas, het ook gesê dat die Kaap nie twee maande sou kon uithou nie. Hy het aanbeveel dat die geld vir fortifikasies liewer aangewend moes word om 'n vloot te bou,[186] want behalwe die opknapping van die bestaande vestingwerke, moes verskeie ander nog opgerig word, veral om die kuslyn in die omgewing van Tafelbaai te versterk, naamlik by Kampsbaai, Roggebaai en dan ook die kuslyn van Valsbaai by Simonsbaai en Muizenberg. Houtbaai was ook 'n nuttige hawe waar twaalf Kompanjieskepe beskerm kon word deur slegs twee batterye teen geringe koste op te rig. Gedurende storms was dit egter

183. Lamprecht, a.w., p. 83. Kyk ook pp. 30 - 32 hierbo.

184. Cory, a.w., p. 143. Kyk ook pp. 97 - 99 hieronder.

185. Laidler, a.w., p. 123.

186. Spilhaus, a.w., p. 350.

moeilik om Houtbaai weer te verlaat.[187]

c. Die Kasteel

Die Kasteel self was 'n redelike vesting, hoewel dit seker nie 'n direkte en aanhoudende bombardement sou kon verduur nie, maar die Kasteel se ligging was so dat dit van die hoogtes daaromheen baie kwesbaar sou wees vir vyandelike kanonne. Van Reede het reeds daarop gewys dat die Kasteel tussen Leeukop en Wynberg moes wees om beide die ankerplekke en die vrugbare land tussen die twee berge te beskerm.[188]

Hoewel die Kasteel dus van die see se kant af baie kwesbaar moes gewees het, moes dit tog oninneembaar voorgekom het, want dit is nooit aangeval nie. Die enigste skoot wat ooit na die Kasteel gevuur is, was afkomstig van 'n Franse skip wat die groet van die Kasteel af beantwoord het en ongelukkig met 'n gelaaide kanon geskiet het. Geen skade is gelukkig aangerig nie.[189]

d. Ander fortifikasies[190]

Naby Soutrivier, tussen die Kaapse Vlakte en Duiwelsberg, moes 'n fort met ses bolwerke opgerig word om kommunikasie met die binneland te verseker. Hierdie fort, hoe-

---

187. Le Roux, a.w., p. 121.

188. Anna C. Ras : Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652 - 1713. Kaapstad, 1959. p. 91.

189. Ibid., p. 95.

190. Barrow, a.w., pp. 205 - 212.

wel dit taamlik geïsoleerd sou wees, was tog noodsaaklik, omdat die Kasteel in 'n kom tussen heuwels en berge lê, waardeur die beste vestingwerke beheers was. Onder die Eerste Britse Bewind het Craig egter batterye en forte opgerig wat mekaar oorheers en beskerm het.

Tydens die Franse teenwoordigheid aan die Kaap gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog, is twee lyne met twee vestings gebou om toegang na die Kasteel van die land en die see se kant te beskerm. Daarna het Craig nog twee forte teen die hange van Duiwelspiek laat oprig, wat saam met die res en Fort Knokke op die kus van die baai, 'n gekonsentreerde en kruisvuur moontlik gemaak het. Om die landingsplek by die mond van die Soutrivier te beskerm, het Craig daar 'n bomvaste toring en 'n battery opgerig, bekend as Craig's Tower. Die lyne kon egter steeds gebreek word, waarna die Kasteel en die res ook verower kon word.

Fort Knokke is met die Kasteel verbind deur 'n wal langs die kus, bekend as die Seelyne, en beskerm deur verskeie batterye. Daar was ook 'n kruitmagasyn en 'n hospitaal. Wes daarvan was drie verdere batterye, naamlik Roggebaai, Amsterdam en Chavonne. Daar was verder ook die Mouillé wat die toegang tot die baai oorheers het. Verderaan is ligte kanonne geplaas en oor 'n verdere klein baaitjie is drie ankers vasgemaak om toegang te verhinder, vandaar die naam Drieankerbaai.

By Kampsbaai was ook 'n paar klein batterye met 'n militêre pos daarbo. Aanhoudende golwe het hierdie baai verder beveilig. 'n Leër wat hier land, kon die stad van agter aanval en die forte aan die westekant oorheers.

Houtbaai en Chapmansbaai gee ook toegang tot Simonstad. 'n Landing by Houtbaai kon Kaapstad bereik sonder om by die gevaarlike Wynberg en Muisenberg aan te doen. Dit was beskerm met 'n battery en 'n blokhuis. Die Kapenaars het egter geen aanval van hierdie kant af verwag nie.

Gedurende die Eerste Britse Besetting het die Britte die Kaapse fortifikasies, wat hulle in 'n verwaarloosde toestand oorgeneem het, herstel. Samevattend het dit bestaan uit "a chain of redoubts connected by a parapet, with banquettes and a dry ditch, blockhouse and open batteries - the whole mounted with 150 pieces of heavy ordnance and howitzers."[191)]

Janssens het ook maatreëls getref om die vestingwerke te herstel of nuwes op te rig, want Paravicini het in Augustus 1804 van Janssens opdrag ontvang om saam met die kommandant van die artillerie, maj. George Conrad Kuchler, "pertinent te doen opneemen en oculair te onderzoeken, op welke Posten en Batteryen langs de zeekusten rondsom deeze hoofdplaats, nog reparatien, emplacementen of kleine verbeteringen vereischt worden."[192)]

---

191. Wilmot en Chase, a.w., p. 234, voetnoot.

192. B.R. 8, p. 2783 : Kennisgewing dd. 5.9.1804. Ook De Kock, a.w., Inleiding, p. xviii.

Die twee lede van die komitee het in hul rapport van 28 Augustus 1804 met bylae en aanbevelings, hul ondersoek na die geskutstellings oral in die skiereiland, hulle beperk tot wat "dadelyk tot de artillerie behooren." Hulle het egter met betrekking tot elke battery van Muisenberg, Houtbaai en Kampsbaai tot by die Mouillé en Drieankerbaai, die batterye digby die Kasteel, deeglik aangedui watter verbeteringe met weinig koste en tyd deurgevoer kon word, om die stellings in 'n bruikbare staat te bring.[193] Kuchler het daarna opdrag gekry om die verslag ten uitvoer te bring.

Fort Frederick is gedurende die Eerste Britse Besetting by Algoabaai gebou.[194] Janssens het nou besluit om die garnisoen daar te verminder na die helfte van die sterkte wat oorspronklik bedoel was. Kapt. Lodewyk Albert is toe gestuur om die bevel by maj. Von Gilten oor te neem.[195]

Al die Kaapse fortifikasies sou egter 5 000 man vereis om dit te beman en die lang kuslyn, wat weswaarts 504 km en ooswaarts 928 km gestrek het, sou 'n leër van 10 000 man benodig om 'n vyand te keer om te land. Gelukkig sou 'n te groot vyandige leër ook nie onderhou kon word as hulle te ver van Kaapstad sou land nie.[196] Met die verdedig-

---

193. B.R. 56, pp. 17 - 21 : Kommissie se bevindings. Ook B.R. 8, pp. 2784 - 2786 : Kommissie se bevindings.

194. Lauts, a.w., p. 146.

195. Theal : History of S.A., a.w., p. 108.

196. Barrow, a.w., p. 212.

ing van die Kaap, word egter net bedoel die skiereiland, wat Tafelbaai en Valsbaai insluit en in die noordelike deel waarvan Kaapstad geleë is.[197]

John Barrow het aanbeveel dat 'n Britse aanvalsmag die fortifikasies van die Kaap moes ontduik. Volgens hom sou dit die beste wees om afdelings op verskeie plekke nie ver van Kaapstad af nie, te laat land. 'n Eerste afdeling kon by Gordon'sbaai land en daarvandaan Hottentots-Hollandkloof beset, waarvandaan hulle nie maklik verdryf kon word nie. 'n Tweede afdeling kon terselfdertyd by Saldanhabaai land om Rhoodezandkloof te beset om sodoende die toevoer van vee van die binneland af te sny. 'n Derde afdeling wat by Bloubergstrand geland het, kon vir dié afdeling in Rhoodezand basisse vorm en die graantoevoer na Kaapstad afsny. Die beste tyd van die jaar om so 'n landing te waag, sou wees in Januarie of Februarie, voordat die oes die graanmagasyne bereik het. In Januarie 1804 was die graanmagasyne leeg en hy het voorspel dat die volgende opbrengs in 1804 ook onvoldoende sou wees.[198]

Barrow het ook 'n waaghalsige plan voorgestel waarby 'n vloot Tafelbaai in 'n suidooste wind moes binnestorm. Hulle sou dan Fort Knokke en Graig's Tower moes weerstaan, maar die Nederlanders oorkant die baai sou dan nie kan skiet nie, omdat hulle eie skepe ook in hulle skootvlak sou wees. Hy wys ook daarop dat baie van die kanonne

---

197. Ibid., pp. 204 - 205.

198. Ibid., pp. 214 - 220.

reeds verouderd en verwaarloos was.

Laastens was Barrow van mening dat die burgerkavallerie nie weer gebruik sou word nie, dat hulle in elk geval nie geneig sou wees om te veg nie en dat hulle onwillig sou wees om hulle plase aan plunderaars oor te laat. Die Kaapse distrik sou ook nie maklik meer as 1 000 man kon lewer nie en volgens Barrow,sou hulle ook te bang wees om te veg. Die Hottentotte was reeds ontevrede en was reeds besig om te dros. Barrow het dus geglo dat die Kaap Brittanje baie maklik ten prooi sou val.

## 5. Die koms van die Britte

### a. Eerste nuus oor die Britte

Die nuus van die aankoms van die Britte, was nie vir die Kaap onverwags nie,[199)] want mondelingse tyding en Europese koerante het 'n spoedige aanval voorspel.[200)] Op 25 Desember 1805, het 'n Amerikaanse skip die nuus gebring dat 'n Britse vloot met troepe onder die bevel van sir David Baird suid van die ewenaar raakgeloop is op 'n suidwaartse koers.[201)]

Verdere nuus van die aantog van die Britse vloot is ontvang toe die Franse kaperskip, Napoleon, eerder as om deur die Britse fregat, Narcissus, gevang te word, by Hout-

199. Cory, a.w., p. 146.

200. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 14.

201. Wilmot & Chase, a.w., p. 233. Ook Lauts, a.w., p. 165 en Spilhaus, a.w., pp. 372 en 385.

baai op die strand geloop het en die nuus na Janssens gebring het, waarop besluit is dat die Narcissus sekerlik ook vriende naby hét. Ook die Britse vloot se vertrek vanaf Madeira is aan die Kaap gerapporteer.[202)]

Na die nuus van die naderende vloot het Janssens geen oomblik versuim om vir so 'n aanval voorbereid en gereed te wees nie.[203)]

Op 3 Januarie 1806 is die maneuvers van 'n klein brik opgelet, wat ook moontlik van die Britse vloot afgedeel is om die Kaap te bespied.[204)]

Op 4 Januarie 1804 om 08h00 uur, is 'n sein vanaf die westelike hoek ontvang dat 'n groot vloot in sig was en om 09h00 uur het 'n soortgelyke sein vanaf Leeukop gekom. Versterkings is dadelik na Simonsbaai, Muisenberg, Hinbergen en ander poste gestuur.[205)] Twee Hollandse skepe in die baai is ook gewaarsku, maar hulle kon slegs later tot sink gebring word.[206)]

---

202. Theal : History of S.A., a.w., p. 137. Ook Cory, a.w., p. 146; Lauts, a.w., p. 165 en Spilhaus, a.w., p. 385. Kyk ook p. 105 hieronder.

203. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 15. Ook Spilhaus, a.w., p. 386.

204. Wilmot & Chase, a.w., p. 233.

205. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 14 - 15.

206. Spilhaus, a.w., p. 386.

### b. Die nuus na die binneland versprei

Op land het die seinkanonne die nuus van die Britse aankoms na die binneland uitgebulder.[207] Teen die aand was dit reeds op Swellendam bekend[208] en teen die volgende môre tot 240 km van Kaapstad af.[209]

Die burgerkommandante is dadelik byeen geroep om instruksies te ontvang en die Kommando van die Kasteel is aan die Groot Majoor lt.-kol. Von Prophalow oorhandig. Die burgers het die garnisoen se diens oorgeneem en die Kaapse leër was marsvaardig.[210]

Dié middag om 17h00 uur was reeds 'n groot gedeelte van die vloot sigbaar, naamlik nege-en-vyftig seile, wat teen die aand tussen Blouberg en Robbeneiland anker gegooi het.[211]

### c. Die Kaapse leër maak gereed

Na die nuus van die aankoms van die Britte, is haastige voorbereidings getref, maar in die kort tyd tot hulle beskikking sou dit moeilik wees om 'n groot mag byeen te bring. Verder was dit die moeilikste tyd van die jaar vir die burgers om hulle plase te verlaat, aangesien hulle pas

---

207. Theal : History of S.A., a.w., p. 140. Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 15.

208. Gie, a.w., p. 101.

209. Theal : History of S.A., a.w., p. 140.

210. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 15 - 16.

211. Ibid., p. 16.

begin het om die oes in te samel. Omdat dit gedurende die dag te warm was kon reise om by versamelpunte te kom, slegs gedurende die nag afgelê word.[212]

Toe die Britte op 5 Januarie sloepe uitgesit het wat vir die Kapenaars na die begin van 'n landing gelyk het, was die Kaapse leërs ook op hulle respektiewe plekke gereed en is verkenners gestuur om die vyand dop te hou.[213]

---

212. Theal : History of S.A., a.w., p. 140.

213. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 16. Kyk pp. 113 - 116 hieronder vir meer besonderhede.

# HOOFSTUK III

## DIE BRITSE VOORBEREIDINGS

### 1. Inligting oor die Kaap

Aangesien Brittanje reeds baie jare van die Kaap as halfwegstasie gebruik gemaak het en die Kaap tussen 1795 en 1802 self besit het, spreek dit vanself dat die Kaapse omstandighede aan hulle welbekend was. Die reise en geskrifte van John Barrow,[1] het ook meegehelp om die Britte se kennis oor die toestande aan die Kaap te verbreed.

In sy boeke gee Barrow breedvoerige beskrywings van die Kaapse verdediging, soldate, fortifikasies, die gesindheid van die koloniste, die seisoene en oestye, die moontlike landingsplekke en die regte tyd van die jaar vir 'n aanval. Hy doen selfs 'n militêre plan, aangevul deur 'n uitvoerige kaart, aan die hand en beveel aan dat die persone wat gestuur word om die Kaap te herower, 'n deeglike kennis van die land en sy mense moes hê.[2]

In hierdie verband was sir David Baird dan beslis die regte keuse as aanvoerder van die Britse taakmag wat die Kaap moes herower, want hy was "well acquainted with the Cape and its fortifications, having served here under General Dundas for ten months in 1798. With the expedition were also many subordinate military officers who had

---

1. J. Barrow : An Account of Travels into the Interior of Southern Africa. Vol. I en II. Londen, 1804.

2. Ibid., pp. 204 - 220. Kyk ook p. 27 hierbo vir meer besonderhede.

resided in the colony for years, and who were familiar with the features of the country."[3]

Baird kon ook van genl. Dundas, gewese goewerneur van die Kaap, en van kapt. Jones, 'n offisier van die Ligte Dragonders, wat 'n gevangene aan die Kaap was en pas met 'n Deense skip in Brittanje aangekom het, informasie oor die Kaap bekom.[4] "The English Government had been informed that the militia and inhabitants generally looked with anxiety for the arrival of British troops."[5] Hierdie en ander dergelike rapporte is aan Baird oorhandig om te bestudeer.[6]

Baird is ook meegedeel dat die Kaapse leër tussen 1500 en 2000 man sterk was, maar dat hulle meesal uit ontevrede Duitse huurtroepe bestaan het. Die Kaapse leër was uiters swak, maar Baird is gewaarsku dat die twee Franse skepe wat alreeds vroeg in Mei 1805 uit Rochefort vermis was, moontlik die Kaapse troepe kon versterk het en dat die Kaapse leër dus moontlik onder die bevel van Franse offisiere kon staan.[7]

Terwyl hulle onderweg na die Kaap was, het sir Home Popham ook die fregat Narcissus na St. Helena en die Kaap

---

3. Theal : History of S.A., a.w., pp. 137 - 138. Kyk ook Colvin, a.w., p. 187.

4. Spilhaus, a.w., p. 383.

5. Wilmot en Chase, a.w., p. 234, voetnoot.

6. Spilhaus, a.w., p. 383.

7. Ibid., pp. 383 - 384.

vooruit gestuur, om informasie oor die Kaap in te win.[8)]

Lt.-kol. Robert Wilson van die 20ste Ligte Dragonders, vertel ook dat hy 'n jong Kaapse kadet gevind het, wat vrywillig aangebied het om inligting oor die Kaap te verstrek.[9)]

Die Britte het dus oor deeglike informasie oor die Kaap beskik en dit tot die beskikking gestel van die leiers van die Britse taakmag wat na die Kaap gestuur is, sir David Baird, aanvoerder van die troepe, en sir Home Popham, bevelvoerder oor die vloot. Daarom het hulle met hulle aankoms aan die Kaap presies geweet wat hulle te doen staan.

## 2. Die Britse taakmag

### a. Sir David Baird

Genl.-maj. sir David Baird is deur lord Castlereagh aangestel om bevel te voer oor die taakmag wat gestuur is om die Kaap vir die tweede keer te gaan verower.[10)] Hy was 'n Skot, "as brave as he was zealous. He had already seen enough fighting to fill the lives of ten men."[11)] Die meeste van die oorloë waaraan hy deelgeneem het was

---

8. Brief aan Kaptein Donelly van die Narcissus, dd. 4.10.1805, uit Sir Home Popham's Letter Book.
9. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 13.
10. Theal : Records V, pp. 222 - 229.
11. Colvin, a.w., p. 187.

in die Ooste. In die gevegte waaraan hy deelgeneem het, is hy ook verskeie kere verwond. Vir die werk wat vir hom aan die Kaap voorgelê het, was hy die regte man, want "He was a man of iron and a great soldier . . ."[12]

b. Sir Home Popham

Kommandeur sir Home Popham, wat deur lord Castlereagh aangestel is om bevel te voer oor die vloot wat die Britse taakmag na die Kaap moes vergesel, was 'n ". . . dashing daredevil of an Englishmen."[13] As vlootoffisier het hy reeds die wêreld deurreis. Hy het reeds by 'n vorige geleentheid met Baird saamgewerk en ook reeds opmetings langs die kus van Suid-Afrika gedoen. Verder het hy die volle vertroue van sekere kabinetslede van Brittanje geniet.[14]

c. Die grootte van die taakmag

Die beste geleentheid om die Kaap te gaan verower het hom voorgedoen toe die Franse vlote almal na Europa teruggekeer het en die see vir die Britte veilig was.[15] 'n Verdere voordeel was die feit dat die verowering van die Kaap gedoen kon word met troepe wat terselfdertyd na Indië onderweg was en die troepe wat weens die terugkeer van die Franse vlote nie meer as versterking in Wes-Indië nodig was nie. Die verowering van die Kaap sou dus nie die mag-

---

12. Colvin, a.w., p. 187.
13. Ibid., pp. 187 - 188.
14. Turner, a.w., p. 4b3.
15. Kyk ook p. 37 hierbo vir meer besonderhede.

te vir die verdediging van die tuisfront verswak nie.[16]

Baird sou tussen 4 000 en 4 500 man kry met die nodige vervoer en verseëlde opdragte ontvang vir 'n ontmoeting by Madeira, waar hulle werklike opdrag aan hulle bekend gemaak sou word.[17]

In die ekspedisie het Baird beskik oor nege oorlogskepe,[18] sewentien skepe van die Oos-Indiese Kompanjie, waarvan twee nie die Kaap bereik het nie, veertien gewone vervoerskepe, vyf-en-twintig ander, waarvan een ook onderweg verlore gegaan het; 'n totaal van vyf-en-sestig skepe waarvan twee-en-sestig die Kaap bereik het.[19] Hierdie skepe het onder bevel van sir Home Popham gestaan en moes die soldate vir die verowering van die Kaap onder die uiterste geheimhouding eers na Madeira voer en ook voorgee om na die Middellandse See te vaar.[20]

Die landmagte wat op hierdie skepe vervoer is, het altesaam 6 700 getel en het bestaan uit die 24ste, 38ste, 59ste, 71ste, 72ste, 83ste en 93ste Regiment, die 20ste

---

16. Turner, a.w., p. 49. Kyk ook Spilhaus, a.w. p. 383.

17. Spilhaus, a.w., p. 383.

18. Brief aan Donelly, kaptein van Narcissus, dd. 4.10.1805, Espoir, Encounter, Protector, Diadem, Raisonable, Belliqueux, Diomede, Narcissus, Leda. Popham's Letterbook.

19. V.C. 80 : Janssens se rapport, bylae R, lys van Britse skepe. Vir besonderhede oor verlore skepe kyk p. 103 hierbo.

20. Cory, a.w., pp. 143 - 144. Ook Theal : History of S.A., a.w., pp. 137 - 138.

Ligte Dragonders, artillerie, ingenieurs en rekrute vir die Oos-Indiese Kompanjie.[21] Die verskillende groepe het mekaar by Falmouth ontmoet. Die mag was uitermate groot omdat die Britte steeds verwag het dat die twee vermiste Franse skepe met baie manskappe aan boord ook na die Kaap gegaan het.[22]

## 3. Die Britte se reis na die Kaap

Nog voor die Slag van Trafalgar, nadat die grootste deel van die Franse vloot vasgekeer was of van hulle omswerwinge terug gekeer het, kon Vloothoof Barham aan William Pitt rapporteer : "I think this is the proper time for the (Cape) expedition and India ships to sail from Cork. The sea is now free."[23] Net vir veiligheid is 'n aantal oorlogskepe in elk geval gestuur om die vyandelike skepe in Ferrol dop te hou.[24]

Die Engels-Oos-Indiese Kompanjie se vloot het op 14 Augustus vanaf Falmouth in Cork aangekom.[25] Baird se ekspedisie kon dus op die aand van 1 September 1805 feitlik onopgemerk uit die hawe van Cork wegglip omdat die stryd tussen Brittanje en Frankryk alle aandag in beslag

---

21. Theal : History of S.A., a.w., pp. 137 - 138. Ook Cory, a.w., pp. 143 - 144. Volgens Cory was die 59ste, 20ste Ligte Dragonders, 320 artilleriste en 548 rekrute, 'n totaal van ongeveer 2 000, op pad na Indië.

22. Cory, a.w., pp. 143 - 144. Ook Turner, a.w., p. 37.

23. Brief van Barham aan Pitt, dd. 18.8.1805, aangehaal uit Cambridge History Deel II, Cambridge, 1939, p. 103.

24. Ibid.

25. Spilhaus, a.w., p. 384.

geneem het.[26] Die ekspedisie is aanvanklik beskerm deur slegs een oorlogskip, maar by Madeira het nog twee oorlogskepe en drie fregatte by hulle aangesluit.[27] Ook was hier slegs 4 975 man, maar hulle sou ook spoedig aangevul word.[28]

Die vloot het die ontmoetingsplek op 28 September bereik[29] waar hulle bestemming aan almal bekend gemaak is. Op 30 Oktober het hulle weer daarvandaan vertrek na San Salvador, waar hulle op 10 November aangekom het, om water in te neem en perde te probeer aankoop.[30]

Onderweg na San Salvador, het die transportskip, King George, en die Oos-Indiese Kompanjieskip, Britannia, op die rotse geloop en brig.-genl. Yorke en twee onderoffisiere het verdrink.[31] Ook 'n ander transportskip is so beskadig dat dit moes agterbly.[32]

By San Salvador aangekom, het lt.-kol. Robert Wilson van die 20ste Ligte Dragonders, van wie ons 'n taamlik getroue weergawe van die verowering van die Kaap het,[33] op-

---

26. Cambridge History II, a.w., p. 103; Theal : History of S.A., a.w., p. 138; Spilhaus, a.w., p. 384.
27. Cambridge History II, a.w., p. 103.
28. Spilhaus, a.w., p. 384.
29. Ibid.
30. Ibid.
31. Popham aan William Marsden, dd. 19.11.1805, Sir Home Popham's Letter Book. Ook V.C. 58 : Wilson's Account of the Conquest of the Cape, p. 27.
32. Spilhaus, a.w., p. 384.
33. V.C. 58 : Wilson's Account of the Conquest of the Cape.

drag ontvang om vir die ekspedisie perde aan te koop vir latere gebruik aan die Kaap.[34] Nadat hy daarin geslaag het om dertig perde te koop, het hy opdrag ontvang om nog 'n honderd te probeer kry, asook muile vir die kanonne. Muile was egter hier meer werd as perde en hy kon slegs vier in die hande kry. Indien Wilson genoeg perde in die hande kon kry, kon die taakmag sowat 300 goeie dragonders teen die Kapenaars in die veld stoot, veral teen die burger-kavallerie. Ongelukkig het baie van die perde op see gevrek.[35]

Die dag nadat die vloot Madeira verlaat het, het Popham vir kapt. Ross Donelly met die skip Narcissus na St. Helena vooruit gestuur om van die Goewerneur aldaar, wat alle neutrale skepe ondersoek het, inligting te verkry aangaande die sterkte van die Kaapse garnisoen, die politieke gevoel van die koloniste en of enige versterkings sedert April 1805 daarheen gestuur is, want tot daardie datum het hulle verslae gehad waarop hulle kon staatmaak. Popham self sou intussen na Rio de Janeiro vaar om op gunstige winde te wag.[36]

Vanaf St. Helena moes die Narcissus na die Kaap gaan en in die omgewing vertoef om die informasie te probeer bevestig. Daarna moes hy by die Kaap verby seil om verby-

---

34. Ibid., pp. 1 - 10.

35. Ibid., pp. 15 - 17.

36. Popham aan Donelly, dd. 4.10.1805, Sir Home Popham's Letter Book. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, a.w., p. 27.

gaande skepe te ondersoek en die valse informasie te versprei van 'n vrede tussen Brittanje en Frankryk waarby die Kaap aan Brittanje afgegee moes word. Hy kon selfs Tafelbaai onder Franse kleure binnegaan om informasie te probeer verkry.[37] Die Narcissus het nie daarin geslaag om veel informasie te verkry nie en het nie weer by die res aangesluit voordat hulle by die Kaap aangekom het nie.[38]

Die Narcissus was egter intussen glad nie ledig nie. Op 29 Oktober het hy van die handelskip Columbus verneem van twee Franse skepe wat die Britse handelskip Horatio Nelson gevang het. Vermom is die Narcissus agter die Columbus aan. Die Franse skepe en die omskepte Horatio Nelson, het toegeslaan, maar in die proses is Horatio Nelson herower.[39] Later het die Narcissus ook die Franse kaperskip, Napoleon, wat Britse krygsgevangenes vanaf Mauritius gebring het, op die strand gedwing en 'n Nederlandse sloep, wat voorrade by Simonstad ingeneem het, vernietig.[40]

Omdat die Narcissus nie opgedaag het nie, is die Espoir agterna gestuur om die informasie in te win en na die Narcissus te soek.[41] Van 'n neutrale skip het die Espoir buite Tafelbaai informasie verkry oor die sterktes van die

---

37. Popham aan Donelly, dd. 4.10.1805, Sir Home Popham's Letter Book. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, a.w., p. 27.

38. Theal : History of S.A., a.w., p. 138.

39. Spilhaus, a.w., p. 384.

40. Ibid., p. 385. Kyk ook p. 61 hierbo.

41. V.C. 58 : Wilson's Account, a.w., p. 28. Ook Theal : History of S.A., a.w., p. 139; Spilhaus, a.w., p. 385.

Kaapse garnisoen, dat die aanval wel verwag word maar dat geen versterkings opgedaag het nie en ook inligting oor Janssens se voorbereidings. Die Espoir het die informasie met dieselfde skip na Popham aangestuur.[42)]

Vir Popham se vloot was daar egter nog een bedreiging deur 'n Franse vloot. Toe Napoleon dit oorweeg het om teen die Britse handel oorlog te maak, het hy daarvoor sy groot vlote in kleineres verdeel. Adm. Villeaumez het met ses oorlogskepe en twee fregatte in Desember daarin geslaag om uit Brest weg te kom met die doel om by die Kaap en St. Helena te patrolleer. Hierdie Franse vloot, was sterker as Popham se verdedigers en het vir Popham 'n groot bedreiging ingehou. Popham het egter later een van hierdie skepe, die Voluntaire, in Tafelbaai gevang, terwyl Villeaumez teruggekeer het na Martinique in Wes-Indië. Indien hierdie vloot egter betyds by die Kaap aangekom het, kon die Kaap behoue gebly het.[43)]

'n Ander gevaar wat Popham byna getref het, was die vloot van D'Allemand, wat die Britse vlote lank ontwyk het en oral besig was om die Britse handel te vernietig.[44)] Indien D'Allemand met Popham gebots het, sou hy vir die Britte te sterk gewees het. Hulle roetes was ook so dat hulle

---

42. Ibid. Janssens was dus nie verniet versigtig omtrent die gebruik van vlae en ander seine aan verbygaande skepe nie! Kyk p.81 hierbo vir meer besonderhede.

43. V.C. 80 : Janssens se rapport, a.w., bylae O, p. 318. Ook Turner, a.w., pp. 65 - 66.

44. Kyk ook p. 12 hierbo.

op 'n sekere punt mekaar moes raakloop, maar hulle het by mekaar verby gegaan sonder om mekaar te sien.[45]

Aan die Kaap aangekom, kon Baird ook nie seker wees dat daar nie 'n sterk Franse mag vir hom gewag het nie. Dit verklaar moontlik sy besluit om die erkende hawens te vermy en op 'n ander plek te land. Sy toegeeflike houding met die vredesonderhandelings daarna toon ook duidelik dat hy haastig was om die kolonie sonder te veel moeite te verower, voordat 'n Franse mag moontlik die kolonie kon bereik.[46]

Terwyl die Britse taakmag nog na die Kaap onderweg was, het die Oostenrykers by Ulm gekapituleer, die Slag van Trafalgar het plaasgevind ". . . and issues were decided in comparison with which the fate of the Cape Colony dwindled into insignificance."[47] Hierdie gebeure in Europa het egter niks aan die Britse besluit om die Kaap te verower verander nie.

## 4. Die aankoms van die Britse taakmag

Die Britse taakmag het Tafelberg op Vrydag 3 Januarie 1806 uit die see sien opdoem en hulle was opgewonde en ongeduldig na die lang wag op die skepe.[48] Na 'n reis van

---

45. Turner, a.w., p. 67.
46. Ibid., p. 37.
47. Theal : History of S.A., a.w., pp. 138 - 139. Ook Cory, a.w., pp. 144 - 145; Colvin, a.w., p. 187 en Spilhaus, a.w., p. 386.
48. V.C. 58 : Wilson's Accoun , pp. 19 - 20.

vier maande het hulle Tafelbaai op die aand van Saterdag 4 Januarie 1806 bereik en tussen Robbeneiland en Blouberg-strand anker gegooi.[49]

Na die ramp wat hulle getref het toe genl. Yorke ver-drink het, was die taakmag verder besonder gelukkig. Slegs veertig van die groot aantal troepe was met hulle aankoms siek en kon daarom nie aan die daaropvolgende ge-veg deelneem nie. Popham vertel dat hy by ander vaarte oor die Atlantiese Oseaan selfs 'n maand lank opgehou was deur die seisoen daardie tyd van die jaar. Hy het dit egter hierdie keer vermy deur aansienlik verder weswaarts te hou as wat gewoonlik die geval was.[50]

Voordat die Britte egter aan 'n landing kon dink, is die Leda eers gestuur om die Hollandse skepe in Tafelbaai te gaan verken.[51]

## 5. Die Britse landing

### a. Losperdsbaai

Baird wou sy troepe so gou as moontlik laat land, om-dat hy die aankoms van 'n Franse vloot gevrees het. Hy het

---

49. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 270). Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 26 - 27. Wilson beweer egter dat dit op die aand van die 5de was.

50.. Popham aan Kaptein van Leda, dd. 3.1.1806. (Popham's Letter Book, p. 31). Ook Spilhaus, a.w., p. 384; Cory, a.w., pp. 144 - 145.

51. Popham aan Kaptein van die Leda, dd. 3.1.1806 (Pop-ham's Letter Book, p. 31).

beplan om dit reeds op die oggend van 5 Januarie te doen en die 38ste, 83ste en 59ste Regimente en die berede dragonders het opdrag ontvang om die volgende oggend gereed te wees om te land.[52] Hierdie regimente sou die Eerste Brigade vorm en sou onder bevel van brig.-genl. Beresford staan. Op Bloubergstrand was die golwe te woes vir 'n landing; daarom het die brigade in bote geklim en na die enigste toeganklike deel van die kus gegaan, 'n klein baaitjie bekend as Losperdsbaai, ongeveer 26 km noord van Kaapstad net waar die kuslyn ooswaarts draai by Melkbospunt. Slegs twee bote kon langs mekaar die baaitjie binnegaan. Die Espoir is 'n bietjie meer as 'n kilometer van die strand geanker en die roeibote sou rondom hom vergader.[53] Die kus is ook eers vooraf deur die Espoir verken.[54]

Om hulle werklike bedoelings te bedek voordat hulle land, is die 24ste Regiment onder lt.-kol. MacDonald, afgedeel om onder beskerming van die Leda, skynlandings in Houtbaai en Kampsbaai te gaan maak. Die skepe het egter nie by die landingsplek aangekom voordat die dag reeds byna verstreke was nie en die landingspoging is laat vaar.[55]

---

52. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 28. Ook Baird aan Castlereagh, 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 270.)

53. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 28. Ook Baird aan Castlereagh, 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 270.)

54. Popham aan W. King van Espoir, dd. 30.12.1805. (Popham's Letter Book, p. 29.)

55. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 270.) Ook Popham aan W. King, dd. 30.12.1805. (Popham's Letter Book, p. 29.)

Enige landing op 5 Januarie was onmoontlik omdat die see heeltemal te gevaarlik was, sodat die poging laat vaar is en die troepe terug is na hulle skepe.56) Vanaf die Espoir is 'n groep van die Kaapse verdedigers met artillerie tot hul beskikking op 'n sandhoogte binne musket-tref-afstand van die strand opgemerk.57) Van die Kaapse kant weer, is opgemerk dat die Britse skepe op hierdie dag baie sloepe uitgesit het.58)

Die res van die dag is deurgebring met 'n sorgvuldige ondersoek van die hele kus, vanaf Losperdsbaai tot binne kanon-trefafstand van die batterye in Kaapstad. Die enigste resultaat was dat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat 'n landing, selfs wanneer die see kalm was, moeilik sou wees.59)

Dieselfde aand is besluit om genl. Beresford met die 38ste Regiment en die 20ste Ligte Dragonders, onder beskerming van die Diomede, na Saldanhabaai te stuur om te probeer om daar beeste en perde te bekom. Die bedoeling was ook dat die hele taakmag die volgende dag sou volg indien die see steeds geen landing sou toelaat nie.60)

---

56. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 270.) Ook Popham aan W. King, dd. 30.12.1805. (Popham's Letter Book, p. 29.)

57. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 28 - 29.

58. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 16.

59. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 270.)

60. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, pp. 270 - 271.) Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 29 - 30 en Colvin, a.w., p. 188.

Na genl. Beresford se vertrek was die see die volgende dag baie kalmer en is besluit om tog 'n landing by Losperdsbaai te waag.[61] Losperdsbaai was noordwes van Blouberg geleë. In teenstelling met die los sandduine op Bloubergstrand, was die grond hiêr meer geskik vir die troepe om na die landing 'n posisie in te neem en te verdedig.[62]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Britte nie op Bloubergstrand geland het, soos in so baie geskiedenisboeke beweer word nie, maar wel by Losperdsbaai. Volgens Colvin,[63] is diê baaitjie toe Losperdsbaai genoem, maar later Melkbosstrand. Ook Graham, latere stigter van Grahamstad en destyds lid van die 59ste Regiment was 'n ooggetuie van die landing. Hy sê die landing het by Melkbos, 24 km noord van Kaapstad, plaasgevind.[64]

---

61. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, pp. 270 - 271.) Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 29 - 30 en Laidler, a.w., p. 121.

62. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 29 - 30.

63. Colvin, a.w., p. 188.

64. Private brief van Graham aan sy vader, aangehaal in Cory, a.w., pp. 145 - 146. Indien die Britte wel by Bloubergstrand geland het, moes hulle daarna die steilste helling van Blouberg met hulle toerusting, wat volgens getuies ook kanonne, selfs skeepskanonne ingesluit het, uitgeklouter het, om by die slagveld, wat op 'n vlakte aan die noordooste kant van Blouberg geleë was, uit te kom. Tussen Blouberg en die see is ook los, onbegroeide wit sandduine, wat enige vordering, veral met kanonne, onmoontlik sou gemaak het.

'n Beskrywing van die terrein by Blouberg[65] sal miskien op hierdie stadium baie help om die verloop van sake by Blouberg te verduidelik.

Van die hoogste punt van Blouberg sal die besoeker sien dat die see 'n lang sanderige kuslyn het, sonder enige noemenswaardige rotse, wat volgens die beskrywings van ooggetuies wel teenwoordig was, met die enigste uitsondering Bloubergstrand. Die golwe vanuit die oop see breek ongehinderd op die sand. Landing sou in 'n onstuimige see moeilik gewees het.

Tussen die strand en Blouberg, is lae, maar los, wit sandduine, wat uiters min tekens van plantegroei toon, maar wat vandag redelik begroei is met Rooikransbosse (Acacia cyclops), en Port Jacksonbosse (Acacia saligna) wat eers in die sewentiger jare van die vorige eeu uit Australië ingevoer is, juis om die sandduine te bind en as windbrekers te dien. Hierdie sandduine kan 'n natuurlike hindernis vir soldate in volle uitrusting vorm, veral as daar kanonne ook by was, om die voet van die berg hierlangs te bereik.

---

65. Die naam Blouberg (Nederlands Blaauwberg) is in 1728 reeds deur Kolbe in sy reisjoernaal gebruik, omdat die berg van die see se kant af blou voorgekom het. Die naam Bloubergstrand is ook daarvan afgelei. Op 'n vlakte aan die noordekant van die berg, het die Britte en die Kapenaars op 8 Januarie 1806 met mekaar gebots en die geveg het daarna die naam van Die Slag van Blouberg gekry. (C.G. Botha : Place names in the Cape Province, Kaapstad, 1926, pp. 75 - 76.)

Blouberg toon van die see se kant af twee koppe met 'n wye kloof tussen in. Die noordelike kop, Grootberg, wat weer eens bestaan uit twee hoë koppe met 'n baie hoë nek tussen die twee, is van die see se kant af baie styl en bestrooi met los plat klippe wat die vordering kon bemoeilik het. Die suidelike kop, Kleinberg, is laag en plat. Die kloof tussen die koppe sou baie maklik begaanbaar wees nadat die sandduine oorwin is, maar kon van twee kante af baie sterk met kanonne verdedig word. Die Kapenaars het die Britse leër voor die slag vir die eerste keer gesien terwyl die Britte op 'n hoogte was. Dan kon die roete nie deur hierdie kloof gegaan het nie, want Janssens het ruiters op Kleinberg gehad.[66]

Noordoos van Grootberg lê 'n verdere lae kop wat deur 'n wye vlak kloof van Grootberg geskei word. Deur hierdie kloof was waarskynlik die ou pad vanaf Melkbosstrand na Kaapstad, waarlangs die Britte ook die slagveld suidoos van Blouberg bereik het. Die terrein van die slagveld is ook nou oordek met Rooikrans en Port Jacksons.

Ons keer nou terug na die Britse landing.

Brig.-genl. Ferguson en die Highland Brigade, bestaande uit die 71ste, 72ste en 93ste Regiment, het opdrag ontvang om die landing te doen.[67] Ferguson het self vooraf

---

66. Kyk p. 128 hieronder vir meer besonderhede.

67. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 (Theal : Records V, p. 271.) Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 29 - 30; Colvin, a.w., p. 188 en Theal : History of S.A., a.w., p. 140.

die kus op die Diadem verken en 'n smal kanaal vir die landing afgebaken.[68] Popham het 'n ligte brik op die sand laat loop om as breekwater te dien, en vier ander skepe, Diadem, Leda, Encounter en later ook Protector, is so geplaas dat hulle die landing kon beskerm.[69]

In die opgewondenheid van die landing, het die soldate en matrose kop verloor en in die haas om eerste te wees om voet aan land te sit, het een boot omgekeer en al ses-en-dertig insittendes het verdrink.

Graham vertel soos volg : "We had unfortunately to make a turn to our right in order to avoid a sunken rock, then from the swell of the wind the boats unavoidably got into such a crowd that many of the turning boats could make no use of their oars. We were not then half a common shot from the beach or sand hills. Had the enemy had a couple of guns, we must have lost a vast number of men - every shot must have told. As the leading boats got within half musket shot, about a hundred Jägers threw themselves into the bushes and kept popping away until the 71st Light Company landed. They very soon made them scamper away from the first ridge of sand hills to the second . . . one of the boats from the Charlotte had been unable to push

---

68. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.) Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 29 - 30.

69. Popham aan Marsden, 13.1.1806. (Theal : Records V, pp. 281 - 282.) Ook Theal : History of S.A., a.w., p. 140; Moodie, a.w., pp. 182 - 183; Colvin, a.w., p. 188 en Graham se verhaal aangehaal in Cory, a.w., pp. 145 - 146.

to windward of the rock above mentioned, she touched it, instantly turned bottom up, and down went 36 of our brave fellows (of the 93rd Regiment) cheering as they sank."[70)]

Die Kapenaars het nie 'n verdere landing op hierdie punt, of ook op enige ander punt langs hierdie kus verwag nie, omdat die eerste pogings misluk het en ook omdat die groep wat na Saldanhabaai vertrek het, duidelik deur hulle gesien is.[71)] 'n Groep verkenners onder Jacobus Linde, wat op 'n heuwel omtrent musket-vuurafstand van die strand geplaas was, het geringe weerstand gebied. Slegs een Britse soldaat is gedood en drie ander, waaronder 'n offisier, is verwond. 'n Paar skote vanaf die beskermende Britse skepe het hulle egter gou verdryf.[72)]

Gedurende die res van die dag van 7 Januarie is die res van die leër met hulle wapens en voorrade ook aan wal gebring,[73)] asook 'n aantal mariniers en 500 matrose, wat vrywillig aangebied het om die kanonne oor die sand te sleep.[74)] Volgens Baird was die omstandighede so moeilik dat slegs Britse seemanne sou geslaag het om te land.[75)]

---

70. Graham se verhaal aangehaal in Cory, a.w., pp. 145 - 146.

71. Spilhaus, a.w., pp. 386 - 387.

72. Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.) Ook Graham se verhaal in Cory, a.w., pp. 145 - 146. Kyk ook Bylae J van hierdie verhandeling.

73. Dit wil sê die 24ste, 59ste, 83ste Regiment, asook artillerie en provisie.

74. Baird aan Castlereagh, dd. 13.1.1806. (Theal : Records V, p. 273.

75. Ibid.

Die ruwe see het nogtans veroorsaak dat Popham en kapt. King nouliks aan die dood ontkom het.[76] Geen wonder dus dat Popham en die vloot se aandeel aan die landing deur Baird hoog aangeprys is nie.[77] Gedurende die landing het die Britse vloot die kus gepatrolleer en op die vyand by Rietvlei gevuur, om sodoende die vyand te verhinder om presies uit te vind waar die Britte sou land.[78]

Die Britte het ook die oomblik van die landing baie gelukkig en voordelig gekies, want die weer in dieselfde seisoen is vantevore beskou as 'n veiligheidsmaatreël vir die kolonie teen soortgelyke ondernemings op hierdie punt. Vir verskeie dae daarna, sou 'n landing op hierdie kus, van Saldanha tot by Kaapstad, normaalweg onmoontlik gewees het.[79]

b. Die mag na Saldanhabaai

Die voordele van 'n geslaagde landing voordat die troepe uit die Kaap die strand kon bereik, was vir die Britte so vanselfsprekend dat die kolonne, wat veronderstel was om die vooruitgeskowe mag van die landingsleër te wees, onder beskerming van die skip, Diomede, met transportskepe, na Saldanhabaai gestuur is,[80] om Kaapstad

---

76. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 30.

77. Baird aan Castlereagh, dd. 13.1.1806 (Theal : Records V, p. 273.)

78. Ibid.

79. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 31.

80. Sir Home Popham's Letter Book, p. 32, Brief dd. 5.1. 1806. Ook Wilmot & Chase, a.w., pp. 234 - 235; Spilhaus, a.w., p. 386 en Cory, a.w., pp. 144 - 145.

daarvandaan oor land te bereik. Die groot afstand vanaf Kaapstad en die gebrek aan water en voedsel, het so 'n plan baie minder aantreklik gemaak as 'n landing in Tafelbaai. In Saldanha sou dit ook moeiliker wees om met die skepe in verbinding te bly, maar hulle opdrag was om die kolonie so spoedig as moontlik te verower en landing by Kaapstad het onmoontlik gelyk. Die res van die mag sou almal die volgende dag gevolg het.

Die doel van die mag na Saldanhabaai was eerstens om die pos Theefontein te verower, waar voorrade water, graan en beeste verkry kon word. Dië mag se taak is geweldig vergemaklik deur die onverwagse nalatigheid van die Kapenaars, want die beheer oor hierdie pos verseker beheer oor 'n groot en vrugbare distrik wat op die direkte roete na Kaapstad lê. Besit van hierdie pos deur die Britte, bedreig ook die Rhoodezandpas naby Tulbach, wat toegang tot die binneland verleen.[81] Verskeie ongelukkige gebeure het die sukses van hierdie kolonne teëgewerk en 'n paar honderd ruiters met 'n paar kanonne, kon hierdie aanvallers vernietig het.[82]

Die afdeling na Saldanha is ook voorafgegaan deur die skip Espoir, wat die hawe moes verower en soveel as moontlik beeste moes probeer buit het.[83] Die oggend na hulle

---

81. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 20.

82. Ibid. Dit is te betwyfel of Janssens iets hieraan kon doen, want ook sou te veel troepe nodig wees om die kuslyn te beskerm.

83. Theal : History of S.A., a.w., p. 139.

aankoms in Saldanha, het kapt. King (Espoir) en kapt. Smith van die Ingenieurs, na die strand gegaan om met die Poshouer in aanraking te probeer kom, maar 'n sarsie is op hulle boot geskiet wat deur die planke van die boot gedring het en hulle moes haastig wegdraai.[84)]

Genl. Beresford was bewus van die belangrikheid van die pos by Theefontein en het daarom die middag reeds die offisier in bevel van die kavallerie, met vyftig dragonders, op perde wat in San Salvador gekoop is, saam met 300 infanteriste van die 38ste Regiment, beveel om te land en na Theefontein te gaan.

'n Sterk wind het oor die baai gewaai en dit, tesame met die onkunde oor die kus, het die aflaai van die perde bemoeilik, sodat dit skemer geword het voordat die afdeling met hulle aanmars kon begin.[85)]

'n Offisier van 'n Amerikaanse skip wat in die baai gelê het, het die nuus aan die Britte oorgedra dat die Poshouer van die baai en al die inwoners reeds met hulle vee weggetrek het.[86)]

Na 'n mars van ongeveer 30 km het die ekspedisie Hottentotte gewaar. Die infanterie is tot halt geroep en die ruitery het sowat drie myl verder gery. By die Hottentot-

---

84. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 20 - 21.

85. Ibid., p. 21.

86. Ibid., pp. 21 - 22.

kraal het hulle 'n wa en 'n span osse gereed vir vertrek gevind, maar die Hottentotte het reeds alarm gemaak. Hulle moes ook tot hulle ontsteltenis verneem dat hulle die verkeerde pad geneem het en 21 km ver sou moes terugkeer om die regte pad te vind,[87)] hoewel kapt. Smith, wat Dundas se adjudant was en die land geken het, ook by hulle was.[88)]

By Ysterfontein het die ekspedisie verskeie honderde beeste gevind wat nog nie weggedryf was nie en party daarvan na Saldanha teruggestuur. Vanaf Ysterfontein was Theefontein nog 13 km ver. Die ruitery het na Theefontein vertrek waar hulle 'n verrassing gelewer het en baie perde, beeste en voorrade gebuit het voordat Janssens se bevele, om die vee landwaarts weg te voer en die voorrade te vernietig, uitgevoer kon word.[89)]

Eers 'n dag hierna het hierdie ekspedisie verneem van die suksesvolle landing naby Blouberg. Met feitlik ononderbroke marse het hulle daarin geslaag om net na die oorgawe van Kaapstad daar aan te kom,[90)] net te laat om aan enige van die gevegte deel te neem.[91)]

---

87. Ibid., p. 21.
88. Spilhaus, a.w., p. 386.
89. Ibid.
90. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 22 - 26.
91. Cory, a.w., pp. 144 - 145.

# HOOFSTUK IV

# DIE SLAG VAN BLOUBERG

## 1. Voor die geveg

### a. Janssens beweeg na Rietvlei

Janssens se leër was op 5 Januarie 1806 so gereed as wat dit onder die moeilike omstandighede seker kon wees, maar die afleidingsbewegings[1] wat die Britte tydens hulle landingspogings uitgevoer het, het dit vir Janssens baie moeilik gemaak om vas te stel waar presies die Britte bedoel het om te land. Daarom kon hy nie sy leër as geheel ingrawe en gereed maak om te verdedig nie. Hy sou moes wag totdat die Britte aan land was.

Toe daar op 5 Januarie heelwat aktiwiteit onder die vyand naby Blouberg te bespeur was, het Janssens een kompanie van die burgerruitery, onder die verdienstelike ritmeester Jacobus Linde, na Rietvlei en Blouberg gestuur om die vyand te gaan dophou.[2] Hulle was die enigste Kaapse verdedigers wat byderhand was toe die Britte op 6 Januarie op Melkbosstrand begin land het en was verantwoordelik vir die eerste geveg in die oorloggie. Hulle het gedurende die landing een Brit gedood en drie ander, waaronder 'n offisier, verwond, maar het self daarna twee dooies, drie gewondes en drie manne as vermis gerapporteer.[3] Hierdie

---

1. Kyk die Britse landing op pp. 109 - 111 hierbo vir meer besonderhede.
2. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 16.
3. Ibid., p. 17.

burgers het 'n deel uitgemaak van die afdeling wat onder bevel van lt.-kol. le Sueur opdrag gehad het om die vyand by Blouberg dop te hou, maar om voor 'n groot oormag terug te val.[4] Ondertussen is ook die afdeling burgerkavallerie van Stellenbosch aan die voet van die Tygerberg gereed geplaas.[5]

Na hierdie eerste kontak met die vyand, het die groep verkenners na die kamp by Rietvlei teruggekeer en om 19h00 uur arriveer. Ritmeester Linde en jager-lt. Albertus het agtergebly om die vyand dop te hou.[6]

Die Britte se poging om op 6 Januarie 'n landing naby Blouberg te maak, het Janssens laat besluit om diê middag om 14h00 uur met sy leër na Rietvlei te vertrek om vandaar binne bereik van die vyand te kom.[7] Hy het 'n redelik sterk mag van twee kompanies burgerinfanterie, twee kompanies Kaapse jagers, twee kompanies hulptroep-artillerie, een kompanie Javaanse artillerie en Franse matrose en seesoldate in Kaapstad agter gelaat om die forte te beman en die dorp te verdedig indien dit deur die Britse vloot of die mag wat na Saldanha gestuur is, aangeval word.[8]

---

4. Ibid.

5. Ibid., p. 16.

6. Ibid., p. 17.

7. Ibid., p. 16.

8. Theal : History of S.A., a.w, p. 140. Ook Dagverhaal van Von Prophalow in die Kasteel sedert 4.1.1806. (V.C. 80 : Bylae Y tot Janssens se rapport.)

Voordat Janssens na die slagveld vertrek het, het hy vir Rudolph Antony de Salis van die Politieke Raad, aangestel as waarnemende goewerneur,[9] soos hy reeds by verskeie vorige geleenthede wanneer hy op 'n landreis was, gedoen het. Van die Politieke Raad was nog slegs De Salis en J.P. Medenbach oor, want Van Oudtshoorn het bedank en R.G. van Polanen was nog steeds in Batawië,[10] waar hy militêre hulp vir die Kaap gaan soek het.

Deur die loop van die dag van 6 Januarie, het agtereenvolgens die mobiele artillerie, die rydende artillerie, die kavallerie en die orige Bataafse troepe na Rietvlei vertrek. Die Franse matrose het, met muskette gewapen, hulle poste in die forte verlaat en die Goewerneur gevolg en kort daarna ook die Franse artilleriste, sodat Kaapstad se regtervleuel dusdoende ontbloot was. Soldate is van die linkervleuel na regs oorgeskuif om die bres weer toe te maak. Die matrose van die skip Napoleon het in die forte onder mekaar geveg en baie het ook gedros.[11]

Ten spyte van die Britse landing wat reeds by Melkbosstrand begin het, was Janssens blykbaar nog steeds nie heeltemal seker van die Britte se bedoelings nie. Die Kaapse leër het dus op 7 Januarie om 06h00 uur 'n huiwerige

---

9. B.R. 115, p. 763 : Kennisgewing dd. 6.1.1806. (Plakkaatboek VI, p. 278.)

10. Spilhaus, a.w., p. 387.

11. Dagverhaal van Von Prophalow in die Kasteel sedert 4.1.1806. (V.C. 80 : Bylae Y tot Janssens se rapport). Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 16 - 17.

beweging na vore gemaak om met die vyand kontak te probeer maak,[12] terwyl 'n verdere voorwaartse beweging die middag om 15h00 uur na die Bloubergsvallei en -vlakte gedoen is, waar 'n stelling ingeneem en voorsorgmaatreëls getref is.[13]

Janssens het onherroeplik aanvaar dat hy die vyand gaan aanval, hoe sterk hulle ookal mag wees.[14] In die posisie waar die Britte hulle agter Blouberg bevind het, was dit egter nie so maklik om hulle by te kom nie. Vir so 'n aanval was daar twee moontlikhede. Eerstens kon die Britte moontlik bereik word deur die duine tussen Blouberg en die see, maar die Kaapse troepe sou dan op 'n kort afstand vir lang tye aan die vuur van die Britse skepe blootgestel wees voordat hulle die vyand kon bereik, terwyl die vyand dan nog steeds die keuse sou hê om die geveg te weier en die Kapenaars aan die vuur van die skepe bloot te stel.[15]

Die tweede moontlikheid was om die Britte deur een van die twee klowe, die een tussen Grootberg en Kleinberg en die ander noordoos van Grootberg, te probeer bereik, dog weer eens was dit onmoontlik om die vuur van die skepe te vermy. Verder kon die Britse leër in so 'n geval die geveg weier deur links te trek en dusdoende die bordjies te verhang teen die Kapenaars.[16]

---

12. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 17 - 18.
13. Ibid., p. 19.
14. Ibid., pp. 19 - 20. Kyk ook Bylae K tot hierdie verhandeling.
15. Ibid., p. 20. Kyk ook Bylae K tot hierdie verhandeling.
16. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 20. Kyk ook Bylae K tot hierdie verhandeling.

Janssens het nogtans besluit om die vyand aan te val en die volgende oggend, 8 Januarie, vir die doel afgesonder. Hy het die korpsbevelvoerders ingelig oor wat te doen staan, maar vir almal behalwe twee, waarvan een die Franse kol. Gaudien Beauchene was, het hy die hopelose stand van sake verberg en getrag om by almal die vertroue in te boesem, waarsonder nie met vrug geveg sou kon word nie.[17)]

Gedurende die aanmars na die slagveld het Janssens se troepe van links na regs soos volg beweeg : die Kaapse linkervleuel in die duine naby die see het bestaan uit, die verste, twee kompanies ligte Hottentot-infanterie, dit is die twee kompanies vanaf Muisenberg en Simonsbaai; meer regs die 9de Bataljon Jägers gevolg deur 'n afdeling ruiters onder ritmeester Wium en 'n gedeelte van die ligte dragonders. Die Kaapse middel, aan die regtersy van die duine in die vlakte, het bestaan uit die 22ste Bataljon Infanterie, die Franse seesoldate en die gesamentlike artillerie.[18)] Die Kaapse regtervleuel in die vlakte het bestaan uit die eskadron ligte dragonders, die berede artillerie, die Jagers van Waldeck en die burgerkavallerie van ritmeester Human, terwyl dié van Linde voorwaarts na Blouberg gestuur is om die vyand dop te hou.[19)]

---

17. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 21.

18. Ibid., p. 18.

19. Ibid. Uit Janssens se uiteensetting was dit nie duidelik waar die 5de Bataljon van Waldeck geplaas was nie. Hierdie opstelling is voor die geveg egter weer verander.

Om 09h00 uur is weer halt geroep en Janssens het self na vore gegaan om die vyand van naderby te bekyk. Hy het verskeie afdelings van die vyand gesien, wat tussen Blouberg en die see onder beskerming van hulle skeepskanonne gekampeer het en hy het geskat dat hulle reeds sowat 600 man aan land gehad het.[20)]

Janssens het op hierdie stadium van lt. Klapp uit Saldanhabaai berig ontvang dat 'n vyandelike mag ook daar gereed maak om te land. Hy het aan Klapp opgedra om, indien nodig, tot op Stellenbosch te retireer, maar hy moes met sy vyftien man die vyand soveel as moontlik bespied.[21)]

Dië aand tussen 20h00 en 22h00 uur het die Britse skepe 'n hewige kanonvuur op Rietvlei agter Janssens laat reën, op die plek waar die wapark en die ambulans hulle bevind het, sodat ritmeester Van Reenen dit moes verskuif om te verhoed dat dit beskadig word.[22)]

Janssens was heeltemal gerus dat hy vanaf die voorposte vroegtydig van enige vyandelike beweging gewaarsku sou word. Dië nag om 24h00 uur het 'n valse alarm en musketvuur in die duine plaasgevind met die gepaardgaande valse gerugte dat die vyand besig was om te nader. Die Generaal het ritmeester Linde en jager-lt. Albertus met 'n paar burgers en dragonders gestuur om ondersoek in te stel. Hulle

---

20. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 19.
21. Ibid.
22. Ibid., pp. 21 - 22.

het die orde herstel. Die onrus was veroorsaak deur die dronkenskap van 'n Europese sersant, wat hom saam met Hottentotte op die belangrike buitepos aan die see bevind het.[23]

Die oggend van 8 Januarie, die dag wat vir die aanval bepaal was, was die Kaapse troepe reeds om 03h00 uur gewapend en gereed.[24] Janssens het die korpsbevelvoerders opdrag gegee om na die plek te gaan waar hy die vyandelike mag die vorige dag so duidelik waargeneem het. Hulle moes hulself op hoogte bring met die presiese posisie waar die vyand hom bevind én die juiste situasie van die terrein, terwyl die Franse seekaptein moes beoordeel wat die Britse skepe moontlik kon vermag. Die Kaapse leër sou intussen deur ondergeskikte offisiere na die verwagte stellings geneem word, om te wag op die terugkeer van die bevelvoerders.[25]

Van die beplande verkenning het egter niks tereg gekom nie want voordat dit gedoen kon word, het daar van ritmeester Linde die boodskap gekom dat die vyand self ook al met 'n aanmars besig was. Daar was dus nou geen ander keuse as om sonder die beplande verkenning die vyand tegemoet te marsjeer nie.[26] Janssens het sy bes probeer om die hoogtes voor sy opponente te bereik om sodoende die

---

23. Ibid., pp. 22 - 23.

24. Ibid., p. 23.

25. Ibid., pp. 23 - 24.

26. Ibid., pp. 24 - 25.

voordeel te behaal, maar teen 04h00 uur[27] het hulle die Britse troepe, wat besig was om teen die skouer van Blouberg af te daal, vir die eerste keer gesien.[28]

b. <u>Opstelling van die Kaapse troepe op die slagveld</u>

Janssens was verbaas om die vyand voor sy regtervleuel raak te loop, maar hy was daarvan oortuig, dat wat hulle ookal bedoel het om te bereik, hulle nie die beskerming van die skepe sou verlaat nie en dat hulle die hele ruimte tot aan die see sou vul. Om dus die skyn te bewaar dat sy troepe ook die hele vyandelike front dek, moes die Kaapse front 'n agste draai frontverandering uitvoer, wat ordelik gedoen is.[29]

Die grootste deel van die eskadron ligte dragonders het met die berede artillerie op die regtervleuel gestaan en sou die vyand se linkervleuel aanval. Verder na links was in volgorde : die 9de Bataljon Jagers met twee howitzers en drie sesponders; die 22ste Bataljon Infanterie; die Franse seesoldate; die 5de Bataljon van Waldeck en die kompanies burgerkavallerie van ritmeesters Linde, Human en Wium. Kanonne is uit die linie geneem en geplaas waar dit

---

27. Theal sê dat die Kapenaars die Britte om 05h00 uur vir die eerste keer gesien het, (Theal : History of S.A., a.w., p. 141.) terwyl Janssens in sy rapport beweer dat die Slag van Blouberg reeds om 05h00 uur begin het met die aanval van die Britse regtervleuel. (V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 25.)

28. Theal : History of S.A., a.w., p. 141. Ook Cory, a.w., p. 146.

29. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 25.

nodig was.[30)]

Oor die duine van die see tot aan die berg kon nie meer as vyftig man geplaas word nie, bestaande uit twintig jagers en dertig Hottentotte, wat in 'n dun lyn van berede wagte (Vedette) geplaas is. Hulle was egter almal te voet. Ritmeesters Linde en Human is met 'n klein getal burgers afgedeel en het die hoogte (Kleinberg) beset.[31)]

Die opstel van die troepe op die slagveld word verder deur Janssens self soos volg gestel : "Het corps d'armee eene behoorlijke geslootene formatie gevende, zouden wij een punt voor eene uitgebreide lignie gemaakt hebben - De cavallery stond dan rechts en links, in een gelid tusschen ijder man, eene ruime distantie latende ...... terwijl de intervallen tusschen de corpjes . . . . . uit hoofde de vijand geen groot aantal cavallarij tegen ons konde aanvoeren, zeer groot bleeven."[32)]

### c. Die Britse leër beweeg nader

Baird se leër het bestaan uit die 24ste, 59ste, 71ste, 72ste, 83ste en 93ste Regiment, 'n totale sterkte van 4 000 man in twee brigades, met twee howitzers en ses ligte veldkanonne.[33)]

---

30. Ibid., pp. 25 - 26. Kyk ook bylae I tot hierdie verhandeling.

31. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 26 - 27.

32. Ibid., p. 27.

33. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 272). Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 31. Kyk ook bylae I en L tot hierdie verhandeling.

Op die môre van 8 Januarie het die Britte self ook vroeg begin. Baird het sy leër in twee parallelle kolonne verdeel. Die regtervleuel was die Eerste Brigade, bestaande uit die 24ste, 59ste en 83ste Regiment, onder bevel van sy broer, lt.-kol. Baird. Die linkervleuel was die "Highland Brigade", bestaande uit die 71ste, 72ste en 93ste Regiment, onder bevel van brig.-genl. Ferguson. Behalwe die leër van ongeveer 4 000 man, was daar nog die artilleriste en 500 of 600 matrose, gewapen met pieke (spiese), wat die agt kanonne gesleep het.[43)] Nogtans was hierdie soldate die room van die Britse leër en al die regimente was bo normale sterkte.[35)]

Op die Britse regtervleuel het die 59ste Regiment opdrag ontvang om deur die sandduine tussen Blouberg en die see te beweeg, terwyl die hoofmag van die brigade óór of óm Blouberg sou gaan.[36)] Vir hierdie Britte was die terrein waaroor hulle moes beweeg seker die moeilikste. Ons laat Graham, wat saam met hulle was self vertel : "It is impossible to give an idea of the difficulty of march on the ground over which we had to go, the great irregularity of the surface, the deepest sand I ever saw, and the whole covered with almost impenetrable brushwood."[37)]

---

34. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 30 - 31 en Colvin, a.w., pp. 189 - 190.

35. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 31.

36. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 31.

37. Graham se verhaal. (Cory, a.w., p. 146.) Kyk ook sy verhaal oor die landing pp. 114 - 115.

Colvin se beskrywing van die gebied waaroor die Britte na Blouberg moes beweeg, dien as verdere bewys van die plek waar die Britte geland en die roete wat hulle daarvandaan gevolg het, maar gee ook 'n goeie aanduiding van waar die Slag van Blouberg werklik plaasgevind het. Daarom word dit volledig aangehaal :

"Immediately in front of them was a stretch of sandy downs, sparcely covered with heath and milkbush and low flowering protea, while a little way off, across their road to the Capital, lay the Blaauwberg, behind which was the enemy. A body of 500 sailors cheerfully dragged the guns through the brush and sand, and the little army toiled along, breathless but happy at the prospect of a fight. Four miles from the landing place they reached the crest of the Blaauwberg range, which intercepted the road almost at right angles, and saw Janssens' forces drawn up on the plain beyond."[38)]

Die Britte het die ligte Kaapse troepe op die strand voor hulle verdryf,[39)] en die skouer van Blouberg bestyg onderweg na die pad na Kaapstad, waar hulle op hulle beurt verbaas was om deur die Kapenaars, wat in slagorde in die vlakte opgestel was, met drie hoera's begroet te word.[40)] Baird het die vyand hopeloos oorskat, want hy beweer : "The

---

38. Colvin, a.w., pp. 189 - 190.

39. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.)

40. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.) Ook V.C. 58 : Wilson's Account, p. 32.

enemy's force apparantly consisted of about 5 000 men, the greater proportion of which was cavalry, and 23 pieces of cannon yoked to horses - "[41]

Robert Wilson het intussen opdrag gehad om beslag te lê op alle perde en beeste op die plase onder Blouberg.[42]

## 2. Die geveg by Blouberg

### a. Die begin van die geveg

Baird het die vyand behendig genader terwyl hy steeds die verbinding met die kus, en dus met die Britse skepe, behou het, daarom was Janssens verplig om sy linie uit te rek.[43] Die opstel van die Kaapse troepe[44] en die soort terrein wat deur die Kapenaars beset is, het dit aan Baird duidelik gemaak dat Janssens van plan was om die regtervleuel aanvanklik terug te hou en dan met die linkervleuel te probeer om die Britse regtervleuel te omtrek. Om hierdie omtrekking te voorkom, het Baird reeds die Britse leër in twee kolonne omgevorm, met die Tweede Brigade (Highland Brigade) onder brig.-genl. Ferguson steeds op die pad, terwyl die Eerste Brigade na regs geswenk het om deur die nek in die berge te gaan.[45] Daarna het Baird sy linie uitge-

---

41. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.)

42. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 12.

43. Colvin, a.w., p. 191.

44. Kyk pp. 127 - 128 hierbo vir besonderhede.

45. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.) Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 27.

rek en die "Highland Brigade" na vore gestoot.[46)]

Janssens het 'n groep burgers onder ritmeesters Linde en Human op Kleinberg, links voor sy front, geplaas.[47)] Daarom het Baird om 05h00 uur die geveg begin deur die grenadiers van die 24ste Regiment te stuur om die ruiters van Kleinberg af te verdryf. Hoewel hulle daarin geslaag het, was dit met swaar verliese,[48)] want die burgers het soos gewoonlik knap geskiet, met die gevolg dat 'n Britse offisier, kapt. Forster, gedood asook vyftien man gedood of gewond was voordat Kleinberg verower was.[49)]

Die Britse hoofmag het voortmarsjeer oor die vlakte en deur 'n wanvertolking van bevele, het hulle begin vuur voordat hulle binne behoorlike trefafstand was.[50)]

Die Britte het meer perde tot hulle beskikking gehad as wat Janssens verwag het. Dit was die perde wat hulle by San Salvador aan boord geneem het.[51)]

---

46. Moodie, a.w., p. 183.

47. Kyk p. 128 hierbo.

48. Wilmot & Chase, a.w., p. 235. Volgens hulle het die Kaapse kanonne die geveg begin. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 32 - 33.

49. Colvin, a.w., p. 191.

50. Wilmot & Chase, a.w., p. 235. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 32 - 33.

51. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 27. Kyk pp. 103 - 104 hierbo vir meer besonderhede.

b. Die geveg word algemeen

Die linkervleuel van die "Highland Brigade", het bestendig na vore gestap, soms in gelid en soms in linie, onder hewige vuur van die Kaapse kanonne, wat met kanonkoeëls en skroot geskiet het. Die Britse kanonne het van 'n ander rigting gevuur, maar die Kapenaars het die vuur van die Britte ontvang en hardnekkig hulle posisies behou.[52)] Die Eerste Brigade van die Britte wat links om Blouberg beweeg het, was noodgedwonge van hierdie hoofgeveg en dus van die uiteindelike oorwinning uitgesluit, hoewel die flankkompanies van die 24ste Regiment 'n deurslaggewende sukses behaal het toe hulle die burgers van Kleinberg af verdryf het.[53)]

Die Britte het hulle twee howitzers aanvanklik uitsluitlik teen die Kaapse mag se middelste afdelings gebruik, waar Janssens met die stafoffisiere hulle aanvanklik effens voor die linie bevind het. 'n Franse kaptein, Richard, wat op eie versoek ook daar was, se perd is onder hom doodgeskiet, maar geen offisier is hierdeur of daarna getref nie.[54)]

Al die offisiere van die staf was gedurende die geveg besield met 'n bedaarde gees van welwillendheid, wat Janssens geglo het, nie by alle soldate aangetref word nie.

---

52. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 272.) Kyk ook Colvin, a.w., p. 191.

53. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 272.) Kyk ook p. 132 hierbo.

54. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 27 - 28.

Almal het bevele soos op 'n parade ontvang en dit spoedig en duidelik oorgedra. Die Generaal het opgemerk dat hulle so dig op hom aangedring het dat hulle nodeloos die gevaar vermeerder het, maar niemand wou wegstaan om dus die skyn te gee, dat hy begeer het om die gevaar vir homself te verminder nie.[55)]

Die kanonvuur het algemeen geword en die Kaapse artillerie, burgers en jagers het die vyand groot skade berokken en sommige Britse korpse verplig om van hul beplande bewegings af te wyk.[56)] 'n Groot oormag van die Skotse Hooglanders het die front van die geringe Kaapse infanterie genader en reeds op 'n lang afstand begin met 'n algemene sarsie, sodat van hul musketkoeëls weinig getref het. Dit het reg in Janssens se kraal gepas, want dit was sy plan om hulle te laat nader kom tot op 'n kort afstand, om dan 'n moordadige algemene sarsie op hulle los te laat.[57)]

c. Die Waldeckers vlug

Van die Britte se eerste howitzerkoeëls het een in die regtervleuel van Waldeck getref en meer verwarring veroorsaak as wat die Britte verwag het. Toe meer koeëls tussen hulle begin val het, het hierdie soldate, van wie sulke hoë verwagtings gekoester was, skielik nie meer daaraan voldoen nie en die reputasie wat hulle roemryke gedrag in die veldtog van 1794 vir hulle verwerf het, oneer aangedoen deur

---

55. Ibid., p. 29.
56. Ibid., p. 31.
57. Ibid., pp. 31 - 32.

lafhartig op te tree.[58)]

Reeds voor die geveg begin het, toe die Britte so duidelik teen die liglyn sigbaar was, het Janssens langs die linies gery en alle troepe probeer aanspoor en besiel. Almal het met geesdrif hoera geskree, maar dit wou toe reeds voorkom asof die soldate van Waldeck met minder geesdrif geantwoord het. Janssens het nie op daardie oomblik die betekenis daarvan reg begryp nie en steeds die hoogste verwagtings van hulle gekoester. Later sou hy dit weer onthou.[59)]

Toe Janssens op die kritieke oomblik die bevel tot 'n algemene sarsie op die Skotte wou gee, wat reeds met 'n bajonetstormloop begin het, was dit dus vir hom hartverskeurend dat die bataljon van Waldeck in wanorde op die vlug geslaan het. Die Generaal "wierp zich tusschen hem, hen bij hunne vorige roem - de eer van Duitschland en Waldeck - hun beminde vorst en wat maar zijn kon, bezweerende te staan en te toonen, dat ze waardige zoldaaten waren," maar nóg dit nóg die pogings van die offisiere om hulle tot stilstand te bring het gehelp; hulle het nie geretireer nie, maar skandelik op die vlug geslaan[60)] en dit toe die Britte nog 'n honderd meter ver weg was.[61)]

---

58. Ibid., pp. 29 - 30.

59. Ibid., p. 30. Kyk ook Wilmot & Chase, a.w., p. 235.

60. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 32. Ook Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.)

61. Colvin, a.w., p. 191. Ook Spilhaus, a.w., pp. 386 - 387 en Cory, a.w., p. 146.

Janssens was bevrees dat die vlugtende Waldeckers hom sou meesleur indien hy langer tussen hulle sou vertoef. Daarom het hy die lafaards verlaat en hom by die dappere en nog staande Franse gevoeg.[62] Terwyl hy so tussen die Franse verkeer het moes die arme Janssens tot sy sielesmart sien dat die linkervleuel van die 22ste Bataljon ook besig was om terug te deins. In teenstelling met die Waldeckers, het hulle egter op aansporing tekens van gehoorsaamheid getoon, maar die wanorde was nou te groot om te herstel.[63] Die 22ste Bataljon het eindelik ook voor die Hooglanders se bajonetstormloop die wyk geneem.[64]

Die Franse was dus nou links en regs in die steek gelaat en was genoodsaak om ook met groot verliese te retireer. Kol. Beauchene en offisier Du Belloij, 'n neef van die Aartsbiskop van Parys, het laaste op die slagveld bly staan en laasgenoemde is swaar verwond. In die linie verder regs was die grenadiers en jagers ook besig om te retireer, maar nie om te vlug nie. Janssens was verplig om party van hulle van die slagveld af te stuur. Die dragonders was reeds byeengetrek en het op die Generaal se bevel ook die slagveld verlaat.[65]

---

62. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 32.

63. Ibid., pp. 32 - 33. Ook Wilmot & Chase, p. 235 en Colvin, a.w., pp. 191 - 192.

64. Theal : History of S.A., a.w., p. 142. Laidler, a.w., pp. 121 - 122, sê daar was ook skrootvuur van die Britse skepe.

65. V.C. 80 : Janssens se rapport p. 33.

Die burgers, die Franse korps, die res van die troepe en die gekleurde huurtroepe het hulle knap gedra deur die swaar vuur van die Britte te verduur en in dieselfde munt terug te betaal met artillerie en jaggewere, maar die vlug van die hoofliggaam van die beroepsoldate het dit vir hierdie gemengde mag onmoontlik gemaak om alleen op die slagveld te bly staan voor die stormloop van die Hooglanders. Daarom het die karige oorblyfsels van die leër op bevel van Janssens ook die slagveld verlaat.[66)]

Janssens se offisiere was steeds koel en bedaard soos aan die begin van die geveg. Ritmeester Verkouteren het 'n koeël deur die sy gehad, ook kapt. Steffens was gewond, maar minder ernstig. Kapt. Richard het twee perde in die geveg onder hom verloor. 'n Koeël het ook vir Janssens in die sy getref, maar dit het op iets in sy sak gestuit en geen skade aangerig nie. Die offisiere het hom gevra om homself nie verder bloot te stel nie want sy teenwoordigheid kon baie help om die soldate se moreel te herstel en te bevorder.[67)]

Die artillerie het hulle baie dapper gedra en slegs een kanon onder 2de lt. Dibbetz het verlore gegaan nadat ses perde van een span gedood is en sommige artilleriste en kanonniers gedood en gewond is, maar die kanon is nog-

66. Theal : History of S.A., a.w., p. 142. Kyk ook Colvin, a.w., pp. 191 - 192.

67. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 34. Dit was 'n kanonkoeël wat reeds 'n paar keer grond gevat het en dus min vaart oorgehad het.

tans eers buite werking gestel.[68]

Na dit alles het Janssens die berede artillerie nog op bedaarde en ordelike wyse alleen op die slagveld gevind besig om op die vyand te vuur. Hy het dadelik aan lt. Pelligrine opdrag gegee om die troepe na Rietvlei te volg. Pelligrine het dit egter as advies eerder as 'n opdrag, beskou en die Britte ewe kalm verder bestook. In 'n geveg waarin hy reeds groot lafhartigheid moes aanskou, was Janssens so beïndruk deur Pelligrine se koele dapperheid, dat hy hom op die plek bevorder het tot ritmeester en beveel het om die slagveld te verlaat om die agterhoede van die terugtrekkende troepe te dek.[69]

Janssens het eers vir adj.-genl. Rancke en later ook vir kol. Henrij gestuur om die retirerende troepe by Rietvlei te konsolideer en 'n nuwe stelling daar in te neem, terwyl hy self met die offisiere in die agterhoede van die retirerende kolonne gebly het.[70]

Aan die Britse kant het seemanne ook 'n groot bydrae tot die welslae van 8 Januarie gelewer. Die seesoldate het onder andere 'n stelling by Rietvlei beset en saam met die leër gewerk.[71] 'n Aantal van hulle is ook met twee kanonne

---

68. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 34 - 35. Ook Colvin, a.w., pp. 191 - 192.

69. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 35 - 36.

70. Ibid., pp. 33 - 34.

71. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 271.)

aan wal gesit om vir Baird by Rietvlei te wag.[72] Popham het self gedurende die slag met die Encounter, die Protector en die Leda teen die kus af gevaar en skote oor die eerste duine gevuur, waardeur hulle die Kapenaars verplig het om die wapark by Rietvlei te verskuif.[73]

## 3. Na die geveg

### a. Janssens se optrede

Op sy pad terug na die Rietvlei, het Janssens gepeins oor wat hom te doen gestaan het. Die oorgeblewe deel van sy mag sou stellig baie klein wees. Kaapstad het feitlik nog net sy inwoners as verdedigers oorgehad en daar sou seker nog net genoeg brood vir twee dae in die stad oor wees. Hy het nogtans gevoel dat hy onder moeilike omstandighede sy bes gedoen het en dat niemand meer sou kon gedoen het nie. Daar was 'n tekort aan baie noodsaaklike voorrade en indien hy met sy leër na die stad sou gaan, sou hulle dadelik van die buitewêreld afgesny gewees het. Die Britte kon hulle dan, sonder om te veg, binne enkele dae dwing om 'n vrede af te smeek. Met die oormag tot hul beskikking, kon die Britte dalk verkies om die stad liewer aan te val en nodeloos te verwoes. Onder sulke omstandighede sou hy en die soldate nie om 'n eervolle kapitulasie kon vra nie. Die burgers het ook nie verdien dat hulle eiendomme verwoes sou word, sonder die hoop om die oorgawe

---

72. Popham aan Marsden dd. 13.1.1806. (Theal : Records V, p. 283.)

73. Popham aan Marsden dd. 13.1.1806. (Theal : Records V, p. 282.) Kyk ook p. 125 hierbo.

aanmerklik te vertraag nie. Janssens het dus besluit om, in plaas van na Kaapstad, na die Hottentots-Hollandberge te gaan.[74]

In die lig van Janssens se besluit om na die berge te gaan, was Simonsbaai en Muisenberg, waar twee kompanies Hottentotte en vyftig artilleriste hulle nog bevind het, nie meer van enige waarde nie. Daarom het hy vir lt. Pheil haastig daarheen gestuur, om maj. Von Horn, die bevelvoerder aldaar, te beveel om die skip Bato en alle ammunisie te vernietig en met die troepe die Hottentots-Hollandberge te gaan verdedig.[75]

Die oorblyfsels van Janssens se leër is by Rietvlei vergader en daarna verskuif om buite die vuur van die skeepskanonne te kom.[76] Janssens was diep bedroef om die oorblyfsels van die bataljon van Waldeck te sien, vir wie hy voorheen soveel agting gehad het. Alhoewel hy besef het dat dit nie die offisiere se skuld kon gewees het nie, wou hy hulle nogtans nie met hom saamneem nie. Hy het hulle gelas om dadelik na Kaapstad te gaan, sodat hulle ingesluit kon word in enige vredesvoorwaardes wat Baron von Prophalow vir Kaapstad gereël kon kry.[77] Janssens moes een uitsondering maak, want die Jagers van Waldeck het

---

74. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 36 - 38.

75. Ibid., p. 38. Ook Theal : History of S.A., a.w., pp. 143 - 144 en Laidler, a.w., p. 122.

76. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 38 - 39.

77. Ibid., p. 39. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, p. 34.

elders diens gedoen en het hulle knap gedra. Aan hulle het hy elkeen afsonderlik die keuse gestel om hom te volg, waarop hulle eenparig besluit het om saam te gaan. Die ander kompanies is dadelik na Kaapstad gestuur.[78]

Die Franse het hulle op die slagveld baie dapper gedra en het eers saam met Janssens en Pelligrine se artillerie die slagveld verlaat. Janssens sou hulle baie graag saam met hom wou neem na Hottentots-Holland, maar kapt. Beauchene het gevoel dat hulle op die platteland van weinig waarde sou wees. Aangesien die Franse se verliese reeds groot was, is hulle ook na Kaapstad teruggestuur om met die verdediging aldaar te help. Die Franse is met 'n ompad om Tafelberg na Kaapstad, sodat hulle nog die stad sou kon bereik om die batterye oor te neem, waarvoor hulle meer geskik was as vir musketgevegte. Hulle het ongelukkig te laat daar aangekom.[79]

b. Janssens verskuif sy leër

Om die stelling by Rietvlei te hou, kon tot niks anders as insluiting lei nie. Daarom is bevel gegee om na die Tygerberge tot op die plaas Rooseboom te marsjeer om die manne daar tot 23h00 uur te laat rus.[80] Daarna het die mars na Eersterivier begin en teen 21h00 uur op 9

---

78. Theal : History of S.A., a.w., p. 143.

79. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 40 - 41. Kyk ook V.C. 58 : Wilson's Account, p. 34.

80. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 39 - 40. Ook Theal : History of S.A., a.w., pp. 144 - 145.

Januarie, is 'n nuwe stelling daar ingeneem.[81)]

c. Laaste boodskappe aan die Politieke Raad

Een van Janssens se laaste opdragte aan die Politieke Raad aan die Kaap was om die burgers, wat hulle op die slagveld so dapper gedra het, te beloon deur die skenking van plase. Hy het besef dat dit onmoontlik sou wees om almal te beloon, maar het die name genoem van ritmeesters Jacobus Linde en Pieter Human en die burgers Pieter Pietersen, Nicolaas Swart (P. seun), Nicolaas Swart (K. seun), Jan Rabe, Dirk Lourens, Servaas de Kock, Nicolaas Linde, Marthinus Theunissen, Hans Human en Pieter Mostert. Hierdie toekennings is dadelik, nog voor die oorgawe van die stad, gedoen. Dit was ook die laaste vergadering van die Bataafse Administrasie aan die Kaap.[82)]

d. Die toestand in Kaapstad

In Kaapstad was die verdedigers ondertussen druk besig om koeëls te verhit en gereed te wees indien die Britse skepe Kaapstad sou aanval. Gedurende die voormiddag van 8 Januarie het De Salis 'n brief van adj.-genl. Rancke ontvang waarin hy meld dat sy leër deur die vyand verslaan is. Later in die dag het groepe Waldeckers in die stad aangekom. Hulle het soveel kwaad aangerig dat hulle ontwapen moes word. Gedurende die daaropvolgende nag het

81. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 40. Ook Theal : History of S.A., a.w., pp. 144 - 145.

82. Theal : History of S.A., a.w., p. 144.

baie van die oorgeblewe soldate die batterye verlaat sodat burgerpatrollies sover as Craig's Tower moes gaan om te help verdedig indien nodig. Intussen het die Waldeckers hulle steeds aan bandeloosheid skuldig gemaak. Ook ander troepe wat intussen aangekom het, moes ontwapen word.[83] Op 9 Januarie het die vyand genader tot by Jan Biesieskraal en Soutrivier, terwyl die skepe ook nader gekom het.[84]

## 4. Die Britte na die geveg

Die Britte het 'n baie maklike oorwinning by Blouberg behaal, maar in die oomblikke daarna is hul oorwinning byna deur 'n volslae gebrek aan water tot niet gemaak. Na die groot inspanning van die geveg, waarin sommige soldate die kanonne deur die dik sand moes sleep, het die brandende son en die weerkaatsing van sy strale op die spierwit sand, die Britte verder uitgemergel. "The Soldiers dropped fast, and several soldiers died at the guns they had been dragging through the soil over which it was not supposed by the enemy cannon could be brought by men."[85]

Die toestand is verder vererger deurdat baie van die ander voorrade wat hulle saamgebring het gedurende die geveg verlore gegaan het.[86] Gelukkig is 'n klein poeletjie

---

83. V.C. 80, Bylae Y, pp. 422 - 426 : Von Prophalow se dagverhaal in Kasteel sedert 4.1.1806.

84. Ibid., pp. 426 - 427. Ook Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, pp. 272 - 273.)

85. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 32.

86. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, pp. 272 - 273.)

water daar naby gevind, wat versigtig onder Baird se persoonlike toesig uitgedeel is.

Die een se dood is die ander se brood. Vir Janssens en die Kapenaars was dit baie gelukkig dat die Britse soldate, nadat hulle vyf maande lank op die skepe vasgekeer was, 'n mars van ses uur deur die sand moes deurmaak, want die Britte was daarna nie in staat om die Kapenaars dadelik te agtervolg nie, sodat Janssens sonder probleme kon retireer.[87)]

Nadat die Britse troepe in 'n mate herstel het, het hulle na Rietvlei beweeg. Na 'n koue nag in die opelug op die kaal sand, het hulle gedurende die volgende oggend van 9 Januarie nader aan Kaapstad beweeg en 'n stelling by Soutrivier ingeneem, waar toevoer van voorrade vanaf die skepe vergemaklik kon word.[88)]

## 5. Verliese

### a. Die Kapenaars

Dit is uiters moeilik om die verliese wat die Kapenaars by die Slag van Blouberg gely het korrek weer te gee, omdat die Kaapse leër die slagveld in die besit van die vyand moes verlaat. Slegs diè dooies en gewondes wat duidelik sigbaar was is getel, sodat die onderskeie korpse

87. Wilmot & Chase, a.w., pp. 235 - 236.

88. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, pp. 272 - 273.) Kyk ook V.C. 58 : Wilson's Account, p. 32.

nie later volledige opgawes kon opstel nie. Hospitale se opgawes van gewondes is wel later, waar moontlik, bygevoeg.[89]

Die bataljon van Waldeck is van die slagveld afgestuur sodat dit ook nie moontlik was om hulle verliese korrek vas te stel nie.[90] Geen bevestiging kon vir Snouckaert se bewering, dat 'n hele kompanie van die Waldeckers op die slagveld gevang is, gevind word nie,[91] terwyl Moritz slegs sê dat sewe van hulle gedood is en vyf-en-dertig gewond.[92]

By Rietvlei is later 'n opname gedoen wat aantoon dat die totale verlies, dit wil sê gedood, gewond en om allerlei redes vermis, 337 was,[93] terwyl die gewondes alleen later aangetoon word as 134. Hiervan het die Waldeckers die grootste aantal gewondes gehad naamlik sewe-en-dertig die Franse twee-en-dertig en die infanterie vyf-en-twintig. Twaalf offisiere was ook onder die gewondes.[94]

Janssens se leër was dus by Rietvlei nog 1308 man sterk, alle range ingesluit,[95] terwyl 110 Franse, 188

---

89. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 358, Bylae B.

90. Ibid., p. 357, Bylae B.

91. A.C. Snouckaert : De Kaapkolonie in 1806. (Geen drukker of datum.) p. 386. Ook Lauts, a.w., p. 167.

92. Moritz, a.w., p. 332.

93. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 357, Bylae B. Kyk ook Bylaes F en G van hierdie verhandeling.

94. V.C. 80 : Janssens se rapport, Bylaes A, B, en D saamgevat.

95. Ibid.

ander soldate, vier burgers, sewentien Hottentotte, tien Maleiers en agt slawe nie op hulle name geantwoord het nie.[96]

Van Britse kant is die Kaapse verliese deurgaans as baie hoog aangetoon, meesal tussen 500 en 700 man gedood en gewond.[97] Hierdie getalle was waarskynlik oordryf, want indien ons aanvaar dat Janssens met 2045 man na Blouberg uitgetrek het en daar later by Rietvlei 1308 teenwoordig was, dan was sy verliese 737. Indien die 312 Waldeckers wat by Rietvlei nie bygetel is nie, afgetrek word, was sy verliese 425, waarvan 'n groot getal na die slag gedros het.

Dieselfde probleem duik op oor die aantal kanonne wat die Britte gebuit het. Janssens vermeld dat slegs een vernielde kanon op die slagveld agtergelaat is omdat die meeste van die perde in die span doodgeskiet is.[98] Robert Wilson daarenteen, spreek sy spyt uit dat die grootste gedeelte van die Britse ruitery saam met Beresford in Saldanha geland het, want die Britte het verskeie kanonne gebuit en hy was seker dat hulle met meer ruiters alle Kaapse kanonne gedurende die slag kon gebuit het.[99]

---

96. Theal : History of S.A., a.w., p. 143. Kyk ook Bylae F, G en H van hierdie verhandeling.

97. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, pp. 272 - 273.) Ook C.O. 49/2 Baird se verslag. Kyk Bylae E van verhandeling.

98. V.C. 80 : Janssens se rapport, Bylae A en B.

99. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 32 - 33.

b. Die Britte

Aan Britse kant was daar min twyfel oor die getal van hulle verliese. Almal was dit eens dat een offisier, kapt. Forster, en veertien manskappe in die slag gedood is en dat nege offisiere en 180 manskappe gewond was, terwyl agt manskappe as vermis aangegee is.[100] Lt.-kol. Grant, wat ook in die slag verwond is, het nogtans die 72ste Regiment tot die oorwinning aangevoer.[101] Janssens het slegs gemeld dat die vyand self ook aansienlike verliese gely het.[102]

## 6. Janssens trek na Hottentots-Holland

Lank voor die Slag van Blouberg, het Janssens reeds besluit om na die versterkte binneland terug te trek wanneer Kaapstad nie meer met vrug verdedig kon word nie. Janssens het nie genoeg soldate gehad om beide die Rhoodezandkloof en die Hottentots-Hollandkloof te verdedig nie. Daarom het hy besluit om slegs die Hottentots-Hollandkloof te verdedig, waar dit moontlik was om die verbindings met die oostelike gedeelte van die land af te sny.[103] Dit sou nou nie meer van veel waarde wees nie, aangesien

---

100. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V,pp. 260.) Ook Cory, a.w., pp. 146 - 147; Theal : History of S.A., a.w., p. 143; Moodie, a.w., pp. 183 - 184 en Spilhaus, a.w., pp. 386 - 387. Kyk ook C.O. 49/2, Baird se verslag.

101. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 263.)

102. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 40.

103. Kyk ook p. 75 hierbo vir meer besonderhede.

die Britte spoedig die graan- en wynproduserende distrikte onder hulle beheer sou hê en ook die binneland deur die Rhoodezandkloof kon bereik. Janssens kon nog na die verre binneland retireer en daar wag vir die aankoms van 'n Franse ekspedisie om die land te herower, of om vandaar meer voordelige vredesvoorwaardes af te dwing.[104)]

Gedurende die aand van 9 Januarie het burgers uit die omgewing van Kaapstad aan Janssens kom vertel dat die rooi vlag van krygswet oor die stad met 'n witte vervang is. Die waarheid daarvan kon nie bevestig word nie; daarom was dit vir Janssens des te meer noodsaaklik om die kloof in die Hottentots-Hollandberge so spoedig as moontlik te bereik. Hy het die bagasie vooruit laat stuur en die gewondes, wat sy vordering vertraag het, is op genade van die inwoners na Stellenbosch gestuur.[105)] Ook nog op 9 Januarie, het Von Prophalow voorrade, 'n aantal van die gedroste soldate en die laaste kanonne na Janssens in die Hottentots-Holland gestuur.[106)]

Op 10 Januarie om 03h30 uur het Janssens se troepe tot aan die voet van die kloof gemarsjeer en vir maj. Von Horn met die twee kompanies Hottentotsoldate en vyftig artilleriste vanaf Simonsbaai daar aangetref. Eers die volgende nag om 01h00 uur het Janssens berig ontvang dat Kaapstad

---

104. Theal : History of S.A., a.w., p. 147.

105. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 41 - 42. Ook Lauts, a.w., p. 167.

106. Von Prophalow se dagverhaal in die Kasteel sedert 4.1.1806. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 426 - 428, Bylae Y.

oorgegee het. Gedurende die dag van 11 Januarie het hy voortgegaan om die geskut, voedsel en ander voorrade oor die berg te vervoer.[107)]

Weens die swakheid van die korpse het Janssens op 12 Januarie besluit om die korpse te ontbind en tydelik in kompanies soos volg te reorganiseer : die Grenadiers, die Jagers van die 9de Bataljon, die Fusiliers van die 22ste Bataljon, die Hottentotte, die Jagers van Waldeck, die Rydende (Berede) Artillerie, die Dragonders en die Artillerie.[108)]

Vervolgens het Janssens alle gesonde offisiere en manskappe van die beroepsleër in diens gehou, maar die burgers en hulptroepe wat gesinne en eiendom in Kaapstad agtergelaat het, is eervol bedank vir hulle diens en huis toe gestuur. Hierna is maj. Von Horn met troepe na Swellendam gestuur en alle ongeskikte soldate na Stellenbosch.[109)]

## 7. Kritiek en Waardering van die geveg

### a. Janssens en die Kaapse leër

Hoewel Janssens ook gekritiseer kan word vir sommige besluite wat hy geneem het, ly dit geen twyfel dat hy sy uiterste bes gedoen het om die Kaap behoorlik te verdedig nie. Anders as Sluysken, die Kaapse goewerneur in 1795,

---

107. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 42.

108. Ibid., pp. 42 - 43.

109. Ibid., pp. 43 - 44.

moet die persoon van Janssens en sy leierskap op die slagveld, van alle blaam vir die verlies van die Kaap onthef word.[110] Nogtans kan Janssens in een opsig baie gekritiseer word, dit is sy voortdurende twyfel in sy eie bekwaamheid en die verdedigingsmoontlikhede van die Kaap. Hierdie twyfel moes uiteindelik ook na sy offisiere en soldate deurgewerk het, want Lauts vra : "Was het (de?) kleingeestige vreeze in den Opperbevelhebber die zich in de officieren van den Krijgsraad afspiegelde?",[111] hoewel Janssens sê dat hy aan slegs twee persone bekend gemaak het hoe moedeloos hy oor die Kaap se kanse voel.

In sy voorbereidings het Janssens geen steen onaangeroerd gelaat om meer verdedigers te kry nie en het hy selfs sy eie seun by die leër laat aansluit (en verloor) as voorbeeld vir ander.[112] Nogtans het hy nie van al die kragte van die burgers gebruik gemaak nie en hulle selfs toegelaat om Hottentotte en slawe in hul plek te stuur vir militêre diens.[113]

Tydens die Britte se landing was hulle uiters kwesbaar[114] en aangesien die verkenners van ritmeester Linde 'n mate van sukses behaal het, kon 'n groter mag die Britte moontlik gestuit het. Hierby moet egter onthou word dat

---

110. Wilmot & Chase, a.w., p. 237.

111. Lauts, a.w., p. 168.

112. Van der Merwe, a.w., p. 60. Kyk ook p. 83 hierbo.

113. Kyk ook p. 55 hierbo.

114. Kyk Cory, a.w., p. 146. Graham se verhaal.

Baird na sy aankoms nie gras onder sy voete laat groei het nie en dadelik met die landingspogings begin het. Verder het Baird deur afleidingsbewegings[115] en die bedreiging wat die Britse vloot vir Kaapstad ingehou het, Janssens gedwing om sy troepe voorlopig naby Kaapstad te hou. Dit sou vir Janssens waaghalsig gewees het om die Britse troepe, wat gedurende die landing onder beskerming van die vier Britse oorlogskepe was, aan te val.[116)] Daarby kon Baird direk na die landing sy hele mag teen die Kapenaars aanwend, terwyl Janssens ook moes dink aan verdediging van die hele kolonie.

Nadat Janssens bevestiging ontvang het dat die Britte besig was om naby Blouberg te land, het hy met sy soldate daarheen vertrek,[117)] maar hy was nog onseker oor die Britte se bedoeling, want nadat hy reeds gedurende die aand van 6 Januarie met sy soldate by Rietvlei was, het hy gedurende die hele dag van 7 Januarie slegs 'n huiwerige beweging na vore gemaak. Hy kon die hoogtes van Blouberg baie maklik op 7 Januarie reeds beset het en dan sou hy nie op 8 Januarie te laat gewees het om dit te doen nie. Van die hoogtes van Blouberg kon Janssens met sy artillerie groot verwarring onder die Britte veroorsaak het terwyl laasgenoemde teen die steil helling van Blouberg uitgeklim het, terwyl hy steeds 'n veilige terugtog kon gedoen

---

115. Kyk pp. 109 - 111 hierbo vir meer besonderhede.

116. Colvin, a.w., p. 189. Kyk ook pp. 109 - 111 hierbo.

117. Moodie, a.w., p. 183.

het.[118]

'n Bevelvoerder moet in staat wees om wat die vyand in die mou voer vooruit te loop en dan verstandig te waag. Janssens het nie gewaag toe die Britte by die see gedurende en na hulle landing met vrug aangeval kon word nie.

Janssens se gedrag gedurende die slag self, was onberispelik, maar oor die keuse van die slagveld kan baie kritiek teen hom uitgespreek word. Dit moet beslis as 'n fout beskou word dat hy besluit het om die groot oormag Britte met sy bont leër op die oop vlakte aan te durf. Hy het wel 'n oorwig in artillerie en kavallerie gehad wat hy op die vlakte kon gebruik het. Hy het geglo dat die Britse leër bestaan het uit onervare rekrute vir Indië en dat die geluk miskien aan sy kant kon wees. Hy kon ook werklik die Britte groot skade aangedoen het indien hy sy ongeveer 300 ruiters 'n flankaanval op die Britse infanterie laat doen het, die oomblik toe die Britte tot 'n bajonetstormloop oorgegaan het, maar op daardie oomblik het die Waldeckers gevlug. Selfs nadat die Kaapse infanterie retireer het kon die Kaapse kavallerie nog skade onder die Britte aangerig het.[119] Watter uitwerking kon so 'n aanval nie op die Britte gehad het terwyl hulle die probleem van 'n tekort aan water ondervind het nie!

Janssens het nie heeltemal onafhanklik die slagveld gekies nie, want hy was onderweg na die hoëgrond van Blou-

118. Cory, a.w., p. 146. Graham se verhaal.

119. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 36 - 37.

berg toe die slagveld deur die Britse aankoms op hom afgedwing is.[120] Verder moet in Janssens se guns bygevoeg word dat hy gedurende die slag self probeer het om die vlug van die Waldeckers te stuit en ook saam met die Franse en artilleriste laaste op die slagveld vertoef het.[121]

Na die geveg by Blouberg, kon Janssens ook soos sy voorgangers van 1795, na Kaapstad teruggekeer het en doodluiters aan die Britse oormag oorgegee het. Hy het egter na die Hottentots-Hollandberge vertrek om vandaar die oorlog met die oorblyfsels van sy gedemoraliseerde leër voort te sit en die toevoer van lewensmiddele na Kaapstad af te sny.[122]

In die Hottentots-Holland was Janssens se planne reeds tot mislukking gedoem, want eerstens het hy nie genoeg troepe gehad om ook die Rhoodezandkloof te bewaak nie, waardeur die Britte tweedens ook deur middel van hulle skepe agter Janssens se posisie kon kom. Janssens se troepe was reeds besig om te dros en verdere verset kon slegs die kolonie laat ly.[123]

Terwyl hy in die Hottentots-Holland was, het Janssens geen poging aangewend om meer burgers op te roep om hom verder te help nie, ten spyte van die feit dat Baird so

---

120. Ibid.

121. Kyk pp. 135 - 138 hierbo vir meer besonderhede.

122. Theal : History of S.A., a.w., p. 147.

123. Colvin, a.w., p. 193. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 57 - 59.

oortuig was van Janssens se sterk posisie dat hy Janssens baie gunstige vredesvoorwaardes aangebied het, net om die weerstand te beëindig.[124] Janssens het dus skynbaar met die voortgesette weerstand in die Hottentots-Holland niks meer beoog as om beter vredesvoorwaardes af te dwing nie.[125]

Janssens was miskien te gerus oor die gehalte van die Kaapse soldate, want sy oordeel oor hulle voor en na die slag kom nie ooreen nie.[126] Die Waldeckers byvoorbeeld, was baie ongelukkig aan die Kaap en het nie veel meer belangstelling in die geveg gehad as hulle salarisse nie. Hulle sou sekerlik in gedagte gehou het dat hulle voorgangers in 1795 deur die Britte in diens geneem is en baie van hulle het ook later by die Britte in diens getree.[127] Janssens self beweer dat hy allerlei stories verneem het dat hulle op die slagveld verraad sou pleeg, maar nogtans moes hy hulle noodgedwonge vertrou en op hulle staatmaak.[128] 'n Mens kan maar net wonder wat sou gebeur het indien die Waldeckers nie op die kritieke oomblik op die vlug geslaan het nie!

---

124. Lauts, a.w., pp. 168 - 169.

125. Theal : History of S.A., a.w., p. 147.

126. V.C. 80 : Bylae Y tot Janssens se rapport, pp. 299 - 302. Die Samestelling van die Troepe.

127. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 35.

128. V.C. 80 : Bylae Y tot Janssens se rapport, pp. 302 - 301a (sic!) Die Samestelling van die Troepe.

## b. Baird en die Britte

As ervare bevelvoerder en bekwame soldaat het Baird sy opdragte stiptelik en korrek uitgevoer. Getrou aan sy opdrag het hy die Kaap met behulp van sy groot oormag vinnig en doeltreffend binnegeval. Tog is daar ook 'n paar punte van kritiek teen hom in te bring.

Eerstens kon die mag wat by Saldanhabaai geland het, nadat hulle dienste nie meer as vooruitgeskowe mag benodig was nie, na Rhoodezandkloof weggedraai het waardeur Janssens miskien nie eers verdere oorweging aan Hottentots-Holland sou gegee het nie en gouer tot oorgawe gedwing kon gewees het.[129)]

Tweedens was die geluk aan Baird se kant toe hy besluit het om ten spyte van die woeste golwe met die landing voort te gaan. Indien die see ruwer geword het, kon die soldate op die land van voorrade afgesny gewees het.[130)]

Derdens kan Baird blameer word vir die tekort aan water na die slag en die feit dat hy nie spoedig na die landing die hoëgrond by Blouberg beset het nie. In laasgenoemde geval het hy op die vuurkrag van die skeepskanonne vertrou.

---

129. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 57 - 59.

130. Colvin, a.w., p. 189.

c. Samevattend

Janssens het die beste voorbereidings wat onder die omstandighede moontlik was, getref om die Kaap te verdedig, maar sy gebrek aan 'n groter aantal betroubare troepe, het sy taak feitlik onmoontlik gemaak. Aan die ander kant het die feit dat Baird die Kaap geken het en 'n sterk leër van veterane by hom gehad het, saam met Baird se vindingrykheid en deursettingsvermoë, die skaal van meet af aan te veel in die Britte se guns geswaai.

# HOOFSTUK V

# DIE VREDESONDERHANDELINGS

## 1. Die oorgawe van Kaapstad

### a. Die redes vir oorgawe

Na die rampspoedige afloop van die geveg by Blouberg, het Janssens besluit om nie Kaapstad te verdedig nie, maar om met sy gehawende leër na die voorbereide pos in die Hottentots-Hollandberge te vertrek, sodat die pad na Kaapstad daarna vir Baird oop gelê het.[1] Baird was nie in staat om dadelik vir Janssens te agtervolg of om nog op 8 Januarie Kaapstad te bereik nie, aangesien hy na die geveg sy eie probleme naamlik 'n skaarste aan water gepaard met die vermoeidheid van sy soldate ondervind het. Hy het dus slegs na Rietvlei verskuif en die volgende dag na Jan Biesieskraal en Soutrivier.[2]

In Kaapstad is ondertussen groot probleme ondervind want hoewel die graanoes met die aankoms van die Britte reeds besig was om na Kaapstad te vloei,[3] het Baird die toevoer daarvan by Soutrivier afgesny en was daar slegs lewensmiddele vir twee dae in die stad oor. Verder was daar ver te min soldate oor om die stad behoorlik te verdedig, veral omdat 'n gedeelte van diê wat beskikbaar was,

1. Kyk ook pp. 75 en 147 hierbo.
2. Kyk ook p. 144 hierbo en Bylae J van verhandeling.
3. Kyk ook p. 65 hierbo.

ook nog gebruik moes word om die interne rus te verseker weens die losbandige gedrag van die Waldeckers.[4]

Op 10 Januarie 1806 was daar vir die verdediging van Kaapstad 1286 man beskikbaar, waarvan 807 soldate was en die res offisiere en onderoffisiere. 'n Aantal van die soldate was afgedeel vir diens in Simonsbaai, Houtbaai en ander plekke. Die ontwapende Waldeckers is uitgesluit asook die Franse seesoldate, wat gedurende die aand van 10 Januarie in Kaapstad aangekom het, nadat die vredesooreenkoms reeds gesluit was.[5]

Die Kapenaars was ook van mening dat die Kaap na 'n Europese vrede moontlik weer aan die Bataafse Republiek teruggegee sou word. Hulle het dus besluit dat dit nodeloos sou wees om groot opofferinge, sonder veel hoop op sukses, daarvoor te maak. Die Britse vloot was reeds besig om nader te skuif en deur verlengde verset, kon hulle slegs die stad onnodig laat verwoes het. Daarom het hulle voorkeur gegee aan 'n eervolle ooreenkoms met die Britte en besluit om die laaste beskikbare kanonne ook na Janssens te stuur en dan met die Britte te onderhandel.[6]

---

4. Kyk pp. 142 - 143 hierbo.

5. V.C. 80 : Janssens se rapport, bylae A, pp. 432 - 433, die lys van troepe op 10.1.1806.

6. Von Prophalow se dagverhaal in die Kasteel, dd. 9.1.1806, V.C. 80, bylae Y tot Janssens se verslag, pp. 427 - 428. Ook V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 37 - 38.

b. Kaapstad nader die Britte

Toe die Kapenaars op 9 Januarie die Britse leër met sy oorweldigende oormag gelyktydig met die Britse vloot sien nader, het hulle haastig besluit om van die Britte 'n wapenstilstand van agt-en-veertig uur te vra, waartydens verder onderhandel kon word. T. Cambier en kapt. F. Schoester is onder beskerming van wit vlae na die Britse vloot en leër onderskeidelik gestuur.[7)]

Genl. Baird was onderweg na Soutrivier, waar hy met die Britse skepe in verbinding wou tree om 'n beleëringstrein saam met 'n hoeveelheid noodsaaklike voorrade, aan land te laat bring, toe hy naby Craig's Tower deur die afvaardiging ontmoet is.[8)] Popham, wat die ander versoek ontvang het, het sy hande vol gehad om daarna in die sterk wind aan land te kom.[9)]

Baird het daarop vir brig.-genl. Ferguson saam met lt.-kol. Brownrigg gestuur om te eis dat die Kaap se buitenste vestings, waaronder Fort Knokke, binne ses uur moes oorgee, anders sou hy die stad gedurende die nag stormenderhand inneem.[10)] Aan die stad self het hy ses-en-dertig

---

7. Von Prophalow se verhaal uit V.C. 80. Ook Baird aan Castlereagh, dd. 12.1.1806 uit Theal : Records V, pp. 273, en Sir Home Popham's Letter Book, p. 33.

8. Theal : History of S.A., a.w., p. 145.

9. Spilhaus, a.w., p. 387.

10. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 273. Ook V.C. 80, Von Prophalow se dagverhaal onder 9 Januarie; V.C. 58, Wilson's Account, pp. 37 - 38.

uur toegestaan om die voorlopige vredesreëlings te tref.[11] Hierdie dreigement van Baird het die gewenste uitwerking gehad en daardie aand reeds het die 59ste Regiment Fort Knokke en Craig's Tower oorgeneem.[12] Die Skotse Hooglanders is hierna na Wynberg gestuur, terwyl die res van die troepe die stad sou beset.[13] Dit was op hierdie tydstip dat brig.-genl. Beresford na geforseerde marse daarin geslaag het om Kaapstad vanaf Saldanha te bereik.[14]

c. Die ooreenkoms by Papendorp (Woodstock)

Voordat hy uit Brittanje vertrek het, het Baird opdrag ontvang om met verantwoordelike persone aan die Kaap in verbinding te tree, met die oog op onderhandelings waardeur 'n voordelige en toegeeflike vredesreëling toegestaan kan word. Wanneer hy dit bereik het, moes hy die titel van luitenant-goewerneur aanvaar en die siviele regering op hom neem. Die inwoners moes nie onnodig gesteur of hoegenaamd geplunder word nie en hy moes hulle toelaat om hulle private besittings, hulle gebruike en godsdiens te behou. Hy moes die vreemde soldate, die Franse soldate uitgesluit, probeer beweeg om in die Britse diens te tree of, indien hulle dit sou verkies in die diens van die Engels-Oos-In-

---

11. Theal : History of S.A., a.w., p. 145. Ook Cory, a.w., p. 147; Wilmot & Chase, a.w., p. 236.

12. Baird aan Castlereagh dd. 12.1.1806. (Theal : Records V, p. 273.) V.C. 80 : Von Prophalow se dagverhaal onder 9 Januarie.

13. Wilmot & Chase, a.w., p. 236.

14. Theal : History of S.A., a.w., p. 146. Ook Spilhaus, a.w., p. 387.

diese Kompanjie.[15]

Die ooreenkoms by Papendorp het ook hierdie gedagtes weerspieël. Ferguson het namens Baird opgetree en van die stad se kant was die onderhandelaar die goewermentsekretaris, J.A. Truter. Nadat hulle ooreengekom het, is die kapitulasie-ooreenkoms op 10 Januarie om 16h00 uur in 'n klein grasdak-geboutjie in Papendorp (nou Woodstock) in die nabyheid van Fort Knokke, deur kol. von Prophalow, genl. Baird en sir Home Popham onderteken, met J.A. Truter en John Palmer as getuies.[16]

Na die ondertekening van die ooreenkoms is 'n saluut van kanonskote gevuur, maar Baird wou uit meegevoel vir die verloorders nie toelaat dat die Britse volkslied gespeel word nie. Die soldate het die stad stil oorgeneem en die Kapenaars het nuuskierig saamgedrom om die skouspel te sien.[17]

### d. Inhoud van die Papendorp-ooreenkoms[18]

Volgens die ooreenkoms sou alle vyandelikhede tussen die soldate van Kaapstad en die Britte ophou die oomblik wanneer die ooreenkoms geteken sou wees. Die Kasteel en die forte sou onmiddellik in Britse hande oorgaan. Nadat

---

15. Cory, a.w., p. 147.

16. V.C. 80 : Von Prophalow se dagverhaal, 10 Januarie; V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 37 - 38.

17. Colvin, a.w., p. 195 en Laidler, a.w., p. 122.

18. Kyk Bylae B. Teks verkry uit V.C. 80, Bylae A uit Janssens se rapport.

die kapitulasie geteken was, moes die Bataafse troepe met volle krygseer uitmarsjeer, hulle wapens neerlê en krygsgevangenes word, terwyl die offisiere hulle wapens kon behou het. Offisiere wat inwoners van die kolonie was of met inwoners van die kolonie getroud was, of genoeg grond besit het om goeie inwoners te word, kon hier aanbly. Alle ander soldate sou op Britse koste na Europa vervoer word. Die Franse sou op gelyke voet met die garnisoen behandel word, maar alle Franse onderdane moes die land verlaat.

Die burgers wat aan die gevegte deelgeneem het, is toegelaat om na hulle plase en werkplekke terug te keer. Terwyl alle private eiendom deur die veroweraars geëerbiedig sou word, moes alle staatseiendom dadelik oorhandig word. Die burgers sou ook alle regte en voorregte, met inbegrip van godsdienstige gebruike, behou. Niemand sou gedwing word om in die Britte se diens te tree nie en die inwoners van Kaapstad is vrygestel van die inkwartiering van soldate in hulle huise.

Papiergeld sou in omloop bly totdat die Britse regering anders daaroor besluit, terwyl alle ander sake wat later mag opduik na die toekomstige regering van die kolonie verwys is. Laastens is bygevoeg dat die twee Nederlandse skepe wat in die baai gelê het en gesink is gedurende of na die onderhandelings, deur die verantwoordelike persone geberg en in goeie orde oorhandig moes word.

e. Die Britte neem Kaapstad oor

Die Franse afdeling wat Janssens na Kaapstad laat terugkeer het, het om Tafelberg gemarsjeer langs 'n roete wat vroeër as onmoontlik beskou is, die stad gedurende die nag ongemerk binnegegaan en die volgende oggend vrywillig aan die Britte oorgegee.[19]

Nadat die Britte Kaapstad oorgeneem het, moes die inwoners 'n eed van getrouheid aan die Britse Kroon aflê, waarna die gewone bedrywighede van die stad geleidelik weer begin vloei het. Die Britse bevelvoerders moes ook dadelik reëlings tref om die karige voedselvoorrade aan te vul deur vaartuie na St. Helena en Indië te stuur om voorrade koring en rys te gaan haal.[20]

2. Janssens se kapitulasie

a. Voortgesette weerstand

Met die verowering van Kaapstad het genl. Baird 'n groot deel van sy doel bereik, maar Janssens en die oorblyfsels van sy leër was nog vry in die binneland en kon, veral as hulp van oorsee af sou opdaag, vir Baird die wêreld nog moeilik gemaak het. Hoewel Janssens se leër nie sterk genoeg was om direk veel teen Baird se besettingsmag uit te rig nie, kon hy tog, deur te bly in die posisie waar hy was, die vyandelikhede laat voortduur en die voor-

---

19. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 38 - 39. Kyk p. 141 hierbo.
20. Cory, a.w., p. 147.

rade graan wat van oos van die Hottentots-Hollandberge na Kaapstad gekom het, onderskep. Verder kon hy heelwat van die plattelanders wat sy saak goedgesind was rondom hom vergader om die weerstand uit te rek.[21]

Baird het getoon dat hy Janssens se planne deeglik begryp en die feit dat hy dit nodig gevind het om daarteen op te tree, bewys dat hy Janssens se verset nog as beduidend genoeg beskou het; daarom het hy dadelik begin om strategiese plekke te beset. Op die 12de Januarie het hy vir Ferguson en die Skotse Hooglanders na Wynberg gestuur en die 59ste Regiment met nog 'n korps na Stellenbosch.[22] Vanaf Stellenbosch moes die belangrike deurgang by Rhoodezandkloof en die produktiewe gebied teen die Bataafse leër beskerm en onversteurde verbinding met die binneland verseker word.[23] Kapt. Carmichael is ook gestuur om die Paarl te gaan beset.[24]

Baird het ook begin voorbereidings tref om Janssens in sy vesting vas te keer en sodoende tot onderhandeling te dwing deur die skepe Raisonable, Belligerent en Protector met die 83ste Regiment na Valsbaai te stuur om gereed te wees vir gebeurlikhede,[25] terwyl nog 'n mag na Algoabaai gestuur is om Janssens van Kafferland, waarheen hy ge-

---

21. Cory, a.w., pp. 147 - 148. Kyk ook kaart in Bylae M.
22. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 39.
23. Spilhaus, a.w., p. 390.
24. Moodie, a.w., p. 184.
25. Popham aan kapt. van Raisonable dd. 14.1.1806 uit Sir Home Popham's Letter Book.

dreig het om terug te val, af te sny.[26] Om meer beweeglike afdelings teen Janssens se mag te kan gebruik, het Baird alle geskikte perde in Kaapstad en omgewing laat kommandeer deur middel van rekwisisies en hulle so gou as moontlik gereed gemaak vir diens op die platteland.[27]

b. <u>Baird en Janssens se proklamasies</u>

Op 11 Januarie 1806, na die verowering van Kaapstad, het Baird drie proklamasies uitgevaardig. In die eerste is die bewoners van die plattelandse distrikte gewaarsku om stil by hulle tuistes te bly. Hy het hulle verseker van Britse beskerming, maar hy het hulle ook gewaarsku dat daar streng opgetree sou word teen enigiemand wat by Janssens se troepe in die Hottentots-Holland aansluit of aan Janssens enige hulp verleen. Inwoners van Kaapstad en omgewing wat hulle nog by Janssens bevind het, is gedreig dat hulle eiendomme verbeurd verklaar kon word.[28]

In sy tweede proklamasie het Baird van die staatsdiensamptenare en leidende inwoners van Kaapstad verwag om 'n eed van getrouheid aan die Britse Kroon af te lê. In die derde proklamasie is W.S. van Ryneveld, 'n man wat bewys het dat hy 'n getroue aanhanger van die Britte was, as siviele hoofmagistraat aangestel in 'n poging om die siviele regering so spoedig as moontlik onder Baird se toesig weer

26. V.C. 58 : Wilson's Account, p. 39.

27. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 56.

28. C.O. 5802 : Oorspronklike Proklamasie. Ook V.C. 80 : pp. 367 - 370 : Bylae G tot Janssens se rapport.

aan die gang te kry.[29]

Ook nog op 11 Januarie het Baird vir Janssens eerste oor 'n moontlike onderhandeling genader en afskrifte van hierdie proklamasies, saam met 'n brief aan Janssens, aan Beresford by Stellenbosch gestuur. Beresford het sy eie begeleidende brief, waarin hy Janssens verwittig dat hy gemagtig was om met hom te onderhandel, bygevoeg en dit aan maj. Deane gegee om dit alles persoonlik aan Janssens te gaan oorhandig.[30]

In sy brief het Baird Janssens gekomplimenteer dat hy sy plig, soos dit 'n dapper man betaam, aan die hoof van 'n "gallant tho' feeble" leër nagekom het. Die Britte was egter nou in besit van die setel van die regering van die kolonie en het 'n besettingsleër met so 'n oormag gehad dat verdere weerstand geen doel meer kon dien nie. Die land kon daardeur slegs nodeloos vernietig word. Hy glo nie Janssens was begerig om dit aan die land te doen waaroor hy onlangs nog regeer het nie.[31]

In werklikheid was Baird baie gretig om vrede te sluit en om Janssens en sy troepe vanaf die Kaap na Europa weg te kry, voordat 'n Franse of Nederlandse of gekombineerde mag sou aankom, om Janssens te help. Hy was oortuig dat

---

29. Theal : History of S.A., a.w., pp. 146 - 147.

30. Spilhaus, a.w., p. 390.

31. Baird aan Janssens dd. 11.1.1806, uit V.C. 80 : pp. 379 - 381 : Bylae K tot Janssens se rapport. Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 44. Kyk ook Bylae C hierby.

Janssens hulp verwag het en Janssens se vertragende taktiek het hierdie vermoede ook bevestig. Sonder versterkings sou Janssens nie veel kon vermag nie, maar indien hy na die verre binneland sou retireer, kon hy die oorlog lank uitrek en die alreeds groot tekort aan voedselvoorrade verder vererger.[32)]

Op 13 Januarie om 16h00 uur het Janssens die twee boodskappe vanaf Baird en Beresford van maj. Deane ontvang.[33)] Janssens was baie versigtig om Deane nie te naby aan sy verdedigingstellings en soldate te laat kom nie, sodat hy nie te veel sou sien nie, en het hom persoonlik aan die voet van die kloof gaan ontmoet. Daarna het hy aan Baird laat weet dat hy tot anderkant die hoogste punt van die Hottentots-Hollandpas getrek het om by sy troepe aan te sluit. Hy sê dat hy maj. Deane onder by die voet van die kloof gaan ontmoet het omdat hy Deane die moeite wou spaar om na bo te klim. Omdat daar nie skryfmateriaal beskikbaar was nie, kon hy nie skriftelik op die boodskappe reageer nie.[34)]

Janssens het mondelings aan Baird geantwoord dat hy nie in die oordeel van sy regering geregverdig sou wees om die oorlog te beëindig, terwyl die Kaapse leër nog tot 'n vernietigende oorlog in staat was en dit nog moontlik was dat Nederland of Frankryk versterking sou stuur nie. Hy

32. Kyk Spilhaus, a.w., pp. 388 - 389.

33. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 45.

34. Janssens aan Baird dd. 16.1.1806 uit V.C. 80 : pp. 388 - 391 : Bylae O tot die rapport.

sou graag beter oor die gebeure in Kaapstad ingelig wou wees en versoek dat een van die gewese lede van die Bataafse regering aan die Kaap na hom gestuur word, ook om hom by te staan in sy oorwegings.[35] Baird het toegestem en J.A. Truter is vir dié doel aangewys en het ook die taak gekry om die voorlopige voorwaardes van die kapitulasie van Kaapstad na Janssens te neem.[36] Nadat hy weer skryfmateriaal byderhand gehad het, het Janssens aan Baird geskryf en die ontvangs van die kapitulasievoorwaardes van Kaapstad erken.[37]

Intussen is Janssens deeglik op hoogte gehou van die sterkte en bewegings van die Britse magte, netsoos hy vermoed het dat die Britte ook van syne bewus was, want maj. Deane kon selfs vir Janssens sê wat die sterkte van die Kaapse mag op daardie oomblik was.[38]

Janssens was bevrees dat Baird se proklamasie vir sy verdere planne die verkeerde uitwerking op die koloniste sou hê, daarom het hy dadelik op 13 Januarie met sy eie teen-proklamasie geantwoord.[39] Hy erken dat die setel van die Kaapse regering wel verower is, maar hy sê dat die Britte eers baas sou wees wanneer hulle die hele land verower het. Bowendien kon Kaapstad slegs vir homself kapitu-

---

35. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 45 - 46.
36. Spilhaus, a.w., p. 390
37. Ibid., p. 391.
38. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 45 en 50.
39. Ibid., p. 44. Ook V.C. 138 : Uittreksels uit Dokumente van Janssens, p. 116.

leer en nie vir die hele kolonie nie. Die koloniste wat in gebiede woon wat reeds deur die Britte verower was, kon nie deur die Bataafse regering beskerm word nie en hy vra ook nie van hulle gehoorsaamheid nie, maar die res was nog aan sy gesag onderworpe en dus ook gehoorsaamheid verskuldig.

Nogtans het Janssens die burgers wat nog by hom was en wie se grond in gebiede geleë was wat reeds deur die Britte beset was, huis toe laat gaan. Hieronder was verskeie burgerkavallerie kompanies van ritmeesters Wium, Morkel en Van Reenen. Die burgers wou hom nie graag verlaat nie, maar het tog later aandoenlik van hom afskeid geneem.[40)]

### c. Janssens raadpleeg sy offisiere

Janssens was verplig om sy posisie in heroorweging te neem en hy het op 14 Januarie slegs saam met 'n jong offisier die berg uitgeklim om te gaan peins oor moontlike optrede.[41)]

Die vooruitsigte het nie vir Janssens te rooskleurig gelyk nie. Sy soldate was reeds besig om te dros en daar was duidelike tekens dat dit nog sou vermeerder ook. Sy leër het nou bestaan uit 180 offisiere en manskappe van die 22ste Bataljon, 104 offisiere en manskappe van die 9de

---

40. Ibid., pp. 44 - 45. Ook pp. 371 - 376 van verslag : Bylae H, Proklamasie teen diè van Baird; Theal : History of S.A., a.w., p. 147; Spilhaus, a.w., p. 390.

41. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 47.

Bataljon Jagers, twee-en-vyftig man van Waldeck, 146 dragonders en 177 artilleriste - altesaam 695 man en 343 Hottentotte.[42] Op hierdie dag van sy oorpeinsing, 14 Januarie, moes Janssens selfs vir 2de lt. La Ruelle van die 22ste Bataljon, weens dronkenskap op die voorposte, wegjaag omdat daar geen kans was om die normale prosedure te volg nie.[43] Daar was uiteindelik 205 man vermis, die meeste waarvan na 25 Januarie gedros het.[44]

Janssens se troepe was reeds min in getal en die burgers wat nog by hom was het begin huis toe verlang. Hy moes ook erken dat Baird se proklamasie resultate begin lewer het. Daarby het hy berig ontvang dat die Britte besig was om perde deur rekwisisie te kommandeer om 'n sterk ruitery op te bou. So 'n berede mag kon slegs bedoel wees om teen hom op te tree.[45] Daar was nog voldoende voedsel vir die soldate, maar nie genoeg voer vir die perde nie en die soldate se klere was reeds in 'n haglike toestand.

Hy kon in elk geval nie al die baaie en passe en al die klimbare paadjies wat na sy posisie gelei het beskerm nie. Die Britte was reeds by Mosselbaai, terwyl die belangrike pas by Rhoodezandkloof ook reeds beset was, sodat die Britte hom nou moontlik ook van agter af sou kon aanval. Hy kon nog moontlik met 'n klein mag na die dieper

---

42. Theal : History of S.A., a.w., p. 149.

43. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 47.

44. Sterktelyste op 10.1.1806 uit V.C. 80, pp. 451 - 468, Bylae Z tot rapport.

45. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 39 - 40.

binneland gaan en dan 'n "Legioen van die Goewerneur" in die lewe roep waarmee hy die vyand lank kon besig hou, maar dan moes "genoegzaam nakende menschen geene kleeding vergen, en niet om denken zouden, dat zij vergaten wanneer betaalingsdag, wanneer het distributie uur was . . ."[46)]

Die boere sou hom moontlik help, maar hy sou aanhoudend van posisie moes verskuif om nie vasgekeer te word nie. Verder kon die gesinne van die manne by hom moontlik daaronder ly, want hulle sou al die tyd aan die genade van die vyand oorgelaat gewees het. Die Britte sou met hulle oorvloed aan middele ook maklik die Hottentotte kon omkoop om aan hulle kant te staan, met plundering en moord as die gevolge.[47)] Janssens het ook tekens gesien dat die binnelanders hom nie meer so heelhartig steun nie.[48)]

Janssens sou dus nou vinnig moes besluit wat hy verder gaan doen. J.A. Truter het op die 15de Januarie by Janssens aangekom en die oorgawe van die stad en die groot oormag van die vyand wat Baird in sy brief vermeld het bevestig. Janssens het nou besef dat hy die Britse oormag op 8 Januarie hopeloos onderskat het. Na sy oorpeinsing het Janssens besluit om eers sy offisiere oor die saak te raadpleeg en 'n konferensie van offisiere is op 15 Januarie in die Hottentots-Hollandkloof gehou om te besluit wat hulle verder te doen staan.[49)]

---

46. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 53.
47. Ibid., pp. 48 - 55.
48. Ibid., p. 69.
49. Ibid., pp. 56 - 58.

Kol. Henrij was die eerste om "een honorabele capitulatie" voor te stel, maar as dit nie aanvaar word nie, sou hulle die Generaal orals volg. Adj.-genl. Rancke was van mening dat indien 'n eervolle kapitulasie verkry kon word, moes hulle dit aanvaar, anders sou hulle "het uiterste moeten wagen." Ook lt.-kols. Le Sueur en Harting was ten gunste van 'n eervolle kapitulasie.[50] J. Deel, die Kommissaris van Oorlog, het gesê dat daar nog voorrade was vir een maand, terwyl die sekretaris, Dibbetz, gemeen het dat die Goewerneur reeds alles in sy vermoë gedoen het om 'n eervolle kapitulasie te verkry. Aangesien dit moontlik was dat die Kaap na 'n Europese vrede weer teruggegee sou word, moes nie onnodig mannekrag verspil word nie. Steffens en ander offisiere was van mening dat hulle andersinds alles moes waag.[51]

Die offisiere se advies was dus eenparig ten gunste van 'n eervolle verdrag. Janssens het hulle daarop gewys dat geen oorgawe maklik was nie. Hy stel dus voor dat hulle moes probeer om hulle wapens en eiendomme te behou en sonder om krygsgevangenes te word, 'n vrye oortog na Nederland probeer verkry. Hy sou met Beresford gaan onderhandel, maar hy sou hulle eers raadpleeg voordat enige besluit geneem word. Hierna is Truter gestuur om 'n samespreking met Beresford te gaan reël.[52]

---

50. Verbaal der konferentie gehouden den 15de Januarij, 1806, Hott. Holl. uit V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 384, bylae M.

51. Ibid., pp. 384 - 385.

52. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 58 - 60. Dit is opmerklik dat hulle almal blykbaar gevrees het vir 'n herhaling van die "eerlose capitulasie" van 1795.

### d. Die onderhandelings

Die konferensie tussen Janssens en Beresford het op 16 Januarie 1806 om 07h00 uur plaasgevind in die woning op die plaas Goedverwachting,[53] waar die paaie van Hottentots-Holland, Stellenbosch en Kaapstad by mekaar aansluit. Albei kante het die werklike stand van sake rondborstig erken. In antwoord op Janssens se versoek het die Britte egter 'n onvoorwaardelike oorgawe van alle wapens geëis. Janssens het slegs toegestem om later verdere voorwaardes na Stellenbosch te stuur, maar het weer eens 'n wapenstilstand van die hand gewys, aangesien hy gevoel het, dat dit die Britte die geleentheid sou gee om nader te kom.[54]

Hierna het die onderhandelings tussen Janssens en Beresford in alle erns begin met 'n brief van Janssens[55] waarin hy sy volle vertroue in die twee Britse bevelvoerders uitspreek. Hy voel dat die sterkste in 'n posisie is, om in die onderhandelings baie toe te gee, sonder om sy eer skade aan te doen. Hy laat nogtans deurskemer dat hy nog glad nie ontdaan was aan alle middele om die oorlog voort te sit nie, iets wat op daardie late stadium taamlik oordryf was.

In 'n verdere brief het Janssens voorgestel dat die Bataafse leër met alle bagasie en wapens na 'n plek moes

---

53. Mossop, a.w., pp. 65 - 66 en 68.

54. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 58 - 60.

55. Janssens aan Beresford dd. 16.1.1806 uit V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 391 - 393, Bylae P.

marsjeer wat aangewys moes word. Hulle moes alle besittings, hul eie, sowel as die van die staat, behou en selfs toegelaat word om dit met hulle saam te neem. Ander voorwaardes kon op 'n verdere konferensie vasgestel word.[56)]

Beresford was bereid om tot baie van die versoeke in te stem, maar hy het beklemtoon dat die wapens en alle staatsbesittings oorhandig moes word. Hy het aangebied om die troepe uit erkentlikheid vir hulle dapper gedrag reguit na Nederland te stuur. Hulle sou nie krygsgevangenes wees nie, maar hulle moes 'n belofte aflê dat hulle nie weer teen Brittanje of sy bondgenote sou dien voordat hulle in Nederland terug was nie. Hy het ook saamgestem dat verdere onderhandelings nie vertraag moes word nie.[57)]

Op die aand van die 16de om 18h00 uur is 'n verdere konferensie van Kaapse offisiere gehou. Hulle het daarop bly staan dat hulle die wapens wat hulle op 8 Januarie gedra het, wou behou.[58)] So sterk het hulle daaroor gevoel, dat Janssens aan Beresford die offisiere se besittings in ruil vir die wapens aangebied het. Hulle sou die ander besittings en die perde oorhandig en Janssens het selfs aangebied om self van die voordele uitgesluit te word.[59)]

---

56. Janssens aan Beresford dd. 16.1.1806 uit V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 394 - 395, Bylae Q.

57. Janssens aan Beresford dd. 16.1.1806 uit V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 396 - 397, Bylae R.

58. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 60 - 64. Ook Konferensie van Hollandse Offisiere op 16.1.1806, pp. 397 - 400, Bylae S tot rapport.

59. Janssens aan Beresford dd. 16.1.1806 uit V.C. 80 : pp. 400 - 404, Bylae T tot rapport.

Janssens se offisiere het self ernstig verskil oor die Britse voorwaardes. Die volgende oggend het hulle die vyand sien nader en 'n kamp opslaan. Hulle het ook verneem dat die Britte 'n kolonne na Franshoek gestuur het en skepe na die Breëriviermond. Janssens het sy troepe besoek en hulle vertel van die moontlike ooreenkoms, maar hy het hulle gewaarsku dat baie van hulle sal afhang. Hulle het hom van hulle trou verseker, maar hy kon aanvoel dat hulle wou hê hy moes die vredesvoorwaardes aanvaar.[60)]

Beresford het geantwoord dat Baird nie kon toelaat dat die wapens saamgeneem word nie aangesien sy soldate se eer ook op die spel was. Janssens se troepe moes in Simonsbaai vergader om vandaar verskeep te word. Die Hottentotte moes toegelaat word om, indien hulle dit sou verkies, by die Britte aan te sluit.[61)]

In die finale vredesonderhandelings het Janssens sy bes probeer om soveel as moontlik vir sy soldate te verkry. Baird wou hom so gou as moontlik van die Kaap af weg kry en was dus baie toegeeflik, maar hy wou nie oral toegee nie.[62)] Aan die ander kant wou Janssens nie maklik toegee dat hy nie in staat was om die oorlog voort te sit nie.

---

60. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 64 - 68.

61. Beresford aan Janssens dd. 17.1.1806 uit V.C. 80, pp. 404 - 407, Bylae Q tot rapport.

62. Spilhaus, a.w., pp. 391 - 393. Kyk ook p. 166 hierbo.

Aangesien dit vir die Britte begin voorkom het asof daar vir geruime tyd nog geen besluit sou kom nie, het die Britse troepe begin om na Janssens se posisie te beweeg; die 95ste en 72ste Regiment in die rigting van Tulbach, om deur die Rhoodezandkloof te trek om Janssens van agter by te kom, terwyl die 93ste Regiment reguit na Hottentots-Holland getrek het.[63)]

Die Britse troepebewegings het die gewenste uitwerking gehad, want hoewel Janssens baie oor die voorwaardes gekla het, was hy eindelik verplig om die, volgens hom, harde voorwaardes te aanvaar. Daar was egter daarna nog baie sake wat gereël moes word.[64)] Geen geveg het dus by Hottentots-Holland plaasgevind nie.[65)]

Dit is opmerklik hoe ridderlik die twee partye in die onderhandelings teenoor mekaar opgetree het. Reeds op 13 Januarie het Baird aan Castlereagh verklaar dat hy Janssens wou behandel "with generosity and distinction due to his character."[66)] Die finale voorwaardes van kapitulasie was dan ook geensinds onderdrukkend nie. Hierdie kenmerk was ook opmerklik in Baird se eerste brief aan Janssens,[67)] asook in al Janssens se briewe aan Beresford en Baird.

---

63. Cory, a.w., p. 149.

64. Janssens aan Beresford dd. 17.1.1806, uit V.C. 80, pp. 414 - 416, Bylae X tot rapport.

65. Snouckaert, a.w., p. 386.

66. Baird aan Castlereagh dd. 13.1.1806. (Theal : Records V. pp. 271 - 272.)

67. Spilhaus, a.w., p. 389.

e. Die vredesvoorwaardes en oorgawe

Die finale artikels van kapitulasie[68] is op 18 Januarie 1806 in die Hottentots-Holland, deur Janssens en Beresford, in teenwoordigheid van J.A. Truter en kapt. Smyth onderteken. Die voorwaardes is op 19 Januarie in die Kasteel deur sir David Baird en sir Home Popham afgerond en bevestig.[69]

In die vredesvoorwaardes is die beloftes wat gedurende die vredesonderhandelings in verband met private eiendom en die vervoer van Bataafse troepe na Nederland gemaak is, nagekom.[70] Die Kapenaars se versoek om staatsgoedere en die wapens wat hulle op 8 Januarie gedra het te behou, is dus nie toegestaan nie.

Die troepe, met inbegrip van die Hottentotte, sou binne drie dae met volle krygseer marsjeer na 'n plek wat aangewys sou word, waar hulle die wapens sou neerlê en dan huiswaarts sou keer. Later is Simonsbaai aangewys maar die troepe is eindelik tog na Kaapstad teruggeneem.

Janssens wou dat alle gevange gewondes ook nie as krygsgevangenes behandel sou word nie, maar Baird het 'n besluit daaroor vir homself gereserveer. Die Nederlandse offisiere

---

68. Kyk Bylae A en D hieronder, teks verkry uit V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 5 - 11. Kyk ook V.C. 80, Litt. D, p. 440, voorlopige- en finale vredesvoorwaardes in 444 - 450.

69. Theal : History of S.A., a.w., p. 148.

70. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 5 - 11. Kyk ook p. 174 hierbo.

en soldate sou tot hulle vertrek deur die Britse regering onderhou en betaal word, terwyl die siekes ook verpleeg en na herstel na Nederland gestuur sou word.

Omdat die platteland nie dieselfde fasiliteite as die stad gebied het nie, is daarvoor voorsiening gemaak dat soldate by burgers ingekwartier kon word, 'n reg wat die Bataafse regering ook altyd voorbehou het.

Janssens is toegelaat om 'n volledige rapport aan sy regering op te stel en Baird het belowe om hom daarin ook behulpsaam te wees, maar Baird wou nie instem om Hoogendorp se planne te steun nie en het dit aan die toekomstige regering van die kolonie oorgelaat, soos ook alle ander onopgeloste sake.

Fisher noem die kapitulasie die mees gekritiseerde, en seker tereg ook, want die Kapenaars (Nederlanders) het baie meer voordeel uit die voorwaardes verkry as wat normaalweg onder sulke omstandighede verwag kon word.[71)]

Op 20 Januarie het die Nederlandse troepe onder eskort van die Britse kavallerie die kloof verlaat en na 'n kamp naby Rondebosch gegaan, waar hulle hul wapens en perde afgegee het. Janssens is terug na sy gesin in Goewermentshuis, waar hulle gedurende sy afwesigheid gewag het, terwyl die offisiere in die stad gehuisves is totdat hulle verskeep kon word.[72)]

---

71. Fisher, R.B. : The importance of the Cape. Londen, 1816.

72. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 40 - 41. Ook Spilhaus, a.w., p. 393.

Janssens se verlengde verset was dus nie tevergeefs nie. Aangesien Baird gretig was om die stryd so spoedig as moontlik te beëindig, was hy gewillig om baie tegemoetkomend te wees. Hiervan het Janssens goed gebruik gemaak en hy het daarin geslaag om baie goeie voorwaardes te verkry : hulle sou nie krygsgevangenes wees nie, op Britse koste vervoer word en dieselfde behandeling as die Britse soldate kry, terwyl hulle ook nie na Brittanje nie, maar na Nederland geneem sou word.[73] Sodoende het Janssens verseker dat geen stigma van die "eerlose kapitulasie" van 1795 aan hom gekleef het nie.

Die toegeeflike houding van die Britte spruit miskien ook daaruit voort dat Baird opdrag gehad het om die koloniste nie onnodig te steur nie en plundering kon selfs met die dood gestraf word.[74]

### f. Janssens se probleme en laaste optrede

Nadat die kapitulasie afgehandel was, was daar vir Janssens nog verskeie probleme om eers op te los. Eerstens het die lede van die Politieke Raad, De Salis en Medebach, op 6 Januarie aan sekere persone byna £20 000 (R40 000) uit die krygskas gegee as vergoeding vir die verlies wat hulle sou ly, omdat hulle poste deur die verandering van bewind afgeskaf sou word, maar met die duidelike verstandhouding dat die geld teruggegee moes word indien die Britse ver-

---

73. Kyk inhoud van die vredesooreenkoms pp. 177 - 178 hierbo.

74. V.C. 58 : Wilson's Account, pp. 42 - 43. Kyk ook p. 160 hierbo.

oweringsmag verslaan sou word. Hoewel die transaksie geheim gehou is, is dit aan Baird meegedeel deur 'n slavin van J.A. Truter.[75] Baird het geëis dat die geld oorhandig moes word. Met groot moeite het Janssens daarin geslaag om die geld, behalwe £1 300 (R2 600) terug betaal te kry.[76]

'n Tweede probleem vir Janssens was die feit dat Von Prophalow nie daarin kon slaag om die persone wat verantwoordelik was vir die sink van die twee skepe in Tafelbaai te beweeg om die skepe te berg sodat hulle oorhandig kon word nie. Die twee skepe was ryk belaai met handelsware uit die Ooste en is gesink nadat Janssens na die Hottentots-Holland vertrek het en die inwoners reeds aangebied het om geen verdere weerstand te bied nie.[77] Baird het soms byna harde woorde teenoor die arme Janssens gebruik, maar ook dié saak is uiteindelik bevredigend afgehandel.[78]

Verder het baie Franse, wat almal krygsgevangenes moes word, tussen die Nederlandse soldate geskuil en het baie

---

75. Theal : History of S.A., a.w., pp. 149 - 150. Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 109 - 110. Hierdie slavin is nege jaar later vir haar hulp met haar vryheid beloon.

76. Theal : History of S.A., a.w., pp. 149 - 150. Ook V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 109 - 110 en V.C. 58 : Wilson's Account, p. 38. Wilson vind dit interessant dat die kolonie nooit deur die Moederland geldelik gesteun is nie maar dat so 'n bedrag nog oor was.

77. V.C. 80 : pp. 91 en 92, Bylae Litt. A en B tot Janssens se rapport; ook die rapport, pp. 45 - 53, en V.C. 58 : Wilson's Account, p. 38.

78. Theal : History of S.A., a.w., p. 150.

soldate ook na die Britte wegge loop.[79] Hieroor moes Janssens en Baird oor en weer by mekaar kla en Janssens het ook probleme ondervind met die betaling van sy soldate deur Baird.[80]

Voordat hy uit die kolonie vertrek het, het Janssens nog geleentheid gevind om die koloniste by Baird aan te beveel in 'n brief waarin hy sê : "Allow me, Sir, to recommend to your protection the inhabitants of this colony, whose happiness and welfare ever since I have been here were the chief objects of my care, and who conducted themselves during that period to my highest satisfaction. Give no credit in this respect to Mr. Barrow nor to the enemies of the inhabitants. They have their faults, but these are more than compensated for by good qualities. Through lenity, through marks of affection, and benevolence, they may be conducted to any good."[81]

g. <u>Janssens se vertrek</u>

Die gewonde offisiere is eindelik ook toegelaat om saam met Janssens te vertrek, omdat Baird se voorrade reeds gevaarlik min was en hy nie te veel krygsgevangenes aan die Kaap kon onderhou nie.[82] Op 6 Maart 1806 het Janssens en sy gesin, asook vier-en-negentig offisiere, 573 soldate,

---

79. V.C. 80 : Janssens se rapport, pp. 92 - 96.

80. Ibid., p. 113.

81. Janssens aan Baird, vertaal in Theal : History of S.A., a.w., p. 150.

82. Spilhaus, a.w., p. 394.

een-en-dertig amptenare, drie-en-vyftig vrouens en eweveel kinders die Kaap verlaat en na Nederland vertrek in sewe kartelskepe, terwyl Janssens self in die beste van die skepe, die Bellona, gereis het.[83)] Janssens en sy geselskap het op 4 Julie 1806 in Vlissingen, Nederland, aangekom.[84)]

Aan boord van die Bellona het Janssens tyd gevind om baie van die bylaes tot sy verslag te skryf en aan die Nederlandse regering te openbaar, wat hulle alles te doen staan, indien die Kaap later weer aan Nederland teruggegee sou word, hoewel hy sê dat hy in sy verslag reeds die onbewimpelde waarheid vertel het.[85)]

Baird het seker 'n sug van verligting geslaak toe die Nederlanders eindelik uit die Kaap weg was, want hier was die voorrade nou boomskraap. Voorrade moes selfs van Brittanje af aangevra word en op 26 Januarie het Baird gerapporteer dat hy skepe na Bengale stuur vir voedsel en in Maart weer dat skepe na Madras gestuur is vir rys en koring.[86)]

Skaars was die Nederlanders uit die Kaap weg, of dit het nodig geword om voor te berei vir 'n moontlike aanval deur 'n Franse vloot onder bevel van adm. Villeaumez. Nadat

---

83. Theal : History of S.A., a.w., p. 150.

84. V.C. 80 : Bylae tot Janssens se rapport, 4 Junie 1806.

85. Verhandeling omtrend het geenen gedaan behoord te worden . . . Aan Asiatiese Raad. V.C. 80, Bylae N tot rapport.

86. Spilhaus, a.w., p. 389.

hy egter verneem het dat die volksplanting reeds verower was, het hy sy koers verander en na Wes-Indië geseil.[87]

So het dan die tweede en laaste periode van die Nederlandse bewind aan die Kaap geëindig, want Brittanje het saam met die volke van Europa eindelik in 1814 daarin geslaag om Napoleon finaal te verslaan en die vrede in Europa te herstel. Op 13 Augustus 1814 was Nederland verplig om met die Traktaat van Londen, finaal van die Kaap afstand te doen.[88]

87. Wilmot & Chase, a.w., p. 237.

88. Van der Walt, Wiid en Geyer, a.w., p. 220.

# HOOFSTUK VI

## SLOT

Gedurende die Napoleontiese Oorloë is die strategiese belangrikheid van die Kaap as 'n halfwegstasie op die handelsroete na die Ooste, baie sterk benadruk. Dit was duidelik dat, wie die Kaap ookal besit, die handel met die Ooste kon oorheers. Hoewel die Kaap self geen ekonomiese belang besit het nie, kon hy as militêre tussen-stasie 'n baie belangrike rol speel vir die beskerming van die Britse besittings in die Ooste.

Nederland, aan wie die Kaap behoort het, was reeds lank nie meer 'n eersterangse moondheid nie. Die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie, wat vir Nederland groot skatte uit die Ooste vergader het, het in duie gestort en al hulle besittings het oorgegaan in die hande van die Nederlandse regering. As gevolg van Nederland se swakheid het Brittanje reeds in 1795 daarin geslaag om die Kaap te verower. Die Britte het, in die paar jaar wat hulle die Kaap besit het, nie alleen die Kaap goed leer ken nie, maar ook die waarde van die Kaap in verband met hul Oosterse besittings terdeë besef, sodat hulle die Kaap in 1803 slegs teruggegee het om hulle in staat te stel om met Napoleon vrede te sluit.

Napoleon kon Brittanje nie onderkry nie. Al Napoleon se planne in Europa het skipbreuk gely as gevolg van Brittanje se inmenging. Nogtans kon Napoleon Brittanje nie

binneval nie. Hy het daarom besluit om die slagaar van die Britse ekonomiese lewe, die handel met die Ooste af te sny. Hy kon nie daarin slaag om Indië deur Egipte te bereik nie en het verskeie kere daaraan gedink om 'n inval in Indië te gaan maak. Daarvoor sou hy die seeroete na die Ooste moes gebruik en was dit belangrik om óf die Kaap self te besit, óf om dit in Nederlandse hande te hou.

Die verswakte Nederland kon kwalik sy besittings in die Ooste verdedig en moes as die Bataafse Republiek, die meeste van sy geld en skepe in diens van sy bondgenoot Napoleon gebruik. Daar was dus nie veel sprake van 'n versterking aan die Kaap nie, inteendeel, die Kaap sou sy beste afdeling soldate aan Batawië moes afstaan. Batawië was vir Nederland baie belangriker as die Kaap.

Aan die Kaap moes die nuwe goewerneur, Janssens, probeer om plaaslik genoeg soldate te werf om die Kaap teen die Britte te verdedig, want die Vrede van Amiëns was uiteindelik slegs 'n wapenstilstand en Brittanje sou weer die Kaap kom verower. Janssens moes op die Burgers staatmaak, maar hulle moes hulle eie huis en haard verdedig en was nie baie geneig om vir die Bataafse Republiek te veg nie. Die Hottentotte was die enigste ander bron van soldate maar was ook as arbeiders op die plase benodig.

Die Kaapse regering sou op huurtroepe moes vertrou vir verdediging. Die 5de Bataljon van Waldeck was baie ongelukkig aan die Kaap en daar was sprake dat hulle vooraf met die Britte onderhandel het om nie in 'n geveg werk-

lik teen Brittanje te veg nie. Die 22ste Bataljon Infanterie was saamgestel uit rekrute wat oral in Europa gewerf was en het soos die Waldeckers, niks meer belang by die saak gehad as hulle salarisse nie.

Die Britte het vir Baird en Popham met 'n leër van 6 700 man na die Kaap gestuur om dit te verower. Hierdie twee manne was ou veterane wat die Kaap goed geken het en met veteraansoldate, aangevul met rekrute vir Indië, sou hulle nie veel moeite ondervind om hul taak uit te voer nie. Hul enigste vrees was dat die Kaap dalk Franse versterkings kon ontvang het. Dit was inderdaad ook so, want Janssens het 'n paar honderd Franse matrose en seesoldate van die gestrande Franse skepe Napoleon en Voluntaire tot sy beskikking gehad, maar nie die mate van versterking wat die Britte gevrees het nie.

Baird het vir Janssens aan die raai gehou oor sy werklike bedoelings deur eers landings te probeer by Bloubergstrand, Houtbaai en Kampsbaai en daarna 'n deel van sy mag na Saldanhabaai te stuur om vandaar as vooruitgeskowe mag op te tree. Janssens het dus nie geweet waar om te verdedig nie en was uiteindelik te laat om die Britte te keer om op Melkbosstrand te land. Daarmee het hy ook 'n gulde geleentheid om die Britte te keer, verspeel.

Ten spyte van die groot oormag van die vyand het Janssens nogeens 'n kans verspeel om die Britte te keer toe hy nie daarin kon slaag om die hoogtes van Blouberg voor die Britte te bereik nie. Die Britte het egter gedurende en

na die landing geskuil agter die vuurkrag van hulle skeeps-kanonne.

Dit wil voorkom asof Janssens die sowat 300 Burger-kavallerie, waarin hy 'n groot oorwig teenoor die Britte gehad het, nie reg aangewend het nie. Baie vrae van dié aard sal nooit beantwoord word nie, want die Waldeckers, op wie Janssens soveel gesteun het en later ook die 22ste Bataljon Infanterie, het voor die bajonetstormloop van die Skotse Hooglanders die wyk geneem. Die Burgers en Hottentotte het hulle op die slagveld knap gedra, soos ook die Franse, maar moes eindelik ook die slagveld verlaat. Baird het Kaapstad sonder slag of stoot verower en voorberei om Janssens te pak.

Janssens het na die Slag van Blouberg besluit om Kaap-stad op te offer en na die versterkte pos in die Hotten-tots-Hollandkloof terug te val, om vandaar die toevoer van lewensmiddele na Kaapstad af te sny, terwyl hy gewag het dat Franse of Nederlandse versterkings opdaag om die Kaap te herower. Geen hulp het betyds opgedaag nie en toe die Britte bewegings uitgevoer het om agter Janssens se posisie te probeer kom, het hy vredesonderhandelings aangeknoop. Aangesien Baird Janssens so gou as moontlik uit die Kaap wou wegkry, was hy baie toegeeflik. Die Franse vloot onder adm. Villeaumez wat opgedaag het om die Kaap te versterk, het verneem dat die kolonie reeds verower was en weer na Wes-Indië vertrek.

Baie van die Kapenaars het geglo dat die Kaap na 'n Europese vrede weer aan Nederland teruggegee sou word. Indien Brittanje die oorlog teen Napoleon verloor het, sou dit miskien selfs gebeur het, maar toe die volke van Europa gedurende 1814 - 1815 by Wenen vergader het om Europa te probeer herstel, was hierdie hoop ook verydel, want Napoleon was toe verslaan. Nederland was genoodsaak om met die Traktaat van Londen op 13 Augustus 1814 die Kaap vir die tweede en laaste maal aan Brittanje oor te dra.

Met die vredesreëlings na die val van Napoleon, moes Brittanje ook 'n bydrae lewer tot die skadeloosstelling van dié lande wat onder die Weense territoriale reëlings skade gely het. Aan Swede moes Brittanje £1 000 000 (R2 000 000) betaal as vergoeding vir die verlies van die eiland Goudeloupe wat aan Frankryk gegee is. Weens sy belang by die vereniging van Nederland en België, moes Brittanje ook 'n lening van £3 000 000 (R6 000 000) wat Rusland aan Nederland gemaak het, oorneem. Brittanje het ook belowe om £2 000 000 (R4 000 000) te spandeer om die Belgiese grens met Frankryk te versterk. Omdat Castlereagh geweet het dat hy beswaarlik by die Britse parlement sou verbykom met hierdie uitgawes, het hy voorgegee dat die Kaap, Essequibo, Demarary en Berbice vir £6 000 000 (R12 000 000) van Nederland gekoop is.[1] Baie geskiedskrywers het daarom geglo dat Brittanje die Kaap van Nederland gekoop het,[2] maar Nederland het nooit iets hiervan ontvang nie.

---

1. Scholtz, a.w., pp. 107 - 109. Kyk ook P.H. Muller : Het die Hollanders die Kaap verkoop? Amsterdam, 1932.

2. Moodie, a.w., p. 184. Ook G.W. Southgate : The British Empire. Londen, 1939, p. 141 en J.A. Williamson : A Short History of British Expansion. Deel II. Londen, 1953, p. 118.

# GERAADPLEEGDE BRONNE

## I. PRIMêRE BRONNE

### A. Ongepubliseerd

#### 1. Staatsargief, Kaapstad


**B.R. Bataafse Republiek, 1803 - 1806**

1 - 14 : Resoluties van die Politieke Raad.

56 : Verslag van Graankommissie.

75 - 76 : Janssens se briewe en toesprake. (Uittreksels)

140 : Proklamasies deur Janssens en De Mist.

149 : Proklamasies en Kennisgewings.

**B.O. British Occupation (Eerste Britse Besetting)**

**C.O. Colonial Office**

49/2 : Baird se rapport aan Castlereagh, 12.1.1806. (Mikrofilm).

Articles of Capitulation proposed by Von Prophalow.

Articles of Capitulation proposed by Janssens.

5802 : Baird se proklamasie op 11.1.1806.

**V.C. Verbatim Copies. (Woordelikse afskrifte deur G.M. Theal)**

V.C. 58 : Description of the Cape Colony in 1806, deur lt.-kol. Robert Wilson van die 20ste Ligte Dragonders.

V.C. 58 : Account of the Conquest of Cape Colony and Cape Memoranda 1805 - 1806, deur lt.-kol. Robert Wilson van die 20ste Ligte Dragonders.

V.C. 80 : Janssens se rapport oor die oorgawe van die Kaap aan Schimmelpenninck, 27.1.1806.

**V.C. 80 : Bylaes tot Janssens se rapport**

Bijlage A : Bataafsche Troupes in Zuid-Afrika, lijst der sterkte, 8.1.1806. (pp. 355 - 356)

Bijlage B : Bataafsche Troupes in Zuid-Africa, lijst der geblesseerde, vermiste krijgsgevangenen of dooden in de affaire op den 8ste Jani : 1806 in de Blauwbergsvlakte. (pp. 357 - 358)

Bijlage D : Naamlijst der geblesseerde officieren en gemeenen behoorende tot de Bataafse armèè aan de Kaap de Goede Hoop, buiten en in de hospital. (p. 361)

Bijlage P,Q,R,S,T, en X : Briefwisseling tussen Janssens en Beresford, 16.1.1806 - 17.1.1806. (pp. 391 - 416)

Bijlage Y : Dagverhaal van Von Prophalow in die Kasteel sedert 4.1.1806. (pp. 417 - 431)

Bijlage Z : Sterktelyste op 10.1.1806. (pp. 451 - 468)

Aanhangsel A : Bataafsche Troupes in Zuid-Africa, Lijst der sterkte, 8.1.1806. (pp. 355 - 356)

Litt. D : Voorlopige (pp. 440 - 444) en finale (pp. 444 - 450) artikels van kapitulasie.

Litt. T : Zamenstelling der Troepen aan boord Bellona, 30 Maart, 1806. (pp. 291 - 302)

V.C. 138 : Uittreksels uit die Dokumente van J.W. Janssens in Ryksargief, Den Haag (1806)

Bylae 109 : Verhandeling op Bellona, 18 Mei 1806.

Bylae A : Rouleerd over de tegenswoordige staat der Zaaken in de Volkplanting van de goede zijde beschouwd.

Bylae B : Onaangename Zaaken, Liesbeeckrivier, 7 Des. 1804.

Bylae C : Middele ter Verdeediging vereisch; Liesbeeckrivier 8 Des. 1804.

Memorie van den Gouverneur over de Middelen van defensie der Colonie. (Toespraak voor die Politieke Raad, 9.1.1805)

Janssens aan Asiatiese Raad, 10.4.1805.

Opgaaf van lyste in Januarie 1804.

Janssens aan Asiatiese Raad, 19.1.1804.

Janssens se teenproklamasie teen Baird, 13.1.1806.

## 2. Parlementêre Biblioteek, Kaapstad

Sir Home Popham's Letter Book, 1805 - 6.

### B. Gepubliseerd


Theal, G.M. : Records of the Cape Colony, from February 1803 to July 1806. Deel V. Kaapstad, 1899.

Naude, S.D. : Kaapse Ariefstukke. Kaapse Plakkaatboek. Deel VI. Kaapstad (Parow), 1951.


## II. Sekondêre Bronne


Barrow, J. : An Account of Travels into the Interior of Southern Africa. Deel II. Londen, 1804.

Boëseken, Anna J. : Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap. Argiefjaarboek, Kaapstad, 1944.

Boëseken, Anna J., Kruger, D.W. en Keiser, A. : Drie Eeue. Die verhaal van Ons Vaderland. Deel II. Die Trek uit die Kaapkolonie. Kaapstad, 1952.

Botha, C.G. : Place Names in the Cape Province. Kaapstad, 1926.

Campbell, C.T. : British South Africa. A History of the Colony of the Cape of Good Hope from its conquest in 1795 to the settlement of Albany by the British Emigration of 1819 (1795 - 1825). Kaapstad, 1897.

Cappon, J. : Britain's Title in South Africa or The Story of the Cape Colony to the days of the Great Trek. New York, 1901.

Colvin, I.D. : Romance of Empire, South Africa. Londen, 1909.

Cory, G.E. : The Rise of South Africa. Volume 1. From the earliest times to the year 1820. Kaapstad, 1965.

De Jongh, D. : Het Krijgswezen onder de Oostindische Compagnie. 'S-Gravenhage, 1950.

De Kiewiet, C.W. : A History of South Africa social and Economic. Oxford, 1941.

De Kock, W.J. : Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa gedaan in de Jaare 1803 door W.B.E. Paravicini di Capelli. Voorwoord deur Dr. de Kock. Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1965.

De Villiers, C.J. : Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795 - 1803. M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1967.

Egerton, H.E. : A Short History of British Colonial Policy 1606 - 1909. Londen, 1950.

Fisher, R.B. : The Importance of the Cape of Good Hope as a colony to Great Britain Independantly of the advantages it posesses as a Military Naval Station and Key to our Territorial Posessions in India. Londen, 1816.

Forbes, V.S. : Pioneer Travellers of Southern Africa 1750 - 1800. Kaapstad, 1965.

Gie, S.F.N. : Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons verlede. Deel II. 1795 - 1918. Stellenbosch, 1950.

Hattersley, A.F. : An Illustrated Social History of South Africa. Kaapstad, 1969.

Hoge, J. : Personalia of the Germans at the Cape 1652 - 1806. Argiefjaarboek, Kaapstad, 1946.

Idenburg, P.J. : De Kaap de Goede Hoop gedurende het Laaste Jaren van het Nederlandsch Bewind. Leiden, 1946.

Keppel-Jones, A. : South Africa, a Short History. Londen, 1963.

Laidler, P.W. : A Tavern of the Ocean. Kaapstad, 1952.

Lamprecht, F.G. : Die Bataafse Republiek aan die Kaap 1803 - 1806. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Africa, 1946.

Lauts, G. : Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche Volkplanting. 1652 - 1806. Amsterdam, 1854.

Lefebvre, G. : Napoleon from 18 Brumaire to Tilsit. 1799 - 1807 (Vertaal deur H.F. Stockhold). New York, 1969.

Le Roux, G.A. : Europese Oorloë en die Kaap (1652 - 1795). M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1941.

Marais, J.S. : The Cape Coloured People 1652 - 1937. Johannesburg, 1957.

Marshall, P.J. : Problems of Empire. Brittain and India 1757 - 1813. Londen, 1969.

Milo, T.H. : De Geheime onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken van 1795 - 1797. In verband met de Expeditie van Schout bij Nacht E. Lucas naar de Kaap de Goede Hoop. Den Helder, 1942.

Moodie, D.C.F. : The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers and the Zulus etc. in South Africa. Deel I. Kaapstad, 1888.

Moritz, E. : Die Deutschen am Kap unter Holländischen Herrschaft 1652 - 1806. Weimar, 1938.

Mossop, E.E. : Old Cape Highways. Kaapstad (Geen datum).

Mowat, R.B. : The Diplomacy of Napoleon. Londen, 1926.

Muller, C.F.J., e.a. : Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, 1969.

Muller, P.H. : Het die Hollanders die Kaap verkoop? Amsterdam, 1932.

Murray, A.H. : The Political Philosophy of J.A. de Mist. Commissioner-General at the Cape 1803 - 1805. Kaapstad. (Geen datum).

Nel, H.F. : Die Britse verowering van die Kaap in 1795. M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1967.

Prinz, J. : Das Wurttembergische Kapregiment 1786 - 1808. Die Tragödie einer Söldnerschar. Stuttgart, 1932.

Ras, Anna C. : Die Kasteel en ander vroeë Kaapse Vestingwerke 1652 - 1713. Kaapstad, 1959.

Rose, J. Holland : The Life of Napoleon I. Deel I. Londen, 1904.

Roux, P.E. : Die Geskiedenis van die Burger Kommando's in die Kaapkolonie (1652 - 1878). Drs. Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1946.

Scholtz, G.D. : Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek. 1652 - 1952. Johannesburg, 1954.

Snouckaert van Schauburg, A.C. : De Kaapkolonie in 1806. (Geen drukker of datum).

Southgate, G.W. : The British Empire. Londen, 1939.

Spilhaus, M.W. : South Africa in the Making 1652 - 1806. Kaapstad, 1966.

Stockenström, E. : Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel I. Die Plek van Suid-Afrika in die Algemene Geskiedenis 1700 - 1914. Stellenbosch, 1944.

Theal, G.M. : History of South Africa since September 1795. Deel I. Londen, 1908.

Trotter, Mev. A.F. : Old Cape Highways. A Cronicle of Her Men and Houses from 1652 - 1806. Westminister, 1903.

Turner, L.C.F. : The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1938.

Van der Merwe, J.P. : Die Kaap onder die Bataafse Republiek. 1803 - 1806. Amsterdam, 1926.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. : Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel I. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1951.

Van Houte, J.A., e.a. : Algemene Geschiedenis der Nederlanden. Deel IX. Omwenteling, Vereniging en Scheiding 1795 - 1840. Amsterdam, Brussel, Gent, Leuven, 1956.

Venter, P.J. : Landdros en Heemrade (1682 - 1827). Argiefjaarboek, Kaapstad, 1940.

Viljoen, P.J. : Barrow en die Kaapse Koloniste. M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1937.

Voigt, J.C. : Fifty years of the History of the Republic in South Africa (1795 - 1845). Deel I. Londen, 1899.

Walker, E.A. : The Cambridge History of the British Empire. Deel II, VIII. South Africa, Rhodesia and the High Commission Territories. Cambridge, 1963.

Williamson, J.A. : A Short History of British Expansion. The Modern Empire and Commonwealth. Deel II. Londen, 1953.

Wilmot, A. & Chase, J.C. : History of the Colony of the Cape of Good Hope from its discovery to the Year 1819. Kaapstad, 1869(?)

V.C. 80, Janssens se verslag, pp. 1-3

Zuid Afrika, en kaap de Goede Hoop den 27 Jan. 1806.
J.W. Janssens Bevelhebber der Bataafsche troupes uitgemaakt hebbende bezetting deezer volkplanting

aan

Zijn Exellentie de Hoog Edele Heer R.J. Schimmelpenninck Raadspensioenaris der Republiek.

Hoog Edele Heer.

De zielgrievendste te verbeelden verplichting heb ik te volbrengen, die van U Exellentie te moeten berichten dat de geheele volkplanting, voor een buitenspoorige overmacht der Britsche wapenen heeft moeten bukken.

Den 10e deezer heeft de hoofdplaats gecapituleerd, en moeten capituleeren, het geen ik den 18e daaraanvolgende, met de debrit van een geslagen gering corps d'armee, in het Hottentotsch Holland en gebergte, genooddrongen geweest ben te doen.

Afschriften van deeze capitulatie worden hierby gevoegt.

Mijn geweten zegt mij, dat ik mij niets te wijten hebbe.

Was de colonie met zoveele honderde brave, als de vijand duizend(e) had te behouden geweest zij zou behouden geworden zijn.

Mijn droefheid is boven mate en dit niet om mijn eggen ik; maar over de rampen die ons ongelukkig vaderland, zoo voorbeeldeloos drukken en zou het schijnt verpletteren moeten.

Ik ben zo vrij hiernevens een relaas te voegen, van de geheele toedragt van zaken, welke mischien niet zoals het is leggende voor het publiek geschikt is, maar en dit zo als, en alle andere zaken, heb ik vermeend de hoogste Magt, in het vaderland, zo juist het mij denkelijk is, te moeten onderrichten.

Op een gedeelte na hebben de troupes en alle burgers zich

zodanig gedraagen, dat zij een betere lot verdiend hadden, als dat van overwonnen te zijn.

De vrijheid neemde mij eerbiedigst aan het relaas te refereeren, heb ik de eer met onwrikbaar aankleeven, aan mijn rampzalig vaderland mij met diepe veneratie ter onderschrijven van U E. Exellentie (onderstond) de onderdanigste en zeer gehoorzame dienaar

(was geteken) J.W. Janssens.

PRELIMINAIRE ARTIKELEN van verdrag aangegaan tusschen den Brigadier-Generaal in de armee van Zijne Groot-Brittanische Majesteit, Ferguson, uit naam van den Major-Generaal Sir David Baird Commanderende en Chef, Generaal armee, ter eene en Den Commandant van de Stad en Citadel de Kaap de Goede Hoop de Luitenant-General Hieronymus Casimirus Baron van Prophalow ter andere zijde.

1.

Van dit oogenblik zullen alle hostiliteiten tusschen de troepes van Z.G.B. Majesteit en de Stat en Citadel van de Kaap ophouden, tot dat de finale Capitulatie zal geteekend zijn.

2.

Deze tijd tot het teekenen de finale Capitulatie zal gerekend worden aanvang te nemen heden na den middag te drie ure en op morgen na den middag te drie ure eindigen.

3.

De Generaal Sir David Baird zal standen aan, met een Bataillon van de troepes onder Zijn bevel, bezit nemen van het Fort Craighstower en Centre Redoute, in den staat, waarin zij zich tegenwoordig bevinden, zullende het volk de vrijheid hebben, om, bij het in bezit nemen van deze werken naar de Citadel terug te trekken.

4.

Het garnisoen zal, na het teeken der Capitulatie, uit marcheren met alle militaire honneurs. De Officieren zullen hunne wapenen behouden en op hun woord van eer, of in de Colonie mogen verblijven of elders heen zich begeven, mits voor hunne uitwisseling niet dienende tegen Zijne G.B. Majesteit.

5.

Tot het Garnisoen zullen gerekend worden te behooren alle reguliere troepes, zullen alle anderen die de wapens gedragen hebben, worden geconsidereerd als ingezetenen en tot dien stand onverlet en zonder eenige consequentie terugkeeren.

6.

Wat getreft het onderhoud der reguliere troepes consenteert de partij ter eenre al't geen gebruikelijk is in alle dergelijke gevallen op de liberaalste voorwaarden; - zullende de krijgsgevangenen die het verkiezen, ten koste van Zijne G.B. Majesteit naar Holland worden getransporteerd, en degenen die zulks verkiezen zullen hier mogen verblijven.

7.

Alle particuliere eigendommen hoe ook genaamd zoo aand civiele en militaire Dienaren van die Gouvernement als aan burgers en ingezeten behoorende zullen vrij en ongemolesteerd zijn.

8.

De ingezetenen van die Stad en omtrek onder de Capitulatie begrepen, zullen hunne regten en voorregten blijven behouden, zoodanig als zij dezelve thans genieten zonder verandering.

9.

Niemand behoordende deze Capitulatie zal tot den dienste van Zijne G.B. Majesteit worden geprest of tegen zijn eigen vrije wil geëngageerd.

10.

De ingezetenen van Kaapstad zullen vrij zijn van het inkwartieren van troepes.

11.

Alle overige zaken betrekkelijk de stad en den omtrek derzelve, inzonderheid omtrent het papieren-geld zullen met de opperbevelhebbers worden gearrangeerd.

Aldus gedaan in het Kasteel de Goede Hoop den 9 den Januarij, 1806.

H.C. Baron van PROPHALOW.
R.C. Ferguson, Brig. Generaal.
Truter, Secretaris.

V.C. 80, Janssens se verslag, pp. 378 - 381, Bylae K.
Baird aan Janssens in die Hottentots-Holland, 11.1.1806.

Cape Town,
January 11th, 1806.

Sir,

You have discharged your duty to your Country as become a brave Man at the head of a gallant tho' feeble Army. I know how to respect the high qualities of such a Man, and do not doubt that that Humanity which ever characterizes an intrepid Soldier will now operate in your Breast to check the fatal consequences of futile contest. The Naval and Military forces of his Britanic Majesty which have posessed themselves of the Seat of your recent Government are of a magnitude to leave no question respecting the Issue of further hostilities; and therefore a temporary and disastrous resistance is all you can possibly oppose to their superior numbers. Under these circumstances nothing can result but the devastation of the Colony you casually occupy, and such a consequence can never be contemplated without anguish by a generous Mind, or be gratifying to the Man who feels for the proserity and tranquillity of the Colony lately subject to his Administration. But if unhappily your resolution is formed to oppose an Enemy of such superior Force, by protracting a Contest which must entrail Misery and Ruin on the industrious and peacebly disposed Settlers of this Colony, I shall be exonerated from the reproach of my Conscience by this frank Overture, and you must justify to yourself and your Countrymen the further Effusion of Blood and the desolation of the Country. You are necessarily so well acquainted with the extent of Calamities in which the interior of the Country may be involved, that I shall not enlarge upon your power of causing mischief to be done to all its Inhabitants; but I persuade myself that Considerations of a more laudable nature will influence your decision on this occasion, and that you will manifest an immediate disposition to promote a general Tranquillity. I have the honour to subscribe with Sentiments of the highest respect and consideration,

Sir, etc.
(Signed) D. Baird.

V.C. 80, Janssens se rapport, pp. 5 - 11

Articulen van Capitulatie voorgesteld bij den Gouverneur en Generaal en chef over de colonie de Caap de Goede Hoop, en de ressorte van dien
J.W. Janssens
aan
den Brigadier Generaal Beresford, wettig geauthoriseerd door den Major Generaal Sir David Baird en den commandore Sir Home Popham commanderende de land en zeemagt van Zijn Groot Brittanische Majesteid.

1.

Zodra deeze capitulatie zal getekend zijn, zal de gansche colonie van de Kaap de Goede Hoop met den ressorte van dien, benevens alle rechten en voorrechten, welke het Bataafsche Gouvernement heeft bezeten, aan Zijne Groot Brittanische Majesteid, worden overgegeven.

Agreed to.

2.

Het Bataafsche corps d'armee zal met alle bagage, wapens enz. mogen treken naar een nader aan te wijzen plaats, alles behouden, zo wel het geen aan den Staat, als aan de individus behoord, en er vrijelijk over kunnen beschikken, dal wel des verkiezende mede voeren.

The Batavian Troops shall march from their present camps, within three days or sooner, if convenient, with their guns, arms and baggage, and with all the honors of war, to Simonstown. They shall retain all private property, and the officers their swords and horses. But their arms, treasure and all public property of every description, together, with the cavalry and

artillery horses, must be delivered up, in consideration however of their Gallant conduct the troops will be embarked straight for Holland at the expense of the British Government and shall not be considered as prisoners of war, the(y) engaging not to serve against his Brittanic Majesty or his allies, till they have been landed in Holland.

3.

The Hottentot soldiers are to march to Simons Town as the other troops, after which either be allowed to return into the country, or be engaged, in the British service, as they think proper.

Het bataillon ligte Hollandsche infanterij zal met het overige gedeelte van het corps d'armee naar de aan te wijzene plaats marcheeren, en als dan door den Gouverneur en Generaal worden gelicensieerd, om naar hunne gewoone verblijf terug te keren.

4.

The persons being already prisoners of war any decision respecting them can only belong to the British commander in chief.

Onder deeze capitulatie zullen begreepen zijn alle militaire, tot het corps d'armee behoorende, welke op het slagveld zijn geblesseerd, en het corps d'armee niet hebben kunnen volgen, als zijnde in de hande van de Engelsche gevallen.

5.

Agreed to.

De Officieren zoo wel als de gemeene militaire behoorende tot de corps d'armee, zullen tot den tijd van hun vertrek, door het Engelsch Gouvernement worden onderhouden.

6.

De troupes zullen worden overgebragt, naar zodanige plaats van de Bataafsche Republiek, als de Generaal Janssens nader zal opgeeven.

The troops in answer to the second article shall be sent to some port in Holland.

7.

De zieken van het corps d'armee, welke niet kunnen worden verzonden, zullen op kosten van Zijn Groot Brittanische Majesteid worden verpleegd, en naar hun herstel mede worden verzonden.

Agreed to.

8.

De troupes zullen aan boord naar derzelver rang zodanig worden gelogeerd en onderhouden, als 't zij naar Engelsch, 't zij naar Hollandsch gebruik, het voordeligste voor de troupes zijn zal.

Agreed to with the exception of not quartering troops the country not having the same ressources, as the town and this right having been always an appendage, to the Batavian Government.

9.

De Generaal Janssens zal een rapport van zijne verrichtingen, aan zijn Gouvernement mogen zenden, hierin zal Britsch bevelhebber hem behulpzaam zijn.

Agreed to.

10.

De Baron van Hoogendorp immence kosten gemaakt hebbende, tot het in werking brengen zijner plans van agriculture enzo. in deeze colonie, zal door het Engelsch Gouvernement in de uitvoering van deeze zijne plans worden

This article must be left entirely to the descretion of the future British Governor or Commanders.

gemainteerd en ondersteund, en zal hetzelve Gouvernment, aan hem van Hoogendorp, alle zodanige rechten en voorrechten vergunnen, als uit de retroacten van het Hollandsch Gouvernement, aan de Caap zal blijken, dat hetzelve voorneemens is, aan hem te accordeeren.

11.

If any doubt should arise, to any article contained in this capitulation, it shall be decided according to what shall appear to be just, and honourable; without a preference to either party.

Indien in deeze capitulatie iets dubbelzinnigs mogt voorkomen, zal zulks ter goeder trouwe, ten voordeele der Bataafsche belangen worden beslischt.

(Onderstond) Gegeeven onder onze handen zeguls op 't Hottentots Holland den 18 e dag van Januarij, in het jaar Een Duizend achthonderd en ses (lager).

(Was getekend) J.W. Janssens.
W.C. Beresford en Br Gen:
Ook R. de Klerk Dibbetz, J.A. Truter en J.C. Smyth.

**BYLAE A.** Bataafsche Troupes in Zuid Africa.[1)]

Lyst der sterkte zo als die corpsen zich bevonden by het uittrekken op den 8 ste Janu, 1806, by de affaire in de Blauwbergs vlakte.

| CORPSEN | Collonels | Luitenant Collonels | Majors | Adjudanten | Tambour Majors | Capiteins | Eerste Luitenants | Tweede Luitenants | Sergeant Majors, Opperwachtmeesters le Bombardiers | Sergeanten wachmeesters en bombardiers | Touriers | Corporaals | Cadetten | Tambours hoornblaazers en trompetters | Soldaaten | Train officieren | Commandeurs | Canonwagenryders | Paarden | Howitzers | Veldgeschut | Caisfons | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22 ste Batt on Infanterie van lignie | | 1 | | 1 | | 4 | 6 | 7 | 5 | 17 | 5 | 32 | 7 | 11 | 262 | | | | | | | | 358 |
| 5 de Batt on van Waldeck | 1 | | | 1 | 1 | 5 | 9 | 10 | 6 | 18 | 6 | 41 | | 12 | 202 | | | | | | | | 312 |
| Batt on Hottent n ligte infanterie | | 1 | | 1 | | 2 | 1 | | 2 | 3 | 1 | 8 | | 3 | 159 | | | | | | | | 181 |
| Marain Francaise | 1 | | | 1 | | 2 | 4 | 4 | 3 | 7 | 4 | 18 | 3 | 6 | 187 | | | | | | | | 240 |
| 9 de Batt on Jagers | | | | 1 | 1 | 1 | 4 | 3 | 3 | 11 | 3 | 19 | 2 | 10 | 144 | | | | | | | | 202 |
| Jagers van Waldeck | | | | | | | 1 | 1 | | 4 | 1 | 7 | 1 | 2 | 65 | | | | | | | | 82 |
| 5 de Batt on Artillerie | | | | | | 4 | 2 | 3 | 1 | 12 | 2 | 10 | 2 | 3 | 102 | | | | | 2 | 6 | 8 | 141 |
| Javaansche Ligte Artillerie | | | | | | | 1 | | | 3 | | 6 | | 1 | 43 | | | | | | 6 | 3 | 54 |
| Rydende Artillerie | | | | | | | | 1 | | 1 | | 2 | | 1 | 14 | | | | 19 | | 2 | 2 | 19 |
| Burger Cavallerie | | | | | | 4 | 3 | 4 | 4 | 16 | 3 | 12 | | 4 | 174 | | | | 224 | | | | 224 |
| Esquadron ligte Dragonders | | 1 | | 1 | | 2 | 1 | 2 | 2 | 6 | 2 | 13 | | 3 | 105 | | | | 138 | | | | 138 |
| TOTAAL | 2 | 3 | | 6 | 2 | 24 | 32 | 35 | 26 | 98 | 27 | 168 | 15 | 56 | 1457 | | | | 381 | 2 | 14 | 13 | 1951 |

Lyst der sterkte van de Artillerie Train zo als dezelve zich bevond op de 8 ste Janu, 1806 by de affaire in de Blaauwbergs vlakte.

| | Train officieren | Commandeurs | Canonwagenryders | Paarden |
|---|---|---|---|---|
| Artillerie Train | 2 | 8 | 94 | 149 |

1. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 355.

Bijlage B. Bataafsche Trouppes in Zuid Africa.[1] BYLAE F

Lijst der geblesseerden, vermiste krygsgevangenen of dooden op den 8 ste Janu, 1806 in de Blauwbergs vlakte.

| CORPSEN | Collonels | Luitenant Collonels | Majors | Adjudanten | Tambour Majors | Capiteins | 1 e Luitenants | 2 e Luitenants | Sergeant Majors, Opperwachtmeesters en 1 e Bomb drs | Sergeanten, Wachtmeesters en Bombardiers | Touriers | Corporaals | Cadetten | Tambours, Hoornblaazers Trompetters | Soldaaten | Train Officieren | Commandeurs | Canon en wagenryders | Paarden | (TOTAAL) Bygevoeg |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22 ste Batt on infanterie van lignie | | | | | | 1 | 1 | | | 6 | 3 | 6 | 1 | 2 | 83 | | | | | 103 |
| 5 de Batt on van Waldeck | De battaillon heeft geene opgave kunnen doen uit hoofde dat het van het slagvled van de armee is weggezonden | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Batt on Hott. ligte infanterie | | | | | | | | | | | | | | | 17 | | | | | 17 |
| Marin Francaise | | | | 1 | | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | | | | | 102 | | | | | 110 |
| 9 de Batt on Jagers | | | | | 1 | | | | 1 | 1 | 1 | 2 | | 2 | 35 | | | | | 43 |
| Jagers van Waldeck | | | | | | | | | | | | | | | 18 | | | | | 18 |
| 5 de Batt on Artillerie | | | | | | 2 | | | | 2 | | 1 | | | 13 | | | | 2 | 18 |
| Javaansche ligte artillerie te voet | | | | | | | 1 | | | 1 | | | | | 8 | | | | | 10 |
| Rydende Artillerie | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Burger Cavallerie | | | | | | | | | | | | | | | 4 | | | | | 4 |
| Esquadron ligte dragonders | | | | | | 1 | | | | | | 2 | | | 3 | | | | | 6 |
| Artillerie Train | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 | 6 | 16 | 8 |
| TOTAAL | | | | 1 | 1 | 5 | 5 | 1 | 2 | 11 | 4 | 11 | 1 | 4 | 283 | | 2 | 6 | 18 | 337 |

1. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 357.

Bijlage C. Bataafsche Trouppes in Zuid Afrika.[1)]

Lijst der Trouppes later tegenwoordig.

| CORPSEN | Collonels | Luitenant Collonels | Majors | Adjudanten | Tambour Majors | Capiteins | 1 e Luitenants | 2 e Luitenants | Sergeant Majors Opperwachtmeesters 1 e Bombardiers | Sergeanten Wachtmeesters Bombardiers | Touriers | Corporaals | Cadetten | Tambours, Hoornblaazers, Trompetters | Soldaaten | Paarden | TOTAAL (Soldate) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22 ste Batt on infanterie van lignie | | 1 | | 1 | | 3 | 5 | 6 | 5 | 11 | 2 | 26 | 6 | 9 | 179 | | 254 |
| 5 de Batt on van Waldeck | Geen opgave | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Batt on Hott. ligte infanterie | | 1 | | 1 | | 2 | 1 | | 2 | 2 | 1 | 8 | | 3 | 142 | | 163 |
| Marin Francaise | 1 | | | | | 2 | | 4 | 2 | 2 | 3 | 18 | 3 | 6 | 85 | | 130 |
| 9 de Batt on Jagers | | | | 1 | | 1 | 4 | 3 | 2 | 10 | 2 | 17 | 2 | 8 | 109 | | 159 |
| Jagers van Waldeck | | | | | | | 1 | 1 | | 4 | 1 | 7 | 1 | 2 | 47 | | 64 |
| 5 de Batt on Artillerie | | | | | | 2 | 2 | 3 | 1 | 10 | 2 | 9 | 2 | 2 | 89 | | 122 |
| Javaansche ligte artillerie | | | | | | | | | | 2 | | 6 | | 1 | 35 | | 44 |
| Rydende Artillerie | | | | | | | | 1 | | 1 | | 2 | | 1 | 14 | 19 | 19 |
| Burger Cavallerie | | | | | | 4 | 3 | 4 | 4 | 16 | 3 | 12 | | 4 | 170 | 220 | 220 |
| Esquadron ligte dragonders | | 1 | | 1 | | 1 | 1 | 2 | 2 | 8 | 2 | 11 | | 2 | 102 | 133 | 133 |
| TOTAAL | 1 | 3 | | 4 | | 15 | 17 | 24 | 18 | 70 | 16 | 116 | 14 | 38 | 972 | 372 | 1308 |

1. V.C. 80 : Janssens se rapport, p. 359.

Bijlage D.[1] 

Naamlyst der geblesseerde officieren en gemeenen behoorende tot de Bataafsche armée aan de Kaap de Goede Hoop, buiten en in de hospitaal


| Qualiteit en Charges | Naamen | Getal | Corpsen | Battaillons |
|---|---|---|---|---|
| Ritmeester & aide de camp | Verkouteren | 1 | Esquadron Ligte Dragonders | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 2 | | |
| Capitein | Steffens | 1 | Artillerie | 5 de |
| " | Mossel | 1 | | |
| 1 ste Luitenant | Madlener | 1 | | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 5 | | |
| Capitein | Muller | 1 | Waldeck | 5 de |
| 2 de Luitenant | Rees | 1 | | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 35 | | |
| Capitein | Domis | 1 | Infanterie van lignie | 22 ste |
| 1 ste Luitenant | Goldstein | 1 | | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 23 | | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 13 | Jagers | 9 de |
| Onderofficiers en gemeenen | | 11 | Ligte infanterie | Hottentotten |
| Onderofficiers en gemeenen | | 5 | Artillerie | Javaansche |
| Capitein | Martenet | 1 | Marin Francaise | |
| 1 ste Luitenant | Dubelloi | 1 | | |
| " | Duraune | 1 | | |
| 2 de Luitenant | Guereit | 1 | | |
| Adjudant | Fleurier | 1 | | |
| Onderofficiers en gemeenen | | 27 | | |
| | Totaal | 134 | | |

(w.g) A. Godier. Controleur.

1. V.C. 80 ; Janssens se rapport, p. 361.

## DIE SLAG VAN BLOUBERG


Voorstelling van die ontplooiing van die twee leërs en 'n diagramatiese vergelyking van die getalle van die twee leërs.





<u>Totale</u> :


Britte - 4 500 (+ 500 matrose)

Kapenaars - 1951 (+ 94 Artilleriste)



MELKBOSSTRAND
(LOSPERDSBAAI)
N
GROOTBERG
BLOUBERG
KLEINBERG
SLAG VAN BLOUBERG
BLOUBERGSTRAND
ROBBENEILAND
DIEPRIVIER
RIETVLEI
a MOUILLE
b AMSTERDAM
c CHAVONNES
d KASTEEL
e FORT KNOKKE
f CRAIG'S TOWER
g DRIEANKERBAAI
SOUTRIVIER
TAFELBAAI
a
b
c
d
e
f
g
LEEUKOP
KAAPSTAD
LIESBEECKRIVIER
SWARTRIVIER
VYEKRAALRIVIER
TAFELBERG




TWEE MOONTLIKE ROETES VIR JANSSENS OM BRITTE AAN TE VAL




BEWEGING VAN DIE BRITTE GEDURENDE DIE SLAG





DIE TWEE PASSE NA DIE BINNELAND

*a.* The troops attempted to land here on the 5th January, but the surf was too high.
*b.* Losperd's Bay, where the troops landed 6th of January.
*c.* The Marines of the squadron landed here with two field-pieces on the 8th January.
*d.* Where squadron obliged enemy to move encampment.
*e.* Where flag of truce came off.
*N.B.*—The figures opposite Losperd's Bay shew the position of the squadron when covering the landing of the troops—

1. *Diadem* 3. *Protector*
2. *Leda* 4. *Encounter.*

## TABLE BAY WITH THE ROAD OF THE CAPE OF GOOD HOPE.




(As attached to report of Commodore Sir Home Popham.)

William Clowes & Son, Limited, London

BYLAE N